DIE GESKIEDENIS VAN WYNBOU EN WYNHANDEL IN DIE KAAPKOLONIE, 1753 - 1795

deur

G.J. JOOSTE.

Skripsie ingelewer vir die graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.

31 Oktober 1973.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOORWOORD

Die eerste honderd jaar van die geskiedenis van die wynbou en wynhandel is in 1930 deur J.I.J. van Rensburg beskryf vir 'n M.A.-skripsie getitel "Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste Eeu, 1652 - 1752." Daarna het 'n geruime tyd verloop voordat 'n tweede verhandeling i.v.m. die wynbou en wynhandel die lig gesien het. Dit is deur G.J. Krause geskryf en in 1955 as 'n M.A.-skripsie aangebied onder die opskrif: "Drankpaqte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap."

Hierdie twee verhandelinge gee 'n uitvoerige uiteensetting van die ontstaan en ontwikkeling van die wynbou en wynhandel gedurende die eerste honderd jaar van die volksplanting. Hieruit het onder meer geblyk dat die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie spoedig, soos ook in alle ander vertakkings van die landbou gebeur het, 'n streng beheer uitgeoefen het.

Hierdie beheer is na 1752 geleidelik deur die Kompanjie verminder, maar nooit opgehef nie. 'n Belangrike rede hiervoor was dat die wingerdkultuur vir die Kompanjie 'n belangrike bron van inkomste was.

Gedurende die laaste paar dekades van die Kompanjiesbewind was daar 'n aansienlike toename ten opsigte van wingerdaanplantings en wynproduksie. Terselfdertyd was daar binnelands en buitelands 'n groter vraag vir Kaapse wyn. Ten spyte hiervan was die mark nie altyd bestendig nie en het sommige wynboere finansiële probleme ondervind. Oor die algemeen genome het die wynboer egter gedurende die agtiende eeu tot die meer gegoede groep aan die Kaap behoort.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie verhandeling sou nie moontlik gewees het sonder finansiële hulp wat van die K.W.V. verkry is nie. Ek wil dan ook graag hierdie organisasie hartlik bedank vir 'n ruim beurs wat hulle aan my toegeken het. Hulp deur personeellede van die Kaapse Argiefbewaarplek, die Akteskantoor, die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek, die Parlementsbiblioteek, - almal in Kaapstad - asook die Carnegie-biblioteek op Stellenbosch en die Nederduitse Gereformeerde Kerkargief in Kaapstad was onontbeerlik. Hiervoor wil ek hulle graag bedank. In die besonder wil ek dr. A.J. Boëseken bedank vir haar hulp in verband met die verklaring van vreemde woorde.

Ek wil ook graag prof. P.J. van der Merwe bedank wat vir hierdie skripsie as mede-eksaminator opgetree het.

Ek is 'n spesiale woord van opregte dank verskuldig aan prof. D.J. Kotzé onder wie se besondere toesig hierdie studie verrig is. Sonder sy hulp, raad en onmisbare leiding sou hierdie werkstuk nooit voltooi gewees het nie. Met die oog op sekere statistieke het hy ook vir my sekere inligting in die Algemene Rijksarchief in Den Haag opgediep en afgeskryf.

G.J. JOOSTE

STELLENBOSCH, 31 Oktober 1973.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opgedra aan my moeder en die nagedagtenis van my vader sonder wie se aanmoediging en toewyding ek nie hierdie skripsie sou kon begin en voltooi het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUD

I	Die Stand van Wynbou aan die Kaap in 1752.	p. 1
II	Die Omvang van die Wingerdbedryf, Druifsoorte en Wynsoorte.	p. 8
III	Die Verbouingsproses, die Maak van Wyn en die Opberging daarvan.	p. 28
IV	Die Binnelandse Wynhandel: Die Keldermeester, die Pagstelsel, Wynpryse en Taphuise.	p. 37
V	Onreëlmatighede in die Binnelandse Wynhandel en Pogings om dit uit te skakel.	p. 61
VI	Die Uitvoer van Gewone Kaapse Wyn.	p. 98
VII	Die Bemarking van Constantiawyn.	p. 132
	Bronnelys	p. 162

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK I

DIE STAND VAN WYNBOU AAN DIE KAAP IN 1752

Die geskiedenis van wynbou aan die Kaap moet gesien word teen die agtergrond van die ekonomiese beleid wat die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie in al sy oorsese besittings - dus ook aan die Kaap - gevolg het. Die beleid is deur drie beginsels gekenmerk, t.w. monopolisme, maksimumwins en direkte wins.

Die beginsel van monopolisme het op die volgende neergekom:[1] Die Kompanjie het die handel tussen die Nederlandse Republiek en Nederlands Oos-Indië gemonopoliseer en sodoende gesorg dat alle ander mededingers die kosbare Oos-Indiese ware ontsê word. Daarbenewens het die Kompanjie ook die handel tussen sy verskillende oorsese gebiede en die binnelandse ekonomiese bedrywighede van elke gebied gemonopoliseer.

Tweedens was daar die beginsel van maksimumwins.[2] Die verskillende handelsmaatskappye is in 1602 verenig met die doel om die grootste moontlike winste te behaal. Gevolglik sou die Kompanjie daarna streef om sy onkoste so laag as moontlik te hou. Voorts het die direkteure van die standpunt

---

1. H.B. Thom: Die Beleid van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p. 136).
2. H.B. Thom: Die Beleid van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p. 140).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgegaan dat die vraag na handelsware altyd die aanbod moes oorskry, want solank dit gebeur, sou die prys natuurlik hoog wees.[3]

Hierdie strewe het die nadeel gehad dat daar op sekere kosbare handelsartikels gekonsentreer is, terwyl ander artikels wat oor 'n lang tydperk ook goeie winste kon oplewer, ter syde gelaat is.

Die derde beginsel was dié van direkte wins.[4] Die Kompanjie het onmiddellike winste verwag en was nie te vinde vir omwegwins nie. Hy was derhalwe nie bereid om sy kapitaal op 'n langtermynbasis te belê nie.

Hierdie beleid is ook aan die Kaap toegepas. Daar moet ook onthou word dat die Kompanjie nie verwag het om aan die Kaap direkte wins te maak nie; die Kaap moes slegs 'n verversingspos wees. Dáárom moes hier so weinig moontlik gespandeer word.

Uit hoofde van die feit dat die Kaap 'n verversingspos was, is hoofsaaklik dinge wat vir verversingsdoeleindes nodig was, geproduseer; byvoorbeeld groente, koring en vleis, en alhoewel in 'n mindere mate, ook wyn. Aanvanklik is wyn nie as 'n onontbeerlike produk beskou nie, want alhoewel die eerste

---

3. H.B. Thom: Die Beleid van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p. 142).

4. H.B. Thom: Die Beleid van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p. 145).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wingerdstokke reeds in 1655 ingevoer is, het die wingerdbou maar weinige vooruitgang gemaak en is daar ook nie drastiese maatreëls getref om dit te bevorder nie.(5)

In die eerste paar dekades was die Kompanjie self, die kommandeur (later goewerneur) en ander amptenare by die wingerdbou betrokke, maar omdat die Kompanjie ingestel was op onmiddellike en direkte wins, het hy homself spoedig as produsent onttrek.(6)

Ná die stryd teen Willem Adriaan van der Stel is die Kompanjie se amptenare ook uit alle private goedere-produksie en private handel uitgeskakel.(7) Teen die jaar 1752 was die wingerdbou volkome in die hande van vryboere.

Aanvanklik is wingerde in die Kaapse Skiereiland aangeplant, maar sedert 1679 is vryboere by Stellenbosch gevestig en agt jaar later is ook aan die Bergrivier (Drakenstein) aan vryboere grond

---

5. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 2.

6. A.J. Boëseken: Die Kompanjie aan die Kaap (1652 - 1795) (A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p. 155).

7. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 39.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gegee.[8] Op al hierdie plekke is ook wingerde aangeplant.

In Drakenstein, veral, is relatief heelwat sukses ten opsigte van die wynkultuur geboekstaaf. Teen 1745 was daar in Drakenstein 1 105 000 wingerdstokke en in die Kaapse distrik 1 271 000.[9] Tog het Drakenstein 940 lêers wyn opgelewer, teenoor 610½ lêers ten opsigte van die Kaapse distrik. Van 1745 tot 1752 het Drakenstein elke jaar méér wyn geproduseer as die Kaapse distrik, alhoewel daar deurgaans minder wingerdstokke was.

Die vernaamste probleme waaronder die wingerdkultuur tot 1752 gebuk gegaan het, was die swak gehalte van die gewone wyn, 'n onvoldoende en monopolistiese binnelandse mark, beperkte uitvoermoontlikhede, kompetisie op die Oos-Indiese mark deur buitelandse wyne en knellende belastings.

Die Kompanjie wou die afsetvraagstuk oplos deur 'n verandering in die stelsel van grondtoekenning teweeg te bring. Die meeste wynboere het hul grond in eiendomsreg besit, en dit het intensiewe boerdery aangemoedig.[10] Teen die begin van die agtiende eeu was die Kompanjie egter nie geneë om nóg grond in

---

8. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 22.
9. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 52.
10. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 43.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volle eiendom uit te gee nie. Tussen 1717 en 1743 is gevolglik min grond in eiendom uitgegee, sodat verdere wingerdaanplantings slegs sporadies plaasgevind het. Die getal wingerdboere het ook nie betekenisvol vermeerder nie.

Die tweede faktor wat 'n snelle uitbreiding van die wingerdkultuur verhinder het, was die belastings wat op wyn gehef is.

In 1743 is die sogenaamde vatgeld, 'n aksynsbelasting, van een riksdaalder per lêer tot drie riksdaalders verhoog. Die wynboer het op hierdie tydstip in teorie 40 rds. per lêer van die Kompanjie ontvang, maar in die praktyk was dit heelwat minder. Dit kan soos volg verklaar word: Van 1722 af is Kompanjiesdienare verbied om landbouprodukte te verkoop. Ten einde hul inkomste aan te vul, is die Goewerneur en die Sekunde egter toegelaat om $6\frac{2}{3}$ rds. en $3\frac{1}{3}$ rds. onderskeidelik van elke lêer gewone Kaapse wyn wat hulle teen 40 rds. vir die Kompanjie aankoop, vir hulself te neem.(11) Alhoewel die wynboer dus vir gelewerde wyn 'n kwitansie van 40 rds. per lêer ontvang het, is sedert 1743 slegs 27 rds. per lêer aan hom uitbetaal.

Om die gehalte van die wyne te verbeter, het die Kompanjie van vroeg af by Het Rondebosje, wat later Rustenburg genoem is, proewe uitgevoer.(12) Dit was egter 'n kortstondige maatreël,

---

11. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 50.

12. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

want toe die Kompanjie bemerk dat dit 'n langsame proses is, heelwat geld kos en nie direkte wins oplewer nie, is die plaas aan vryboere verpag.[13]

Na die koms van Simon van der Stel as Goewerneur in 1679 is proefnemings met die maak van wyn hernieu.[14] Daar word algemeen aanvaar dat die koms van die Franse Hugenote dié proses aangehelp het, alhoewel daar nog nie vasgestel is presies hóé groot hulle bydrae in dié verband was nie. Ten spyte van dié pogings is aanvanklik nie veel sukses geboekstaaf nie. Dit blyk onder andere uit die feit dat, nadat 'n aantal lêers gewone Kaapse wyn in 1688 na Ceylon, Mauritius en Batavia uitgevoer is, die Oos-Indiese Regering die Kaapse owerheid meegedeel het dat hulle nie nog wyn moes stuur nie omdat die gehalte te swak was om met die Franse en Spaanse wyne te kan kompeteer.[15]

Teen 1750 was daar byna 4 000 000 wingerdstokke aan die Kaap. In 1749 is 4 316 lêers wyn - 'n rekordoes - gepars en in 1750 nagenoeg 2 970 lêers.[16] Feitlik alles is plaaslik

---

13. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 12.
14. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 23.
15. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 28.
16. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 53.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bemark. Die kopers was die garnisoen, vryburgers wat nie boere was nie en die bemannings van verbyvarende skepe.

Dit, dan, was in hooftrekke die stand van wynbou aan die Kaap teen die jaar 1752.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK II

DIE OMVANG VAN WYNBOU, DRUIFSOORTE EN WYNSOORTE

(a) Gebiede waar wingerde aangetref is:

Die gebied wat tussen 1753 en 1795 die meeste wyn geproduseer het, het vanaf die Drakensteinberge in die omgewing van die Paarl tot by Valsbaai gestrek.(1) Dit het Groot-Drakenstein, Klein-Drakenstein, Franschhoek, Stellenbosch en Hottentots-Holland ingesluit.

Groot-Drakenstein en Klein-Drakenstein is in 'n vrugbare vallei geleë. Die Bergrivier vloei deur hierdie vallei, en die grond is vrugbaarder as in die meeste ander dele van die Kaap.(2) Die vallei is goed beskerm teen wind en gunstig geleë vir sonskyn. Gevolglik is dit besonder geskik vir die verbouing van wyn. Die Franschhoekplase het in die tydperk wat hier bespreek word, feitlik net wyn en sagtevrugte geproduseer.(3)

Daljosafat en die Wagenmakersvallei het van die beste gehalte gewone wyn wat aan die Kaap gemaak is, gelewer.

Die laaste gebied wat heelwat wyn geproduseer het, was Stellenbosch. Hieronder word Jonkershoek, Banhoek, Klapmuts, Bottelary, Saxenberg, Eersterivier, Hottentots-Holland en Moddergat ingesluit.(4)

---

1. J. Barrow: An Account of Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 67.
2. J. Barrow: Travels, II, p. 351.
3. J. Barrow: Travels, II, p. 352.
4. J. Barrow: Travels, II, p. 351.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Drakenstein het gedurende die laaste helfte van die agtiende eeu voortdurend méér wyn as Stellenbosch geproduseer. In 1753 is in Drakenstein 812 lêerswyn gemaak en in Stellenbosch 561 lêers.(5) Teen 1795 was die verskil tussen dié twee gebiede egter aansienlik groter. In hierdie jaar het Drakenstein 2 910 lêers wyn geproduseer, teenoor 1 687 lêers in Stellenbosch.(6)

In die Kaapse distrik was daar wingerde by Wynberg, Constantia, Rondebosch en Wittebome (net noord van Constantia).(7)

Daar was ook ander gebiede waar minder wingerdstokke geplant en kleiner hoeveelhede wyn gemaak is. By Groenberg, aan die noordelike einde van die Bergriviervallei, is vrugte, wyn en koring verbou.(8) Die belangrikste produkte wat by Vier-en-twintigriviere verbou is, was koring en gars, maar klein hoeveelhede wyn is vir plaaslike verbruik geproduseer.(9) In die tweede helfte van die agtiende eeu was heelwat boere ook reeds gevestig ten noordooste van die Drakensteinberge, by Waveren wat nou Tulbagh genoem word. Hulle het groot hoeveelhede graan en peulgewasse verbou en ook klein hoeveelhede wyn gemaak.(10)

Tussen die Hottentots-Hollandberge en Swellendam is Botrivier, Swartberg, Droogruggens en Riviersonderend. Die ver-

---

5. J 167 Opgaafrolle vir Stellenbosch en Drakenstein, 1753, p. 20.
6. J 193 Opgaafrolle vir Stellenbosch en Drakenstein, 1795, p. 44.
7. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 175.
8. J. Barrow: Travels, II, p. 353.
9. J. Barrow: Travels, II, p. 355.
10. J. Barrow: Travels, II, p. 360.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK U.S.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

naamste boerderybedrywighede van dié gebied was koring en beeste, maar 'n klein hoeveelheid wyn is gemaak, hoofsaaklik om in hulle eie behoeftes te voorsien. Hierdie wyn was van 'n minderwaardige gehalte.(11)

In die distrik van Swellendam was graan die belangrikste landbouproduk, maar daar is ook met skape en beeste geboer. Die wyn wat daar gemaak is, was van 'n baie swak gehalte en is plaaslik verbruik.(12)

In die distrik van Graaff-Reinet is hoofsaaklik met vee geboer, alhoewel wyn ook verbou is. Dit was egter net vir huishoudelike doeleindes.(13)

(b) Die Grootte van die Bedryf:

Vervolgens word gelet op die getal wingerdstokke en die hoeveelheid wyn wat gepars is. Eersgenoemde word deur die tabel op p. 11 aangetoon. Hier moet vermeld word dat verreweg die meeste syfers afkomstig is uit die opgawes wat deur die boere vir belastingdoeleindes opgegee is. Daar word algemeen aanvaar dat hulle nie as absoluut betroubaar beskou moet word nie en dat die werklike getalle heelwaarskynlik hoër was.(14)

---

11. J. Barrow: Travels, II, p. 361.
12. A. Sparrman: Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de landen aan den Zuidpool en rondom de Waereld, I, p. 261.
13. J. Barrow: Travels, II, p. 378.
14. H.L.G. Swart: Die Ontwikkeling van Handel aan die Kaap tussen die jare 1795 - 1806, p. 43.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GETAL WINGERDSTOKKE 1753 - 1795

Jaar	Stellenbosch	Drakenstein (15)	Kaapse distrik en res van Kolonie (16)	Totaal (17)
1753	1 024 500	1 494 000	1 649 000	4 167 500

15. Afkomstig uit J 166 - J 193 Opgaafrolle vir Stellenbosch en Drakenstein 1753 - 1795. Elkeen van die bande bestaan uit twee seksies, apart gepagineer. Die eerste seksie bevat die opgaaf vir Stellenbosch en die tweede seksie bevat die opgaaf vir Drakenstein. Aan die end van die tweede seksie, d.w.s. op die laaste geskrewe bladsy in die band, verskyn die totale vir sowel Stellenbosch en Drakenstein. Sien J 167 (vir 1753), J 166 (vir 1754 - 1756), J 168 (vir 1757 - 1758), J 169 (vir 1759 - 1760), J 170 (vir 1761 - 1763), J 171 (vir 1764 - 1765), J 172 (vir 1766 - 1768), J 173 (vir 1769 - 1770), J 174 (vir 1771), J 175 (vir 1772), J 176 (vir 1773 - 1774), J 177 (vir 1775), J 178 (vir 1776), J 179 (vir 1777 - 1778), J 180 (vir 1779), J 181 (vir 1780), J 183 (vir 1782), J 184 (vir 1784), J 185 (vir 1785 - 1787), J 186 (vir 1788), J 187 (vir 1789), J 188 (vir 1790 - 1791), J 189 (vir 1792 - 1793), J 190 (vir 1794), J 193 (vir 1795).

16. Geen bronne kon opgespoor word wat die getalle vir die Kaapse distrik of die res van die Kolonie tot 1785 verstrek nie. Gevolglik is die getalle, tensy anders vermeld, verkry deur die opgawes van Stellenbosch en Drakenstein van die totale opgawe af te trek.

17. Tensy anders vermeld, is die syfers hiervoor afkomstig uit C 539 - C 573 Uitgaande Briewe 1754 - 1795: Politieke Raad - Here XVII. Sien C 539, 1 Februarie 1754, p. 102 (vir 1753), C 539, 19 Junie 1754, p. 742 (vir 1754), C 541, 1 Maart 1756, p. 115 (vir 1755), C 541, 12 Augustus 1756, p. 818 (vir 1756), C 542, 27 Junie 1757, p. 755 (vir 1757), C 543, 19 Augustus 1758, p. 639 (vir 1758), C 544, 2 Augustus 1759, p. 823 (vir 1759), C 545, 20 Junie 1760, p. 616 (vir 1760), C 547, 1 Maart 1762, p. 266 (vir 1761), C 547, 28 Mei 1762, p. 842 (vir 1762), C 548, 1 Julie 1763, p. 666 (vir 1763), C 549, 28 Junie 1764, p. 821 (vir 1764), C 551, 1 Maart 1766, p. 181 (vir 1765), C 552, 5 Februarie 1767, p. 213 (vir 1766), C 553, 5 Februarie 1768, p. 168 (vir 1767), C 554, 1 Maart 1769, p. 301 (vir 1768), C 555, 1 Maart 1770, p. 196 (vir 1769), C 556, 1 Maart 1771, p. 192 (vir 1770), C 557, 1 Maart 1772, p. 281 (vir 1771), C 558, 1 Maart 1773, p. 177 (vir 1772), C 559, 1 Maart 1774, p. 141 (vir 1773), C 560, 1 Maart 1775, p. 216 (vir 1774), C 561, 1 Maart 1776, p. 213 (vir 1775), C 562, 1 Maart 1777, p. 146 (vir 1776), C 563, 2 Maart 1778, p. 166 (vir 1777), C 564, 1 Maart 1779, p. 181 (vir 1778), C 565, 9 Maart 1780, pp. 181 - 182 (vir 1779), C 566, 3 Maart 1781, pp. 162-164 (vir 1780), C568, 22 Julie 1783, pp. 464-466 (vir 1782), C 568, 21 Oktober 1783, pp. 681-684 (vir 1783), C 570, 12 Mei 1785, pp. 647-650 (vir 1784), C 571, 1 Mei 1786, pp. 720-723 (vir 1785), C573, 16 April 1795, pp. 186-187 (vir 1794).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Stellenbosch	Drakenstein	Kaapse distrik en res van Kolonie	Totaal
1754	1 240 000	1 284 000	1 624 000	4 148 000
1755	1 242 000	1 677 000	1 688 500	4 607 500
1756	1 190 000	3 533 000	1 997 000	6 520 000
1757	1 157 000	4 255 000	-	4 583 000 (18)
1758	1 168 000	1 768 000	1 755 000	4 691 000
1759	1 161 000	1 843 000	1 616 000	4 620 000
1760	1 294 000	1 889 000	1 551 000	4 734 000
1761	1 274 600	1 792 000	1 511 000	4 577 600
1762	1 245 000	1 850 000	1 301 000	4 396 000
1763	1 295 000	2 080 000	1 339 000	4 714 000
1764	1 511 000	2 164 000	1 428 000	5 103 000
1765	1 616 000	2 151 000	1 304 000	5 071 000
1766	1 582 000	2 283 000	1 290 900	5 155 900
1767	1 735 000	2 311 000	1 219 000	5 265 000
1768	1 688 000	2 627 000	1 540 000	5 855 000
1769	1 814 000	2 782 000	1 256 000	5 852 000
1770	1 683 000	2 904 000	1 166 000	5 853 000
1771	1 836 000	2 940 000	1 200 000	5 976 000
1772	1 807 000	2 814 000	1 140 000	5 761 000
1773	1 998 000	3 382 000	1 860 000	7 240 000

18. Die totale getal wingerdstokke, nl. 4 583 000, wat in C 542 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 27 Junie 1757, p. 755, gemeld word, moet foutief wees aangesien die opgawes van wingerdstokke vir Stellenbosch en Drakenstein gesamentlik méér as die aangegewe totaal is. Dit is gevolglik nie moontlik om vir die Kaapse distrik en die res van die Kolonie die getal wingerdstokke te bereken nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Stellenbosch	Drakenstein	Kaapse distrik en res van Kolonie	Totaal
1774	1 942 000	3 405 000	1 462 000	6 809 000
1775	1 393 000	3 555 000	1 345 000	6 293 000
1776	2 169 000	4 784 000	1 318 200	8 271 200
1777	2 314 000	4 114 000	1 447 000	7 875 000
1778	2 207 000	4 037 000	1 429 600 (19)	7 673 600
1779	2 217 000	4 227 000	1 365 000	7 809 000
1780	2 264 000	4 180 000	1 257 600	7 701 600
1781	-	-	-	- (20)
1782	2 314 000 (21)	4 071 000	1 311 000	7 642 000
1783	2 361 000	4 266 000 (22)	1 298 000	7 925 000

19. Die opgawes van die getal wingerdstokke en die hoeveelheid wyn wat aan die Kaap gemaak is, word van 1778 af apart in die Uitgaande Briewe van die Politieke Raad aan die Here XVII verstrek. Die opgawes vir die Kaapse distrik sedert 1778 is verkry uit C 564 - C 573 Uitgaande Briewe 1779 - 1795. Sien C 564, 1 Maart 1779, p. 181 (vir 1778), C 565, 9 Maart 1780, p. 181 (vir 1779), C 566, 3 Maart 1781, p. 162 (vir 1780), C 568, 22 Julie 1783, p. 464 (vir 1782), C 568, 21 Oktober 1783, p. 681 (vir 1783), C 570, 12 Mei 1785, p. 647 (vir 1784), C 571, 1 Mei 1786, p. 720 (vir 1785), C 573, 16 April 1795, p. 186 (vir 1794).

20. Die opgawes vir dié betrokke jaar ontbreek.

21. In C 568 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 22 Julie 1783, p. 465, word die getal wingerdstokke vir Stellenbosch vir die betrokke jaar as 231 400 aangegee.

22. Stellenbosch-argief 16/126 Summaria der Opgaven 1741 - 1809, 10 Mei 1783 (slegs die getalle vir Stellenbosch en Drakenstein). In C 568 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 21 Oktober 1783, p. 684, word die wingerstokke vir Drakenstein as 2 466 000 aangegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Stellenbosch	Drakenstein	Kaapse distrik en res van Kolonie	Totaal
1784	2 319 000	4 444 000	1 241 000	8 004 000
1785	2 536 000	4 757 000	1 064 500	8 357 500
1786	2 846 000	4 803 000	1 079 000 (23)	8 728 000 (24)
1787	2 788 000	5 222 500 (25)	1 238 800 (26)	9 249 300
1788	2 986 000	5 270 000	1 309 000 (27)	9 565 000

23. K.A. 4298 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1787, II: Missive van Goewerneur en Raad aan Politieke Raad, 24 April 1787, p. 661. (Inligting verstrek deur prof. D.J. Kotzé).

24. Aangesien die Uitgaande Briewe van die Politieke Raad vir 1786 tot 1793 ontbreek, kon die totaal nie vasgestel word nie. Tensy anders vermeld, is die totaal vir hierdie periode verkry deur die totale van die drie distrikte bymekaar te tel.

25. Volgens K.A. 4304 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1788: Goewerneur en Raad - Here XVII, 30 April 1788, p. 996, was daar 8 010 500 wingerdstokke. Dit blyk die gesamentlike totaal vir Stellenbosch en Drakenstein te wees. (Inligting verstrek deur prof. D.J. Kotzé).

26. K.A. 4304 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1788: Goewerneur en Raad - Here XVII, 30 April 1788, p. 994. (Inligting verstrek deur prof. D.J. Kotzé).

27. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde, p. 348.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Stellenbosch	Drakenstein	Kaapse distrik en res van Kolonie	Totaal
1789	2 766 000	5 240 000	1 095 000[28]	9 101 000
1790	2 966 000	5 294 000	-	-
1791	3 402 000	5 437 400	1 272 000[29]	10 111 400
1792	3 378 000	5 548 000	-	-
1793	3 507 000	5 566 000	863 000[30]	9 936 000
1794	3 676 000	5 499 000	898 030	10 073 030
1795	3 372 000	5 289 000	-	-

Uit hierdie syfers blyk dit dat die getal wingerdstokke gedurende hierdie tydvak stelselmatig toegeneem het. In 1753 was dit net méér as viermiljoen. In 1764 het dit die vyfmiljoen-kerf oorskry. Byna tien jaar later, in 1773, word die sewemiljoen-kerf verby gesteek. Ongeveer tien jaar later, in 1784, was daar

---

28. K.A. 4317 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1790, III: Goewerneur en Raad - Here XVII, 15 Julie 1790, p. 716. (Inligting verstrek deur prof. D.J. Kotzé).

29. K.A. 4329 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1792, II: Rhenius en Raad - Here XVII, 21 April 1792, p. 791. (Inligting verstrek deur prof. D.J. Kotzé).

30. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde, p. 348. Dr. Beyers gee die gesamentlike getal wingerdstokke vir Stellenbosch en Drakenstein in 1793 aan as 907 300 en die totaal vir die Kolonie as 1 770 300. Hierdie getalle kom nie ooreen met dié van die Opgaafrolle vir dieselfde jaar nie, soos ook uit die tabel blyk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir die eerste keer méér as agtmiljoen wingerdstokke. Daarna het die getal sistematies toegeneem totdat dit in 1791 op méér as tienmiljoen te staan gekom het.

Dit is ook duidelik dat wingerdstokke ná 1752 in Stellenbosch en Drakenstein op 'n intensiewer skaal as elders in die Kolonie aangeplant is.

In Drakenstein was veral in 1756, 1757, 1773, 1776 en 1787 buitengewone groot aanplantings, terwyl in Stellenbosch in 1776 en 1791 besondere groot uitbreidings plaasgevind het. In 1753 - 1755 was daar nog nie 'n groot verskil tussen die getal wingerdstokke van Drakenstein en Stellenbosch nie, maar van 1756 af is in Drakenstein só vinnig uitgebrei dat dié gebied tot die einde van die Kompanjiestydperk gemiddeld ruim 50% méér stokke as Stellenbosch gehad het. In 1756 en 1757 was daar selfs ongeveer drie-en-'n-half maal soveel as in Stellenbosch, en van 1776 af tot 1794 deurgaans ongeveer dubbeld soveel.

In die res van die Kolonie was daar net in één jaar - 1773 - 'n ongewone groot aanplanting. In die algemeen genome het hier egter 'n afname plaasgevind - nie net 'n persentuele afname nie, maar ook 'n absolute afname, soos uit die volgende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tabel blyk.[31]

	Jaar	Stellen-bosch	Draken-stein	Kaapse distrik en res van Kolonie	Totaal
Getal Wingerd-stokke	1753	1 024 500	1 494 000	1 649 000	4 167 500
Getal Wingerd-stokke	1794	3 676 000	5 499 000	898 030	10 073 030
Persentasie Wingerdstokke	1753	24,58	35,85	39,57	100
Persentasie Wingerdstokke	1794	36,49	54,59	8,91	100

31. Die getal wingerdstokke en lêers wyn vir Drakenstein en Stellenbosch vir 1753 is verkry uit J 167 Opgaafrolle vir Stellenbosch en Drakenstein, p. 20. Die totale getal wingerdstokke vir die Kolonie in 1753 is verkry uit C 539 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 1 Februarie 1754, p. 102. Aangesien daar geen bronne is wat die getal wingerdstokke of lêers wyn vir die res van die Kolonie, insluitende die Kaapse distrik, verstrek nie, is die getalle verkry deur die gesamentlike getalle vir Drakenstein en Stellenbosch van die totaal vir die Kolonie af te trek.

Die getal wingerdstokke vir Drakenstein en Stellenbosch in 1794 is verkry uit J 190 Opgaafrolle vir Stellenbosch en Drakenstein, p. 44. Die totale getal wingerdstokke en lêers wyn vir die Kaapse distrik in 1794 is verkry uit C 573 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 16 April 1795, p. 187. In hierdie geval was daar ook geen bronne beskikbaar wat die totale getal wingerdstokke of lêers wyn vir die hele Kolonie verstrek nie, en is die getal verkry deur die gesamentlike getal wingerdstokke en lêers wyn van Drakenstein, Stellenbosch en die Kaapse distrik, bymekaar te tel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die wynopbrengs aan die Kaap gedurende die tydperk 1753 - 1795 word deur die volgende tabel aangetoon.

WYN GEPARS, 1753 - 1795

HOEVEELHEID (lêers)				
Jaar	Stellenbosch	Drakenstein[32]	Kaapse distrik en res van Kolonie[33]	Totaal[34]
1753	561	812	536	1 909
1754	709	822½	736	2 267½
1755	913	1 416	992	3 321
1756	1 144	1 562	1 424	4 130
1757	829	1 141	1 049	3 019
1758	909	1 214	1 149½	3 272½
1759	514	822	495	1 831
1760	943	1 100	787	2 830
1761	963	1 084	720½	2 767½
1762	614	843	541½	1 998½
1763	869	1 432	504½	2 805½
1764	1 256	1 775	699	3 730
1765	952	1 293	541	2 786
1766	1 102	1 617	687	3 406

32. Sien voetnoot 15.

33. Sien voetnoot 16.

34. Sien voetnoot 17.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Stellenbosch	Drakenstein	Kaapse distrik en res van Kolonie	Totaal
1767	1 188	1 699	634	3 521
1768	1 251	1 800	737	3 788
1769	1 484	2 442	698½	4 624½
1770	1 008	2 331	637	3 976
1771	1 114	2 081	589	3 784
1772	548	1 048	338½	1 934½
1773	1 530	2 965	837	5 332
1774	772	1 363	476	2 611
1775	1 659	2 973	896	5 528
1776	1 132	2 516	575	4 223
1777	849	1 572	361	2 782
1778	1 387	2 581	557 (35)	4 525
1779	1 395	3 004 (36)	753	5 152
1780	1 436	2 995	643	5 074
1781	-	-	-	- (37)

35. Sien voetnoot 19.

36. In C 565 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 9 Maart 1780, p. 182, word die getal lêers vir Drakenstein vir hierdie jaar as 3 000 aangegee.

37. Die opgawes vir die betrokke jaar ontbreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Stellenbosch	Drakenstein	Kaapse distrik en res van Kolonie	Totaal
1782	872[38]	1 938[39]	498	3 308
1783	1 018	1 827	400½	3 245½
1784	1 292	2 585	585	4 462
1785	1 485	2 978	416	4 879
1786	1 935	3 108	476[40]	5 519[41]

38. In C 568 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 22 Julie 1783, p. 465, word die getal lêers wyn vir Stellenbosch vir die betrokke jaar as 498 aangegee.

39. In C 568 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 22 Julie 1783, p. 466, word die getal lêers wyn vir Drakenstein vir die betrokke jaar as 1 872 aangegee.

40. K.A. 4298 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1787, II: Missive van Goewerneur en Raad aan Politieke Raad, 24 April 1787, p. 661. (Inligting verstrek deur prof. D.J. Kotzé).

41. Aangesien die Uitgaande Briewe van die Politieke Raad van 1786 tot 1793 ontbreek, kon die totaal nie vasgestel word nie. Tensy anders vermeld, is die totaal vir hierdie periode verkry deur die syfers vir die drie distrikte bymekaar te tel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Stellenbosch	Drakenstein	Kaapse distrik en res van Kolonie	Totaal
1787	2 123[42]	3 960[43]	653[44]	6 736
1788	2 445	4 092	649[45]	7 186
1789	1 681	2 900	489[46]	5 070
1790	1 927	3 330	-	-
1791	2 156	3 581	421[47]	6 158
1792	1 875	2 765	-	-
1793	2 009	3 321	544	5 874

---

42. Volgens K.A. 4304 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1788: Goewerneur en Raad - Here XVII, 30 April 1788, p. 995, is daar 2 133 lêers wyn in die Stellenboschdistrik gepars. (Inligting verstrek deur prof. D.J. Kotzé).

43. Volgens K.A. 4304 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1788: Goewerneur en Raad - Here XVII, 30 April 1788, p. 996, is daar 6 083 lêers wyn in die Drakensteingebied gepars. Dit blyk die gesamentlike totaal vir Stellenbosch en Drakenstein te wees.

44. K.A. 4304 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1788: Goewerneur en Raad - Here XVII, 30 April 1788, p. 994. (Inligting verstrek deur prof. D.J. Kotzé).

45. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hul denkbeelde, p. 348.

46. K.A. 4317 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1790, III: Goewerneur en Raad - Here XVII, 15 Julie 1790, p. 716. (Inligting verstrek deur prof. D.J. Kotzé).

47. K.A. 4329 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1792, II: Rhenius en Raad - Here XVII, 21 April 1792, p. 791. (Inligting verstrek deur prof. D.J. Kotzé).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Stellenbosch	Drakenstein	Kaapse distrik en res van Kolonie	Totaal
1794	2 487	3 507[48]	939½	6 933½
1795	1 687	2 910	-	-

Uit die voorafgaande blyk dit dat die wynopbrengs in hierdie tydperk aan geweldige skommelinge onderhewig was. Daar was nie 'n konstante groei in dié verband nie, wat, soos later aangetoon word, aan 'n hele aantal faktore toegeskryf moet word. Na 'n eerste hoogtepunt in 1758, toe 3 272½ lêers wyn gepars is, het daar vyf jaar lank 'n insinking voorgekom. Daarna, veral van 1766 af tot 1770, was daar 'n reëlmatige styging. Tussen 1771 en 1779 het groot skommelinge in die produksie voorgekom, met buitengewone hoë syfers vir 1773, 1775, 1779 en 1780. Tussen 1782 en 1785 het produksie egter weer op 'n laer vlak beweeg - op die peil van ongeveer vyftien jaar tevore. Van 1786 af het daar egter weer 'n sterk groeifase ingetree, sodat die produksie gestyg het van ongeveer 3 500 lêers per jaar in 1782 en 1783 tot tussen 5 500 en méér as 7 000 in die jare 1786 tot 1794. Net in 1789 het die syfer tot 'n bietjie meer as 5 000 afgeneem.

Dit is duidelik dat Drakenstein en Stellenbosch gesamentlik

---

48. In C 573 Uitgaande Briewe 1795: Politieke Raad - Here XVII, 16 April 1795, p. 187, word die gesamentlike getal lêers wyn vir Stellenbosch en Drakenstein as 5 332 aangegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verreweg die meeste wyn gelewer het. In 1753 het hulle gesamentlike bydrae op 70,43% van die totale produksie te staan gekom, en in 1794 was dit 86,45%. Soos 'n mens kan verwag op grond van Drakenstein se oorwig aan wingerdstokke, is hier deurgaans meer wyn as in Stellenbosch geproduseer. Die kleinste verskil was in 1754 toe dit 113½ lêers was, terwyl die grootste verskil in 1787 was toe dit op 1 837 lêers (uit 'n totale landsproduksie van 6 736 lêers) te staan gekom het. Die gemiddelde verskil tussen dié twee wyngebiede gedurende die tydperk wat hier bespreek word, was ongeveer 870 lêers.

Hierdie tendense word doeltreffend geïllustreer deur die volgende tabel,[49] wat 'n beeld gee van die toestand aan die begin en aan die einde van die tydperk wat hier bespreek word.

	Jaar	Stellen-bosch	Draken-stein	Kaapse distrik en res van Kolonie	Totaal
Hoeveelheid wyn gepars (lêers)	1753	561	812	536	1 909
Hoeveelheid wyn gepars (lêers)	1794	2 487	3 507	939½	6 933½
Persentasie van totale wynproduksie	1753	29,39	42,54	28,07	100
Persentasie van totale wynproduksie	1794	35,87	50,58	13,54	100

49. Sien voetnoot 31.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

John Barrow, wat van 1797 tot 1803 aan die Kaap was en 'n besondere belangstelling vir ekonomiese sake aan die dag gelê het, het beweer dat 1 000 wingerdstokke normaalweg één lêer wyn opgelewer het.(50) Uit die voorafgaande blyk dat sy berekening heelwaarskynlik te gunstig was. In 1753, byvoorbeeld, het 2 183 wingerdstokke een lêer wyn opgelewer en in 1794 was die getal 1 453. Die laagste syfer gedurende dié tydperk was 1 138 wingerdstokke - die hoogste was 2 979. Eersgenoemde syfer is in 1775 aangeteken en laasgenoemde in 1772.

Billikheidshalwe moet egter toegegee word dat die getal stokke wat in die Opgaafrolle vermeld word, ook jong wingerd ingesluit het, terwyl Barrow miskien sy berekening gegrond het op stokke wat al woluit in die drag was. Dit is, terloops, interessant om te weet dat 1 000 wingerdstokke vandag ongeveer 4 lêers wyn oplewer.

(c) Druifsoorte en Wynsoorte:

Die eerste wingerdstokke wat aan die Kaap geplant is, was meestal van die muskadelsoort. Daar was ook wit ronde druiwe - waarskynlik Fransdruiwe - wat baie geurig en smaakvol was, en Spaanse druiwe.(51)

In 1676 het Johan Bax "wijngaerden van Spaense Canarise en Seck" uit Nederland bestel(52) maar volgens G.J. Krause was

---

50. J. Barrow: Trawels, I, p. 64.

51. Jan van Riebeeck: Journal (H.B. Thom (Ed.) III, p. 10).

52. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 54.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Seck" nie 'n wingerdstok nie maar 'n dik wyn wat van rosyntjies gemaak is.[53] In Simon van der Stel en W.A. van der Stel se tyd is 'n verskeidenheid van wingerdstokke ingevoer. Simon van der Stel het onder andere daarin geslaag om 'n aantal Persiese wingerdstokke aan die groei te kry.[54]

Kommissaris-generaal Rijkloff van Goens het tydens sy besoek in 1685 aanbeveel dat wingerdstokke van Franse, Spaanse en Rynse herkoms na die Kaap gestuur moes word.[55] Ds. Valentijn, wat die Kaap teen die einde van die sewentiende eeu besoek het, het op Vergelegen, die voormalige plaas van W.A. van der Stel, die Frontignac-druif, Russelaar, Pottebakker en 'n Persiese lang, wit druifsoort aangetref, asook wingerdstokke wat van Avignon, Champagne en Bourgondië in Frankryk afkomstig was.[56]

In verband met die wyne wat op Constantia gemaak is, is dit belangrik om in gedagte te hou dat daar twee Constantia's was, te wete Groot-Constantia en Klein-Constantia (of De Hoop op Constantia). Op laasgenoemde is in hierdie tyd veral die minder bekende

---

53. G.J. Krause: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap, p. 138.

54. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 54.

55. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 54.

56. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 54.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wit Constantiawyn gemaak, terwyl die meer bekende rooiwyn merendeels op Groot-Constantia, gemaak is.[57] Die rooi Constantiawyn is van die muskadeldruif gemaak, wat oorspronklik van Shiraz in Persië afkomstig was.[58] Hierdie tipe druif het 'n dik skil en taai vleis, en 'n soet rooiwyn is daarvan gemaak.[59] Dié wyn kon nie in groot hoeveelhede gedrink word nie en was veral geskik as 'n dessertwyn.[60] Teen die einde van die Kompanjiestydperk is op die Constantiaplase, jaarliks gemiddeld 75 lêers Constantiawyn gemaak.[61]

Naas die Constantiawyne, was die mees bekende Kaapse wyn Kaapse Madeira, waarvan, soos die naam aandui, die wingerdstokke oorspronklik van Madeira afkomstig was.[62] In hierdie tydperk was dit 'n soetwyn en dikwels troebel. Dit was die mees algemene wyn wat op die tafels van die koloniste aangetref is.[63] Volgens N.E. Kindersley was die Kaapse Madeira 'n wit wyn.[64]

'n Ander soort witwyn wat dikwels op die tafels aan die

---

57. A. Sparrman: Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de landen aan den Zuidpool en rondom de Waereld, I, p. 46.
58. G. Forster: A voyage round the World, I, p. 78.
59. C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierlande en Noorwegen in de Jaaren 1791 tot 1797, p. 79.
60. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 183.
61. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 183.
62. J.A. de Mist: The Memorandum of Commissionary J.A. de Mist, p. 52.
63. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 187.
64. N.E. Kindersley: Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, The Cape of Good Hope and the East Indies, p. 57.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaap gesien is, was Steenwyn. Dit was óók 'n soetwyn.[65]

Hanepootwyn, wat van wit hanepootdruiwe gemaak is, was 'n aangename, vol wyn. Dit was skaars en baie duur. Dit is meesal tydens partytjies deur die dames gedrink. Die druiwe waarvan hierdie wynsoort gemaak is, is merendeels gedroog om rosyntjies van te maak.[66]

Ander wyne wat gedurende die laaste jare van die Kompanjies-tydperk hier aangetref is, was Kaapse Mallaga, Maagwyn, Vintint, Moselle, Vin de Grave en Rynwyn. Laasgenoemde wyn is só genoem omdat sy smaak 'n mate van ooreenkoms vertoon het met wyne van die Rynland.[67]

Kaapse Brandewyn

Aangesien daar in die Opgaafrolle geen opgawes verskyn van die hoeveelheid brandewyn wat daar jaarliks aan die Kaap gestook is nie, is dit nie moontlik om die hoeveelheid brandewyn wat aan die Kaap gestook is, te bepaal nie.

Dit wil egter voorkom of die Kaapse brandewyn van 'n swak gehalte was. Dit is dikwels gestook van die sap wat van die saamgeperste doppe en stingels verkry is. Die brandewyn is selde deur die blankes gedrink en is hoofsaaklik in die binne-land as 'n ruilmiddel met die Hottentotte en Bantoes gebruik.[68]

---

65. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 188.
66. J. Barrow: Travels, I, p. 65.
67. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 177.
68. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 189.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK III

DIE VERBOUINGSPROSES, DIE MAAK VAN WYN EN DIE OPBERGING DAARVAN

Die werk aan die wingerde het verband gehou met die seisoene. Gedurende Julie en Augustus is die wingerdstokke gesnoei en die volgende maand is die wingerde bemes en omgespit en dan in Oktober geskoffel. In die laatsomer, t.w. in Februarie, het die druiwe ryp geword en is dit dan gepluk en gepars.(1)

Al die werk op die wingerdplase moes met handearbeid verrig word. Vir hierdie doel is hoofsaaklik slawe-arbeid gebruik.(2) Afgesien daarvan dat die wynboer slawe moes koop, moes hy ook die installasies vir die parsproses, stookketels, vaatwerk, allerhande ander implemente soos grawe, ploeë, ens., sowel as waens en trekosse vir transportdoeleindes aanskaf.(3)

In Europa was dit die gebruik om die wingerdstokke te laat oprank teen stellasies met die doel om 'n verhoogde produksie te verkry. Hierdie gebruik is nie aan die Kaap gevolg nie, en die wingerdstokke is elke jaar tot 'n hoogte van twee tot drie voet terug gesnoei.(4)

Die wingerde van Constantia, en ook dié van die ander

---

1. C.G. Botha: Social Life in the Cape Colony in the 18th Century, p. 79.
2. G.M. Theal: History of Africa south of the Zambesi from September 1505 to September 1795, III, p. 367.
3. P.K. Louw: Landbou en Veeteelt in die Kaapkolonie 1795 - 1806, p. 7.
4. J. Barrow: A Voyage to Cochinchina in the years 1792 and 1793, p. 22.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wingerdplase, was in klein vierkante of akkers verdeel. Op so 'n akker is 5 000 wingerdstokke geplant. Elke akker was, met 'n laning van eikebome of kweperbome omring wat 'n windskerm gevorm het.(5) Sulke windskerms was noodsaaklik om die wingerde te beskut teen sterk wind wat nadat die wingerde begin bot het, groot skade kon aanrig.(6) Op die Constantiaplase byvoorbeeld, is jaarliks gemiddeld 75 lêers wyn gemaak, maar as gevolg van die oostewind wat gedurende Oktober 1761 hard gewaai het, was die totale produksie van daardie jaar slegs 11¼ lêers.(7) Dit gee 'n mens 'n aanduiding van die noodsaaklikheid van goeie beskerming teen sterk wind.

'n Ander probleem waarmee die Kaapse wynboer te kampe gehad het, was insekte wat gedurig die wingerdstokke aangeval het en baie skade aangerig het.(8) Dit het ook soms gebeur dat dit tydens die parsseisoen gereën het, en dan het die druiwe gevrot.(9) Daardeur is die produksie benadeel. Soms het groot swerms voëls op die ryp druiwe toegesak en baie skade aangerig.(10)

Die meeste wingerde aan die Kaap is blykbaar nie besproei nie. Hier en daar het daar egter wél besproeiing plaasgevind.

---

5. N.E. Kindersley: Letters from the island Teneriffe, Brazil, The Cape of Good Hope and the East Indies, p. 57.
6. H. Hop: Nieuwste en Beknopte Beschrijving van de Kaap der Goede-Hope, p. 23.
7. C 54 Resolutien, 19 Januarie 1762, p. 25.
8. C 572 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 1 Julie 1786, p. 256.
9. C 55 Resolutien, 26 April 1763, p. 130.
10. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 178.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens die bekende reisiger Thunberg, wat die Paarl en omgewing in 1772 besoek het, het die boere daarrond water wat van die berge afvloei, in damme opgevang en dan in die droë tyd hul gewasse, onder andere wingerde, daarmee natgelei. Die waterstrome wat in die valleie gevloei het, is ook vir besproeiingsdoeleindes gebruik. Die vrugbare slikgrond wat in die water was, het volgens hom daartoe bygedra om die grond vrugbaarder te maak.(11)

Al die Kaapse wingerde is op dieselfde wyse bewerk.(12) Tog is dit opvallend dat daar baie verskille ten opsigte van die gehalte van wyn was. Die Constantiawyn was byvoorbeeld baie beter as die wyn wat elders gemaak is.

Die gehalte van enige wyn word bepaal deur die gehalte van die druif en die wyse waarop die wyn gemaak word. Die gehalte van die druif, weer, word bepaal deur die tipe wingerd-stok en die grond waarop dit staan, asook deur die bewerking van die wingerd.

Daar was verskeie faktore wat gesamentlik daartoe meegewerk het dat die Constantiawyne van 'n beter gehalte was as die wat elders gemaak is. Hierdie faktore was hoofsaaklik die struktuur en tekstuur van die grond, die klimaat en die wynbereidingsproses. Die hoërliggende dele van Constantia het hoofsaaklik 'n rooigrond van granietoorsprong wat besonder diep is, en die beste wyne is juis op die hoërliggende dele

---

11. C.P. Thunberg: Travels in Europe, Africa and Asia, performed in the years 1770 and 1779, I, p. 126.

12. W.J. Burchell: Travels in the Interior of Southern Africa, I, p. 48.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemaak. Die plaas is ook naby die see geleë, en dit, tesame met sy hoogte bo seespieël, verskaf aan die streek waarin Constantia geleë is, 'n oseaniese klimaat wat veroorsaak dat die druiwe egalig ryp word. Volgens deskundige mening moet die besondere gehalte van die Constantiawyne in belangrike mate aan hierdie faktore toegeskryf word.(13)

Die res van die gebied naby die Skiereiland se berge het nie sulke geurige druiwe gelewer soos Constantia nie. Die oostelike wyngebiede, t.w. Drakenstein, Franschhoek, die Paarl, Stellenbosch en Hottentots-Holland, het wel goeie druiwe gehad, maar dit was óók nie so goed soos Constantia s'n nie.(14) Een van die redes hiervoor was dat wynboere dikwels wingerde aangelê het op plekke wat maklik bewerkbaar was en nie altyd op plekke waar die grond die vrugbaarste was nie.(15) Ten spyte daarvan was die druiwe wat aan die Kaap gekweek is, oor die algemeen nie van 'n swakker gehalte as dié van Europa nie. (16)

Die metode waarvolgens die eienaars van Constantia wyn berei het, was nóg 'n faktor wat die gehalte van hulle produkte verbeter het.

Die Kaapse wynboere het normaalweg soos volg wyn gemaak:

Die pars van druiwe in hierdie tyd word uitvoerig deur Thunberg beskryf. Hy sê hy het self op verskeie plase naby

---

13. Mnr. G. Nieuwoudt (B.Sc. Agric.), enoloog by Stellenbosch Boerewynmakery.
14. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 188.
15. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 183.
16. N.E. Kindersley: Letters, p. 177.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaapstad gesien hoe die boere wyn maak en hulle verder daaroor uitgevra.

Vanweë 'n gebrek aan behoorlike parsgereedskap het dit aan die Kaap in die algemeen op 'n eenvoudiger wyse as in Europa plaasgevind, verklaar hy.

Die wingerdtrosse is in 'n houer, waarvan die bodem en sye vol gate geboor is, geplaas. Hierdie houer het op dwarshoute in 'n groter houer gestaan. Die laasgenoemde houer, wat die buitenste houer genoem word, het 'n swik met 'n kraan gehad, en onder die kraan was 'n balie.

Nadat die eersgenoemde houer volgemaak is met druiwetrosse, het drie of vier slawe hul voete skoon gewas en daarin geklim. Dan het hulle begin trap. Hulle het hulself gebalanseer deur vas te hou aan 'n tou of toue wat aan die dak van die gebou waarin die parsery plaasgevind het, vasgemaak was.

Die sap wat uitgetrap is, het deur die gate na die buitenste houer geloop, en daarvandaan deur die swik in die balie. Sodra die balie vol was, is dit in groot vate leeggemaak om te gis.

Die stingels en doppe is uitgehaal en op 'n growwe rottangsif, of selfs op die gevlègte mat van 'n bed, uitgesprei. Die slawe het dit dan met hul hande op die sif gevrywe totdat al die doppe deur die sif gegaan het. Die stingels wat agterbly, is weggegooi, want indien dit in die mos gebly het, sou dit aan die wyn 'n frank en bitter smaak gee.

Die doppe is dan óók in vate of kuipe gegooi om te gis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Dag nadat die sap in die vate of kuipe gesit is, het dit alreeds begin gis. In dié proses het die growwe dele afgesak en die mos het langsamerhand helder geword.

Na 'n paar dae is dit afgetap. 'n Gevlegte mandjie is vóór die vat se swik geplaas met die doel om die wyn te filtreer.

Die afsaksels wat in die gisvate agtergebly het, is vervolgens uitgehaal en in 'n vierkantige houer, met gate in sy bodem en kante gesit. Die houer het op houte in 'n groter vat gerus, en die laasgenoemde vat het 'n swik met 'n kraan gehad. Aan die bokant van die houer was 'n skroef van hout of metaal vasgeheg. Dit is gebruik om al die sap uit die doppe en afsaksel te pers.

Die uitgeperste moer en doppe is gebruik om mee brandewyn te stook.

Thunberg sê dit het hom opgeval dat aan die Kaap geen suurdeeg (Ryngis) gebruik is om die gistingsproses te verhaas nie.[17]

Hierdie metode van wynmaak het sekere nadele gehad: Die wyn is nie toegelaat om deur behoorlike gisting heeltemal droog te gis nie, d.w.s. al die suiker is nie na alkohol omgeset nie. Vanweë 'n kort gistingsperiode was die wyn dun en het dit 'n suur smaak gehad.[18] Die mos was ook in vate getap waarin kalk gegooi is met die doel om oormatige vaste suur te verwyder. Daar is ook swawel bygevoeg as 'n verdere middel om die wyn te suiwer. Die gevolg hiervan was dat daar dikwels in die Kaapse

---

17. C.P. Thunberg: Travels, I, pp. 244-246.

18. J. Barrow: Travels, I, p. 65.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyne 'n neerslag gevind is.[19]

Voëls of wind wat skade kon aanrig, het gemaak dat die wingerdboer bevrees was dat hy 'n gedeelte van sy oes kon verloor as die druiwe te lank aan die stokke bly. Gevolglik is die druiwe soms gepluk wanneer dit nog nie behoorlik ryp was nie, en dan het die wyn 'n suur smaak gehad.[20] Daar moet ook in gedagte gehou word dat die wynboer dikwels die blare en die stingels saam met die korrels gepars het. Die doel hiervan was om meer sap en dus meer mos te verkry, maar dit het natuurlik die smaak van die wyn benadeel. Percival verklaar dat die boere beweer het dat die blare en die stingels se sap meer geur aan die wyn gee.[21]

Hierteenoor is op Constantia baie sorgsaam te werk gegaan. Die korrels is byvoorbeeld van die stingels afgepluk en éérs heeltemal skoongemaak van sand en insekte. Daarna is die pitte verwyder voordat die korrels in die parskuip gegooi is.[22] Daar is ook net druiwe wat al goed ryp was, gebruik.[23] Die druiwe het so lank aan die stokke gebly om goed ryp te word dat die korrels later begin krimp het.[24] Dit het veroorsaak dat die druiwe se suikergehalte hoog was.

---

19. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 178.
20. J. Barrow: Travels, I, p. 65.
21. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 178.
22. L. De Bougainville: A Voyage round the World, p. 359.
23. J. Barrow: An Account of Travels into the Interior of Southern Africa in the year 1797 and 1798, I, p. 24.
24. W.J. Burchell: Travels in the Interior of Southern Africa, I, p. 48.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op Constantia is ook besondere voorsorg getref om te verseker dat die vate waarin die wyn na Nederland verskeep is, goed skoon is. Elke vat is oor 'n tydperk van 24 dae in drie periodes van agt dae elk skoongemaak. Na elke periode is die vate uitgespoel, skoongemaak, drooggemaak en daarna is swawel daarin gebrand. Die swaweldampe het verseker dat alle bakteriëlewe wat skadelik vir die wyn kan wees, vernietig is.[25] Dan is die vate met vars water gevul. Daarna is die vate met kookwater uitgespoel, droog gemaak en is swawel weer in die vate gebrand. Ten einde die vate 'n wynkarakter te gee, is hulle vervolgens met dopbier[26] gevul. Dopbier is die gelyke van 'n Franse aftreksel, bekend as "piquette". Dit is 'n waterige aftreksel van ongegiste doppe wat na gisting ongeveer 5 persent per volume alkohol bevat. Dit is nie drinkbaar nie en word in Frankryk slegs gebruik vir die herwinning van alkohol. Dit kan ook gebruik word om vate uit te loog. Dit is ook moontlik dat die dopbier gewone bier, gebrou uit graan kon wees. Eersgenoemde moontlikheid word as die waarskynlikste beskou.[27]

Na 'n maand is die vate weer met skoon water uitgespoel en vir 'n derde keer is swawel daarin gebrand. Ten slotte is hulle met wyn gevul, en nadat dit drie weke, of selfs 'n maand lank, so gestaan het, is die wyn uitgetap en die vate met vars water uitgespoel. Daarna is die vate twee dae lank oopgelaat om goed te droog, en weer met vars water gevul met die doel om vas te stel of daar wurms in is. Daarna is hulle drooggemaak en weer is

---

25. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 545.

26. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 545.

27. Mnr. C. Snoek, Assistent-hoofbestuurder van die K.W.V., Paarl.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

swawel daarin gebrand. Uiteindelik is die vate met Constantiawyn gevul[28] en was hulle gereed om verskeep te word.

Die meeste Kaapse wyne was oor die algemeen baie jonk. Deur hulle langer te laat gis, beter versorg en geen minder swawel by te voeg, sou die gehalte verbeter kan word.[29]

Die Kaapse wynhandelaars het hul wyn in groot vate gehou. Die vate, wat van mahoniehout of 'n soortgelyke houtsoort gemaak is, was dik, aan die buitekant gepolitoer en baie skoon. Die vate se duie en rande was met koperhoepels versterk. Elke vat het 600 - 700 gellings wyn bevat. Die openinge waardeur hulle gevul is, was met koperplate bedek, terwyl elke vat se kraan met 'n slot toegesluit kon word om te verhoed dat daar wyn gesteel word. Sommige vate was kunstig versier met allerlei figure wat daarop uitgesny was.[30]

---

28. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 548.

29. A. Sparrman: Reize, I, p. 47.

30. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 187.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IV

DIE BINNELANDSE WYNHANDEL: DIE KELDERMEESTER, DIE PAGSTELSEL, WYNPRYSE EN TAPHUISE

Die binnelandse wynhandel was beperk. Verreweg die grootste gedeelte van die wynhandel was onder owerheidsbeheer. Gedurende die tydperk wat hier bespreek word, was 'n gedeelte daarvan selfs in die hande van die owerheid. Die Kompanjie het feitlik alle wynhandel beheer deur middel van die pagstelsel.

Die Kompanjie het aanvanklik die aankope van wyn wat hy nodig gehad het, deur middel van die keldermeester gedoen. Die keldermeester moes toesig hou oor die Kompanjieskelder en sorg dat wyn en brandewyn van goeie kwaliteit vir die Kompanjie van die wynboere aangekoop word.(1) Wynboere moes jaarliks, na afloop van die parsseisoen, opgawes maak van die hoeveelheid wyn wat hulle gepars het en die keldermeester inlig oor hoeveel daarvan hulle aan die Kompanjie wou verkoop. Die keldermeester het die wynboere later in kennis gestel watter hoeveelheid elkeen kon lewer.(2)

Die keldermeester was aanvanklik geregtig op 'n sogenaamde 4% "spillage" op drank wat aan die Kompanjie gelewer is. Die woord "spillage" het betrekking gehad op dié gedeelte van 'n voorraad wat verlore raak tydens vervoer of as dit opgeberg word. As daar minder as 4% van die hoeveelheid wyn ver-

---

1. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 41.
2. C 744 Kaapsche Geschillen 1779 - 1785, III, p. 256.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lore geraak het, kon die keldermeester die orige hoeveelheid wyn tot 'n maksimum van 4% vir sy persoonlike rekening verkoop, mits dit volgens die heersende bepalings in verband met die verkoop van wyn geskied het.(3)

Hierdie "spillage"-reëling is op 30 Oktober 1758 afgeskaf, en in die plek daarvan sou die keldermeester voortaan geregtig wees op 10% van die hoeveelheid wyn wat aan die einde van die jaar in die Kompanjieskelder agtergebly het. Hy kon hierdie wyn vir sy persoonlike rekening verkoop.(4)

Die Kompanjie het wyn aan die Kaap vir die hospitaal en slawelosie benodig, vir sekere plaaslike Kompanjiesamptenare, byvoorbeeld die goewerneur, vir verbruik op Kompanjieskepe wat tussen die Kaap en Oos-Indië gevaar het en vir die Kompanjie se besittings in Oos-Indië.(5) Die Kompanjie het jaarliks ongeveer 760 lêers Kaapse wyn benodig. Hiervan is 400 lêers vir gebruik ter plaatse bedoel en 360 lêers vir Nederland en die Kompanjie se gebiede in die Ooste.(6) Dit het die Kompanjie jaarliks ongeveer 9 120 rds. gekos.(7) Teen 1793 het die Kompanjie ongeveer 13% van die Kaap se totale jaarlikse wynoes aangekoop.

Verreweg die grootste persentasie van die wynhandel is

---

3. A.J. Boëseken: Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse Samelewing aan die Kaap, p. 130.

4. C 695 Verslag van Nederburgh en Frijkenius, II, 24 Julie 1795, p. 220.

5. C 99 Resolutien, 10 November 1792, p. 598.

6. C 695 Verslag van Nederburgh en Frijkenius, II, 24 Julie 1793, p. 287.

7. C 695 Verslag van Nederburgh en Frijkenius, II, 24 Julie 1793, p. 287.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur middel van die pagstelsel beoefen. Daar het in 1752 drie drankpagte aan die Kaap bestaan.

Die belangrikste van die drie pagte was ongetwyfeld die algemene wynpag wat reeds in 1679 ingestel is.[8] Die besitter van die algemene wynpag was die enigste persoon wat toegelaat is om wyn by die kleinmaat, d.w.s. in hoeveelhede kleiner as 'n halfaam in vermaaklikheidsplekke en tapperye in die Tafelvallei aan die publiek te verkoop.[9] Hy het ook die alleenreg gehad om so lank as wat Kompanjieskepe of vreemde skepe in die hawe is, wyn vir gebruik aan boord aan hulle te verskaf.[10] Die algemene wynpagter was geregtig om wyn op enige plek in die kolonie te koop.

In 1752 het daar benewens die Kaapse pag, 'n algemene wynpag vir die platteland bestaan wat in 1714 ingestel is vir Stellenbosch en in 1715 na Hottentots-Holland en Drakenstein uitgebrei is.[11] Teen 1752 het daar ook 'n aparte pag vir Rondebosch bestaan wat Valsbaai ingesluit het.[12]

Sowel die algemene wynpag vir die platteland as dié vir Rondebosch - Valsbaai het aan die betrokke pagter die reg verleen

---

8. G.J. Krause: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap, p. 48.
9. G.J. Krause: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap, p. 100.
10. C.P. Thunberg: Travels, I, p. 298.
11. G.J. Krause: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap, p. 149.
12. G.J. Krause: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap, pp. 160 - 161.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om in bogenoemde gebiede wyn in hoeveelhede kleiner as 'n halfaam aan die publiek te verkoop. Daarbenewens het hy ook die reg gehad om ander Kaapse dranksoorte en Europese brandewyn by die kleinmaat te verkoop.(13)

In 1774 is 'n fundamentele wysiging ten opsigte van die algemene wynpag deur 'n aantal wynboere van Stellenbosch en Drakenstein voorgestel. Volgens hulle voorstel moes iemand wat self 'n wynboer is, nie in die toekoms toegelaat word om die algemene wynpag te besit nie. Die aanleiding hiervoor was die optrede van die algemene wynpagter, Martin Melck, wat as wynboer self soveel wyn gepars het dat hy in 1773 en 1774 geen wyn van ander boere gekoop het nie. Omdat hy steeds meer wingerdstokke aangeplant het, wou dit voorkom, aldus die wynboere, asof hy in die toekoms nie meer van die ander boere wyn sou hoef te koop nie.(14)

Die Politieke Raad was van mening dat so 'n besluit tot nadeel van die algemene wynpag sou strek en het dit gevolglik van die hand gewys.(15)

Die tweede drankpag wat teen 1752 bestaan het, het betrekking gehad op die verkoop van Europese wyn en bier aan Kaapse koloniste in die Tafelvallei. Die pagter het normaalweg Neder-

---

13. G.J. Krause: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap, p. 160.
14. C 66 Resolutien, 6 Desember 1774, p. 386.
15. C 67 Resolutien, 10 Januarie 1775, p. 65.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

landse bier, Franse wyn en Duitse wyn verkoop. Hy moes alle drank regstreeks van die Kompanjie koop.[16]

Die derde drankpag, bekend as die brandewynpag, was 'n pag ten opsigte van die verskaffing van Europese en Kaapse brandewyn en arak aan Kaapse inwoners in die Tafelvallei. Die brandewynpagter moes al sy voorrade van die Kompanjie inkoop.[17]

Anders as die geval met wyn, was daar prysbeheer t.o.v. die verkoop van alle brandewynsoorte in die kleinhandel. Reeds in 1725 is bepaal dat alle brandewynsoorte voortaan teen 4 skellings per fles verkoop moes word - 'n besluit wat tot aan die einde van die Kompanjiesbewind aan die Kaap van krag gebly het.[18]

In 1754 het die Raad van Indië besluit om 'n bykomstige aksynsbelasting te hef van net meer as 7 rds. per lêer wyn wat aan vreemde skepe verskaf word.[19] Die belasting, wat as heeltemal buitensporig beskou is, was bedoel om die inkomste wat die Kompanjie uit die Kaapse nedersetting verkry het, te vergroot. Onder die leiding van goewerneur Ryk Tulbagh het die Politieke Raad beswaar gemaak teen dié besluit omdat dit vreemde skepe sou ontmoedig om aan die Kaap handel te dryf. Daarom is dit na die Here XVII verwys en hulle het dié besluit ter syde gestel.[20]

---

16. G.J. Krause: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap, pp. 139 - 140.
17. G.J. Krause: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap, p. 107.
18. G.J. Krause: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap, pp. 107 en 110.
19. G.M. Theal: History of Africa, IV, p. 101.
20. G.M. Theal: History of Africa, IV, p. 102.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die besluit van die Raad van Indië is egter kort daarna in 'n gewysigde vorm van toepassing gemaak toe daar in 1757 'n nuwe drankpag ingestel is, nl. die pag vir die lewering van Kaapse wyn en Europese arak aan vreemde skepe. Die voorwaardes ten opsigte van hierdie pag het bepaal dat vir elke lêer wyn, brandewyn of arak wat aan vreemde skepe gelewer is, 5 rds. aan die Kompanjie betaal moes word.(21)

Ten opsigte van al die pagte wat hierbo beskryf is, moes 'n pagter twee borge verskaf. Volgens O.F. Mentzel het die borge die pagooreenkoms wat die pagter met die Politieke Raad gesluit het medeonderteken en dus gewaarborg dat die paggeld aan die Politieke Raad betaal sal word. Aangesien die kapitale uitgawe vir die oprigting van behoorlike geboue waar drank verkoop kon word en kontantgeld vir die aankoop van 'n voldoende voorraad drank gewoonlik bo die geldelike vermoë van een persoon was, het die borge ook as vennote opgetree en die benodigde ontbrekende kapitaal verskaf.(22) Aangesien die borge die verantwoordelikheid van die borgskap moes dra en ook kapitaal belê het, het hulle ook op die winste van die pag aanspraak gemaak.

In 1764 het 'n interessante gebeurtenis in dié verband plaasgevind. Die vorige jaar is die brandewynpag ten opsigte van Rondebosch en Valsbaai vir 2150 guldens aan Jacob Wimmer toegeken.(23) In 1764 is Wimmer in hegtenis geneem weens 'n kriminele oortreding. Gevolglik was hy nie in staat om die pagvoorwaardes na te kom nie.

---

21. C 49 Resolutien, 26 April 1757, p. 194.

22. O.F. Mentzel: Description of the Cape, II, p. 52.

23. C 56 Resolutien, 29 Mei 1764, p. 341.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om hierdie rede het die twee persone wat vir hom as borge opgetree het, te wete Petrus Nelle en Frederik Hartwig, die Politieke Raad versoek dat aan hulle die reg verleen word om die pag vir die oorblywende tyd oor te neem. Die versoek is toegestaan.[24]

In 'n ander geval was die brandewynpagter nie so gelukkig nie. In 1779 het die Fiskaal-Independent, Willem Cornelis Boers, die Politieke Raad meegedeel dat een van die wynpagters, Willem de Kruger, 'n gedeelte van sy paggeld, naamlik 2 833 rds. nie kon betaal nie.[25] Kruger het probeer om die geld te leen, maar weens die heersende tekort aan geld was hy onsuksesvol. Omdat Kruger reeds tevore die brandewynpag besit het, en toé sy verpligtinge nagekom het, en aangesien hy 'n hardwerkende persoon was, het die Politieke Raad aan hom uitstel verleen. In Oktober 1779 het hy toe drie huise en 'n klompie losgoed vir 11 301:14 guldens verkoop en daarmee sy skuld vereffen.[26]

Die Politieke Raad het nooit vaste reëls neergelê ten opsigte van pagters wat nie hul paggeld kon betaal nie. Elke geval is op sy eie meriete behandel.

Dit was ook moontlik vir 'n pagter om sy pag, met die toestemming van die Politieke Raad, aan iemand anders oor te dra. Jan Smook het byvoorbeeld in 1769 die brandewynpag ten opsigte van Stellenbosch en Drakenstein vir 275 guldens gekoop. Ses dae later het hy besluit om nie daarmee voort te gaan nie en die Politieke

---

24. C 56 Resolutien, 29 Mei 1764, p. 343.

25. C 71 Resolutien, 2 September 1779, p. 355.

26. C 71 Resolutien, 11 Oktober 1779, p. 414.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Raad versoek om die pag aan Hermanus Combrinck te mag oordra. Die Politieke Raad het dit toegestaan.[27]

'n Aantal Kaapse burgers het in die Burgerpetisie van 1779 die Here XVII versoek dat die pos van keldermeester afgeskaf word. Indien die wynboere, volgens die petisionarisse, hulle wyn sonder die tussenkoms van die keldermeester aan die Kompanjie kon lewer, sou laasgenoemde méér en beter wyn ontvang. Terselfdertyd sou dit vir die Kompanjie 'n groot besparing meebring.[28] Die Here XVII het sonder opgaaf van redes nie hierdie versoek toegestaan nie.

Spoedig na hulle aankoms in Junie 1793, het die kommissarisse-generaal, Nederburgh en Frijkenius, agtergekom dat die Keldermeester hom skuldig gemaak het aan sekere misbruike in verband met die Kompanjieskelder. Die Kommissarisse het bevind dat die keldermeester, Johannes le Sueur, jaarliks die hoeveelheid wyn en brandewyn wat onder die 10%-reëling aan hom toegeken is, op die name van sommige leweransiers aan die Kompanjie verkoop het, en wel teen die bruto prys wat wynboere ontvang het, te wete 40 rds. per lêer wyn en 60 rds. per lêer brandewyn.[29] Die Keldermeester het egter nie die vatgeld en die emolument aan die Goewerneur en die Sekunde betaal nie. Gevolglik het die Kommissarisse besluit dat die keldermeester ook in die toekoms slegs 27 rds. per lêer vir wyn wat hy aan die Kompanjie verkoop, sou ontvang.[30]

---

27. C 61 Resolutien, 5 September 1769, p. 279.

28. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 31.

29. C 695 Verslag van Nederburgh en Frijkenius, II, 24 Julie 1793, p. 220.

30. C 695 Verslag van Nederburgh en Frijkenius, II, 24 Julie 1793, p. 221.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Kommissarisse het voorts bevind dat die Keldermeester nog steeds vir homself die 4% "spillage" op drank wat aan die Kompanjie gelewer is - 'n reg wat reeds op 30 Oktober 1758 afgeskaf is - toegeëien het bo en behalwe die 10% - bepaling wat in 1758 van krag gemaak is.(31) Hulle het toe geëis dat Le Sueur die geld wat hy 11 agtereenvolgende jare lank op hierdie wyse vir hom toegeëien het, t.w. 42 368 guldens, aan die Kompanjie moes terugbetaal.(32)

Die Kommissarisse het ook bevind dat sekere plaaslike vertakkings van die Kaapse administrasie besonder groot uitgawes meegebring het. Die belangrikste daarvan was die pos van keldermeester onder wie se beheer die Kompanjieskelder gestaan het. Die Kommissarisse was van mening dat as hierdie pos afgeskaf sou word, dit 'n aansienlike besparing vir die Kompanjie sou beteken. Op 6 November 1792 het die Kommissarisse dan ook die Politieke Raad in kennis gestel dat hulle die pos van keldermeester afskaf.(33) Die feit dat die Kompanjie voortaan sonder die dienste van 'n hoofopsigter by die Kompanjieskelder, twee kelderbediendes, 16 slawe en 'n aantal kuipers sou kon klaarkom,(34) sou 'n jaarlikse besparing van 34 860 guldens beteken.(35)

Die afskaffing van die pos van keldermeester het meegebring

---

31. A.J. Boëseken: Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse Samelewing aan die Kaap, p. 130.

32. A.J. Boëseken: Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse Samelewing aan die Kaap, p. 130.

33. C 689 Brieven van Commissarissen-Generaal Nederburgh en Frijkenius, I, 1 November 1792, p. 726.

34. C 204 Bijlagen 1792, 15 November 1792, p. 176.

35. J.S. le Roux: Die Sending van Kommissarisse-Generaal Nederburgh en Frijkenius en Toestande in die Volksplanting aan die Kaap tydens die verval van die N.O.I.K., p. 73.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat die pagstelsel heelwat uitgebrei is. In die toekoms sou die lewering van wyn, brandewyn en asyn aan die Kompanjie óók deur middel van die pagstelsel plaasvind en hierdie pag sou óók in die openbaar opgeveil word. Die Kommissarisse het besluit dat die pag vir die lewering van wyn, brandewyn en asyn aan die Kompanjie, in drie dele verdeel sou word:

Die eerste deel het betrekking gehad op die verskaffing van wyn en asyn wat die Kompanjie vir gebruik op sy skepe, in die hospitaal en in die slawelosie nodig sou hê.

Die tweede was ten opsigte van die lewering van wyn vir die Kompanjie se besittings in Oos-Indië.

Die derde sou betrekking hê op die lewering van brandewyn aan verbyvarende Kompanjieskepe en vir Kompanjieamptenare.[36]

Die verskaffing van wyn, asyn en brandewyn aan die Kompanjie sou vir 'n tydperk van vyf jaar verpag word. Die pagter sou nie toegelaat word om aan vreemdelinge of aan Kaapse inwoners asyn, wyn of brandewyn te verkoop nie.[37] Die drie pagte sou apart opgeveil word en elkeen kon deur 'n verskillende pagter uitgeoefen word. Dit was egter ook moontlik dat al drie pagte deur een persoon uitgeoefen kon word.[38]

Die eerste opveiling van die pagte t.o.v. die lewering van

---

36. C 99 Resolutien, 16 November 1792, pp. 598 - 599.

37. C 99 Resolutien, 11 Desember 1792, p. 855.

38. C 99 Resolutien, 28 Desember 1792, p. 1103.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyn en asyn het op 28 Desember 1792 plaasgevind. By hierdie geleentheid is die derde pag, nl. die verskaffing van brandewyn aan verbyvarende Kompanjieskepe en Kompanjiesamptenare, om een of ander rede wat nie vermeld word nie, nie opgeveil nie. Die ander twee pagte, wat van September 1794 tot Augustus 1799 sou strek, is altwee aan Jacobus Johannes van den Berg verkoop.(39) Hy moes wyn teen die volgende pryse lewer: gewone soet witwyn en rooiwyn (meerjarig) teen 28 rds. per lêer; Maagwyn - 'n gesogte wyn in daardie tyd - en soet Pontakwyn teen 24½ rds. per lêer; en asyn teen 3 swaar stuiwers (60 ligte stuiwers is gelyk aan 1 rds. en 48 swaar stuiwers is gelyk aan 1 rds.)(40) per kan ('n kan was gelyk aan twee pinte).(41)

Dit het daarop neergekom dat alle Kompanjiesamptenare en -instansies wat te vore deur die Kompanjieskelder van wyn en asyn voorsien is, dit van nou af by die pagter moes koop.

Die kleinhandel in Kaapse wyn het deur middel van 'n stelsel van tapperye plaasgevind. 'n Tappery was 'n kombinasie van 'n kroeg en 'n drankwinkel; drank is daar aan persone bedien om ter plaatse verbruik te word en dit is ook verkoop om weggeneem te word. Wyn kon in hoeveelhede van minder as 'n halfaam in die tappery gekoop word. Die hoeveelhede waarin wyn normaalweg aan klante verkoop is, was per fles (4 pinte = 1 fles), per pintbottel of per mutsie (d.i. per gewone soetwynglas).(42)

---

39. C 99 Resolutien, 28 Desember 1792, p. 1103.
40. Woordenboek der Nederlandsche Taal, Deel XVII, kolom 319.
41. Woordenboek der Nederlandsche Taal, Deel VII, kolom 1198.
42. G.J. Krause: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap, pp. 95 - 96. Sien ook O.F. Mentzel: Description of the Cape, II, p. 86.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Omdat die wynpag in vier dele opgeveil is, kon 'n pagter wat al vier dele koop, altesame 16 tapperye open - vier tapperye vir elke deel van die pag.[43] Die aanhou van 'n tappery was een van die winsgewendste bedrywe aan die Kaap.

Die tapperye wat die algemene wynpagter besit het, was nie almal van dieselfde standaard nie. Teen die helfte van die agtiende eeu is aan die Kaap drie soorte tapperye aangetref.

Die swakste tipe was dié waar wyn per vierpintfles verkoop is. Ongeveer 30 sulke flesse gaan op 'n halfaam. Die prys per fles was 12 stuiwers (d.w.s. 3 stuiwers per pint), en die wins op 'n halfaam was ongeveer 1½ rds. Hierdie soort taphuis is meestal deur soldate, matrose en slawe ondersteun. Die slawe het nie soseer gekom om te drink nie, maar om te dobbel. Ten spyte van streng maatreëls het daar dikwels in hierdie taphuise wanordelikhede voorgekom.

'n Tweede en ook meer respektabele soort tappery, wat merendeels deur onderoffisiere en ander persone met soortgelyke range besoek is, het dieselfde wynsoorte in pintbottels teen 6 stuiwers per bottel verkoop. In hierdie tapperye het dit rustiger toegegaan, maar soms is daar musiek gemaak en selfs ook gedans.[44]

In die derde en fatsoenlikste soort tappery is wyn onder andere per pintbottel verkoop, maar teen 8 stuiwers per pint. Die tapperye het goeie meubels gehad, en daar is ook vir die klante

---

43. O.F. Mentzel: Description of the Cape, II, p. 86.

44. O.F. Mentzel: Description of the Cape, II, p. 86.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pype en tabak aangebied. 'n Klant kon daar die hele aand lank pyp rook as toegif vir die prys van een enkele pint wyn. Daar is nie daarop aangedring dat 'n klant moes drink nie. Oormatige drinkery is inderwaarheid ontmoedig. 'n Ander kenmerk van hierdie soort tappery was dat daar 'n biljartkamer was waar biljart gespeel kon word. Na elke spel is gewoonlik 'n drankie geniet, en biljartspelers moes 10 in plaas van 8 stuiwers per pintbottel wyn betaal.(45)

Dieselfde soort wyn is dus in tapperye aan die Kaap teen verskillende pryse verkoop, tewete 3, 6, 8 en 10 stuiwers per pint onderskeidelik.

Dit lei geen twyfel nie dat dit soms by tapperye baie vrolik toegegaan het. Die tapperye was die hele week - Sondae ingesluit - oop. Op Sondae is die tapperye egter eers na afloop van die voormiddag se godsdiensoefening geopen.(46) Die tapperye was die plekke waarheen die Kaapse inwoners gegaan het met die doel om saam met hulle vriende gesellig te verkeer.

In 1756 is die gebruik om op Sondae in tapperye wyn te bedien, gestaak. Die toenmalige algemene wynpagter, Joachim Daniel Hiebenaar, het in 'n versoekskrif aan die Politieke Raad, gedateer 13 April 1756, die aandag daarop gevestig dat sy bytappers die voorafgaande drie maande deur die geregsdienaar verbied is om op Sondae aan die publiek wyn te verkoop, en selfs om met viole en ander musiekinstrumente in die tapperye musiek te maak. Hierdie

---

45. O.F. Mentzel: Description of the Cape, II, p. 86.

46. C 48 Resolutien, 13 April 1756, p. 207.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toestand van sake sou hom 'n aansienlike verlies besorg het omdat baie lede van die Kaapse publiek, veral ambagslui, Sondae ná die godsdiensoefening sy tapperye besoek het. Volgens Hiebenaar kon hulle gedurende die week nie daarheen kom nie omdat hulle werksure dit onmoontlik gemaak het. Vanweë die afwesigheid van vermaak in sy tapperye, het die publiek nou die tapperye buite die Tafelvallei, byvoorbeeld dié by Driekoppen en Houtrivier besoek, waar daar wél vermaak verskaf is. Ander pagters het dus nou die inkomste gekry waarop hy geregtig was. Hiebenaar het voorts verklaar dat hy nie deur sy pagvoorwaardes verbied is om op Sondae wyn te verkoop en vermaak te verskaf nie.(47)

Die Politieke Raad het besluit om, weens die onreëlmatighede wat daar in tapperye kon ontstaan, die verbod te handhaaf. Dit is ook na die tapperye buite die Tafelvallei uitgebrei.(48) Daar sou dus voortaan op Sondae en feesdae in tapperye aan die Kaap geen wyn verkoop of musiek gemaak mag word nie.

Nog persone wat teen 1752 uit die wynhandel 'n bestaan gemaak het, was die groothandelaars wat as wynkopers bekend was. Hulle was nie paghouers nie, maar indien hulle aan die Kompanjie 'n sekere fooi betaal het, is hulle toegelaat om hoeveelhede van hoogstens 12 lêers wyn, wat hulle gewoonlik by wynboere ingekoop het, na

---

47. C 48 Resolutien, 13 April 1756, p. 211.

48. C 48 Resolutien, 13 April 1756, p. 212.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Kaap te bring en daar te verkoop. Aangesien die wynkopers ook wyn verkoop het, was hulle dus wynhandelaars. Hulle was egter in die tyd wat bespreek word, as wynkopers bekend. Hulle kon nie wyn in kleiner hoeveelhede as 'n halfaam verkoop nie, en hulle prys was die helfte minder as dié van die algemene wynpagter, t.w. 3 rds. per halfaam.(49)

Hierdie groothandelaars moes hulle besigheid in 'n pakhuis langs die straat bedryf.

Die publiek was dus nie verplig om van die algemene wynpagter wyn te koop nie; hulle kon dit van 'n groothandelaar (wynkoper) koop, maar dan moes hulle dit kon bekostig om minstens 'n halfaam te koop. Die publiek kon selfs ook regstreeks van wynboere wyn koop, natuurlik in eenhede van minstens 'n halfaam. Hiervoor was nie 'n permit nodig nie.(50) Sodanige wyn was egter net vir persoonlike verbruik.

Wynboere wat in die Kaap woonhuise besit het, kon net soveel van hul eie wyn as wat hulle nodig gehad het, na die Kaap toe bring met die doel om dit dáár te verbruik. Hulle kon selfs van hul eie wyn dáár in eenhede van nie minder nie as 'n halfaam aan private persone verkoop. Vir sulke verkope is geen minimum- of maksimum-pryse vasgestel nie. As 'n wynboer wyn wou koop met die doel om dit wéér te verkoop, moes hy daarvoor 'n permit kry, waarvoor hy 'n sekere fooi aan die Kompanjie betaal het. In so

---

49. O.F. Mentzel: Description of the Cape, II, p. 87.

50. O.F. Mentzel: Description of the Cape, II, p. 87.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n geval was hy ook nie toegelaat om meer as 12 lêers wyn op 'n keer na die Kaap toe te bring nie.(51)

In die lig van dit alles kan 'n mens met Mentzel saamstem dat die Kaapse burgers nie besonder deur die pagstelsel aan bande gelê is om vir hulle private verbruik, wyn te verkry nie.(52)

Die inkomste wat, in die tydperk onder bespreking, deur die Kompanjie uit die verskillende drankpagte verkry is, word in die volgende tabel verstrek.(53)

---

51. O.F. Mentzel: Discription of the Cape, II, p. 87.

52. O.F. Mentzel: Discription of the Cape, II, p. 87.

53. Die gegewens vir die tydperk 1753 - 1778 is verkry uit: C 761 Memorie Boekje der Verpagtingen van 's lands inkomsten 1744 - 1778: Sien hierin p. 21 (vir 1753), p. 23 (vir 1754), p. 25 (vir 1755), p. 27 (vir 1756), p. 29 (vir 1757), p. 31 (vir 1758), p. 33 (vir 1759), p. 35 (vir 1760), p. 37 (vir 1761), p. 39 (vir 1762), p. 41 (vir 1763), p. 43 (vir 1764), p. 45 (vir 1765), p. 47 (vir 1766), p. 49 (vir 1767), p. 51 (vir 1768), p. 53 (vir 1769), p. 55 (vir 1770), p. 57 (vir 1771), p. 59 (vir 1772), p. 61 (vir 1773), p. 63 (vir 1774), p. 65 (vir 1775), p. 67 (vir 1776), p. 69 (vir 1777), p. 71 (vir 1778).

Die gegewens vir 1779 - 1794 is verkry uit: C 71 - C 107 Resolutien 1779 - 1794. Sien C 71, 31 Augustus 1779, pp. 339 - 340, C 72, 31 Augustus 1780, pp. 279 - 280, C 73, 31 Augustus 1781, pp. 491 - 492, C 74, 31 Augustus 1782, pp. 750 - 751, C 75, 30 Augustus 1783, pp. 533 - 534, C 76, 31 Augustus 1784, pp. 558 - 559, C 78, 31 Augustus 1785, pp. 607 - 608, C 80, 31 Augustus 1786, p. 990, C 82, 31 Augustus 1787, p. 647, C 84, 30 Augustus 1788, pp. 252 - 253, C 86, 31 Augustus 1789, p. 142, C 88, 31 Augustus 1790, pp. 543 - 544, C 93, 31 Augustus 1791, p. 121, C 98, 31 Augustus 1792, p. 372, C 103, 31 Augustus 1793, p. 405, C 106, 30 Augustus 1794, p. 884.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPBRENGS VAN DIE DRANKPAGTE, 1753 - 1794

(in guldens)

Jaar	Algemene Bierpag	Kaapse en Europese brandewyn en arak (Tafelvallei)	Europese bier en wyn aan Kaapse koloniste	Algemene Wynpag	Kaapse wyn en Kaapse en Europese brandewyn by Ronde-bosch en Valsbaai	Kaapse wyn en Kaapse en Europese brandewyn by Stellenbosch en Drakenstein	Kaapse wyn en Kaapse en Europese brandewyn en arak vir vreemde skepe	Totaal
1753/4	925	13 800	4 300	30 000	1 125	425	-	50 575
1754/5	925	14 750	2 800	24 400	1 150	700	-	44 725
1755/6	875	7 175	1 800	20 500	1 100	600	-	32 050
1756/7	850	17 000	2 850	27 100	1 800	900	-	50 500
1757/8	725	24 500	2 300	24 100	1 800	625	500	54 550
1758/9	575	23 250	2 575	20 375	2 100	375	775	50 025
1759/60	750	8 375	2 050	12 300	1 600	250	2 700	28 025
1760/1	675	14 350	2 350	18 000	2 175	375	6 000	43 925
1761/2	775	17 975	1 850	20 700	2 350	225	6 300	50 175
1762/3	800	23 000	3 100	20 000	2 750	500	-	50 150
1763/4	1 550	24 750	6 100	23 200	2 150	775	3 325	61 850
1764/5	1 050	24 550	5 000	31 000	3 000	600	3 000	68 200
1765/6	1 250	22 300	2 000	27 400	2 000	425	2 100	57 475
1766/7	1 575	23 300	2 250	22 000	2 500	600	800	53 025
1767/8	1 775	22 600	1 500	26 100	2 475	275	3 000	57 725
1768/9	1 650	24 300	1 700	28 000	1 750	400	4 100	61 900
1769/70	1 900	26 300	1 025	34 500	2 100	275	5 300	71 400
1770/1	1 900	26 000	1 225	40 000	2 550	650	6 200	78 525
1771/2	1 975	25 400	1 000	36 300	2 825	525	8 800	76 825
1772/3	2 150	26 325	1 500	32 300	3 275	500	6 000	72 050

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Algemene Bierpag	Kaapse en Europese brandewyn en arak (Tafelvallei)	Europese bier en wyn aan Kaapse koloniste	Algemene Wynpag	Kaapse wyn en Kaapse en Europese brandewyn by Rondebosch en Valsbaai	Kaapse wyn en Kaapse en Europese brandewyn by Stellenbosch en Drakenstein	Kaapse wyn en Kaapse en Europese brandewyn en arak vir vreemde skepe	Totaal
1773/4	2 650	26 975	2 750	32 000	3 300	800	9 300	77 775
1774/5	2 600	24 950	1 125	35 550	1 800	600	8 500	75 125
1775/6	2 350	27 525	650	29 000	2 500	1 225	8 750	72 000
1776/7	2 400	33 400	675	36 200	3 000	1 000	9 500	86 175
1777/8	1 850	34 200	500	35 200	3 800	675	6 100	82 325
1778/9	1 900	34 600	725	32 000	4 800	450	8 000	82 475
1779/80	2 525	18 300	600	32 200	3 900	550	18 500	76 575
1780/1	2 250	29 300	1 300	34 600	5 400	400	34 300	107 550
1781/2	2 300	37 100	800	45 000	7 100	625	32 700	125 625
1782/3	1 575	42 700	425	50 600	8 000	650	-	103 950
1783/4	1 400	49 550	600	61 400	3 700	1 150	-	117 800
1784/5	2 500	55 950	650	71 500	6 500	1 825	25 400	164 325
1785/6	3 000	52 950	800	74 500	9 400	1 100	19 000	160 750
1786/7	3 000	49 950	1 400	86 500	7 000	1 500	18 000	167 350
1787/8	2 800	45 200	1 100	123 000	6 750	1 450	14 200	194 500
1788/9	3 300	57 100	1 000	137 000	7 300	1 800	9 300	216 800
1789/90	3 450	52 000	2 000	140 000	13 000	1 300	10 800	222 650
1790/1	3 300	68 100	2 600	144 900	12 600	1 700	8 500	241 700
1791/2	4 000	66 000	2 750	90 000	13 400	1 700	18 300	196 150
1792/3	4 200	48 000	2 650	51 500	10 500	1 600	9 600	127 650
1793/4	3 600	60 850	2 300	45 050	10 600	1 050	8 100	131 550
1794/5	3 000	33 700	1 500	31 050	9 600	750	10 500	90 100

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

As hierdie syfers ontleed word, is dit duidelik dat daar van jaar tot jaar heelwat skommelinge plaasgevind het t.o.v. die opbrengstes van die verskillende pagte en ook t.o.v. die totale paggeld. Dit het natuurlik verband gehou met o.a. die hoeveelheid wingerdstokke wat in drag was, met die vraag of dit 'n goeie wynjaar was of nie, met die getal skepe wat by die Kaap aangedoen het en by geleentheid met die aanwesigheid van 'n groot getal soldate.

As 'n mens die algemene wynpag, wat natuurlik net op Kaapse wyn betrekking gehad het, ontleed, dan blyk dit dat daar, veral van 1769 af, 'n positiewe korrelasie was tussen die binnelandse produkte en die pagopbrengs, en wel met 'n tussentydsverloop van twee jaar of meer. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat wyn doelbewus verouder is. Dit sou dan veel reëlmatiger bemark kan word. So is dit moontlik dat 'n gedeelte van die goeie oeste van 1779 en 1780 gedurende die daaropvolgende maer jare tot 1785 n afset gevind het. 'n Duideliker parallel kom na vore in die tydperk 1781 - 1791 toe die wynproduksie en die pagopbrengste saam gestyg het, met die hoogtepunt in inkomste in 1791, twee jaar later as dié ten opsigte van die produksie (1789).

Die getal vreemde skepe wat by die Kaap aangedoen het, het van 1769 af aansienlik toegeneem. Voorheen was dit ongeveer 20 per jaar, terwyl die syfer in die tydperk 1771 - 1781 op gemiddeld ongeveer 65 per jaar te staan gekom het. Daarna het die besoeke nog vinniger toegeneem tot meer as 100 per jaar in die tydperk 1783 - 1791, met hoogtepunte in 1783 en 1784, toe 151 en 122 vreemde skepe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderskeidelik by die Kaap aangedoen het.[54]

Die paggeld ten opsigte van die voorsiening van brandewyn en arak aan vreemde skepe het van jaar tot jaar aansienlik gewissel, maar tussen 1768 en 1773 het dit meer as verdubbel en daarna op 'n hoë peil gebly. Daar was dus 'n sterk positiewe korrelasie tussen die getal vreemde skepe wat die Kaap besoek het en die betrokke pagopbrengs.

Vanaf 1781 tot 1790 was daar verskeie regimente huursoldate aan die Kaap wat deur die Kompanjie vir verdedigingsdoeleindes in diens geneem is. Die Regiment van Pondicherri onder kolonel Conway het in 1781 by die Kaap aangekom.[55] Hierdie regiment het tot 1784 aan die Kaap gebly. Bogenoemde regiment is in Mei 1782 versterk deur die aankoms van die Regiment van Luxemburg.[56] Hierdie regiment het uit ongeveer 340 manskappe bestaan en het die Kaap in 1783 verlaat. In Februarie 1783 het die Switserse regiment, die Regiment van Meuron, by die Kaap aangekom en tot 1788 gebly.[57] Dit het uit ongeveer 300 manskappe bestaan. Die Regiment van Würtemberg, bestaande uit ongeveer 2 000 man, het in Desember 1787 by die Kaap aangekom en in 1790 na Batavia vertrek.[58]

Die huurtroepe was 'n goeie mark vir wingerdprodukte en

---

54. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde, p. 335.

55. P.E. Roux: Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oos-Indië Kompanjie (1652 - 1759), p. 41.

56. C 648 Dagregister, 3 Mei 1782, p. 215.

57. C 648 Dagregister, 7 Februarie 1783, p. 357.

58. C 648 Dagregister, 4 Desember 1787, p. 1236.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle aanwesigheid was o.a. verantwoordelik vir die styging van die drankpagte.

Die Here XVII het in 1790 strenge besuinigingsmaatreëls aan die Kaap gelas en dit het ook meegebring dat die huurtroepe aan die Kaap onttrek is.(59) Daarbenewens is verdere besuinigingsmaatreëls in 1792 deur kommissarisse Nederburgh en Frijkenius ingestel en dit het ook daartoe bygedra dat die opbrengs van die drankpagte gedurende die laaste paar jaar van die Kompanjiesbewind heelwat laer was as dié gedurende die tydperk 1780 - 1790.

Uit die voorafgaande blyk ook dat die algemene wynpag in die tydperk 1753 - 1795 tussen 40% en 60% van die totale paggeld opgelewer het, terwyl die algemene brandewynpag tussen 22% en 47% beloop het. Dit was verreweg die betekenisvolste pagte. Die algemene wynpag het van 1767/8 af bo die algemene brandewynpag uitgetroon, behalwe in 1778/9, 1793/4 en 1794/5 toe dit insinkings ondervind het. In 1789/90 was dit ongeveer twee-en-'n-driekwart maal so veel soos die algemene brandewynpag.

Ten slotte ontstaan nog die vrae: Watter rol het die drankpagte aan die Kaap as inkomstebron vir die Kompanjie gespeel? En watter persentasie daarvan moet aan plaaslike vervaardigde wingerdprodukte toegeskryf word?

Volledige besonderhede i.v.m. die gemiddelde jaarlikse inkomste van die Kompanjie gedurende die tien belastingjare wat

---

59. A.J. Boëseken: Die Kompanjie aan die Kaap (1652 - 1795) (A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p. 175.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gestrek het van 1 September 1784 tot 31 Augustus 1794 is beskikbaar. Dit sien daar soos volg uit:

Gemiddelde Jaarlikse Inkomste (1784 - 1794)[60]

Bron	Bedrag
Rekognisiegelde	56 659:15 guldens
Oordragsgelde	31 112: 9 guldens
Invoer- en Uitvoerbelasting	28 283: 3 guldens
Belasting op wyn en brandewyn wat van die plase af na die Kaap toe gebring is (Vatgeld)	35 587:15 guldens
Tiendes van koring	17 563:14 guldens
Venduregte	23 830:18 guldens
Seëlregte	23 373: 9 guldens
Totaal van die drankpagte	134 891:12 guldens
Totaal	310 056:15:8 guldens

Hieruit blyk dat die drankpagte in die betrokke jare ongeveer 38% van die totale inkomste uitgemaak het. As die belasting op wyn en brandewyn wat van die plase af na die Kaap toe gebring is, hierby gevoeg word, dan styg die syfer tot byna 49%. Dit is opmerklik dat die bedrae wat in die bostaande tabel genoem word, nie ooreenkom met die totaal, naamlik 310 056:15:8 guldens as die verskillende bedrae bymekaar getel word nie. Verder verskil die totaal van die drankpagte aansienlik van die totaal op p. 54 oor dieselfde tydperk.

Gedurende die laaste twee jaar van die Kompanjiesbewind aan

60. BO 47 Letters and Annexures 1795 - 1802: Average of the Revenue from 1st September 1784 to the last of August 1794: Craig - Dundas, 18 Desember 1795, pp. 17 - 19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Kaap, is die drankpagte deur rekognisiegelde vervang as die vernaamste bron van inkomste vir die Kompanjie. In 1793/4 het die drankpagte 21% van die totale jaarlikse inkomste uitgemaak teenoor die 29,6% van die rekognisiegelde.(61) In 1794/5 het die drankpagte 19% van die landsinkomste uitgemaak en die rekognisiegelde sowat 24%.(62)

As die belasting op wyn en brandewyn wat in 1793/4 van die plase af na die Kaap gebring is, bygevoeg word by die totale bedrag van die drankpagte, dan het dit 29,2% van die landsinkomste uitgemaak - ,4% minder as die bedrag van die rekognisiegelde van dieselfde jaar.(63) As die belasting op wyn en brandewyn wat in 1794/5 van die plase af na die Kaap gebring is, bygetel word by die opbrengs van die drankpagte, dan het dit 30% van die landsinkomste uitgemaak, wat ongeveer 6% meer is as die bedrag van die rekognisiegelde van dieselfde jaar.(64) Hieruit blyk dit dat die drankbedryf in

---

61. BO 47 Letters and Annexures: Return of the Amount of Revenue at the Cape of Good Hope, from the 1st September 1793 to the 31st August 1794, p. 15.

62. BO 47 Letters and Annexures: Return of the Amount of the Revenue at the Cape of Good Hope, from the 1st September 1794 to the 31st August 1795, p. 16.

63. BO 47 Letters and Annexures: Return of the Amount of the Revenue at the Cape of Good Hope, from the 1st September 1793 to the 31st August 1794, p. 15.

64. BO 47 Letters and Annexures: Return of the Amount of Revenue at the Cape of Good Hope, from the 1st September 1794 to the 31st August 1795, p. 16.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1795 nog steeds die grootste enkele bron van inkomste was.

Wat die laaste vraag betref, te wete watter persentasie van die landsinkomste is deur plaaslike wingerdprodukte opgelewer? is dit moeilik om die presiese syfer te bepaal, aangesien die pag-opbrengs t.o.v. ander plaaslike wingerdprodukte, soos Kaapse wyn wat buite die Tafelvallei verkoop is, asook die paggeld t.o.v. Kaapse brandewyn deel was van pagte wat óók Europese brandewyn en arak ingesluit het, sodat dit nie moontlik is om die pagopbrengs van plaaslike wingerdprodukte daarin te isoleer nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V

ONREËLMATIGHEDE IN DIE BINNELANDSE WYNHANDEL EN POGINGS OM DIT UIT TE SKAKEL

Die geskiedenis van die wynhandel is grootliks die verhaal van pagters wat enersyds krampagtig vasgehou het aan die regte wat hulle toegesê is en pogings aangewend het om hulle pag uit te brei, en andersyds dié van mense wat geprobeer het om onwettiglik 'n aandeel in die winsgewende drankhandel te verkry.

In 1757 het die besitter van die algemene wynpag van daardie tydstip, Abraham Leever, ná die besoek van die skip Getrouwigheid gekla dat besoekende matrose van skepe by sekere inwoners van die Kaap kamers huur en dan wyn van die wynkopers per halfaam koop. Die matrose het hierdie wyn in klein hoeveelhede aan hulle makkers verkoop en sodoende die besitter van die algemene wynpag baie skade aangedoen.(1) Omdat hierdie besondere vorm van sluikhandel kon lei tot 'n totale ondermyning van die wynpag, het die Politieke Raad besluit dat elke Kapenaar 'n besoekende matroos wat by hom 'n kamer huur, moes verbied om daar by die klein maat wyn te verkoop. Indien hy dit nie doen nie, sou hy ook as 'n smokkelaar beskou word en 'n boete van 1 000 guldens opgelê kon word.(2)

'n Matroos wat hom ten spyte van bogenoemde verbod, nog aan sluikhandel skuldig maak, sou sonder uitsondering beboet word met

---

1. C 49 Resolutien, 20 September 1757, pp. 369 - 370.
2. C 49 Resolutien, 20 September 1757, p. 375.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n som geld gelykstaande aan sy salaris vir twee maande. Hy sou ook 'n goeie pak slae kry.

In 1765 het die besitter van die algemene wynpag vir daardie jaar, Martin Melck, gekla dat die sluikhandel wat deur sommige wynkopers gevoer is, hom aansienlike verliese besorg het. Hy was bereid om 'n hoë bod vir die op hande synde algemene verpagting te maak, maar dan moes die wynkopers se onwettige bedrywighede aan bande gelê word. Volgens Melck het sekere wynkopers die gebruik gevolg om hulle wyn in kamers of elders op versteekte plekke op te berg en dit dan dáár te verkoop. Dit het tot 'n uitgebreide sluikhandel gelei omdat sommige bytappers, d.w.s. kroegbediendes wat die algemene wynpagter in sy taphuise gehelp het en wat deur die besitter van die algemene wynpag aangestel is, hulle wyn by die wynkopers gekoop het, tot groot verlies vir die algemene wynpagter.(3)

Die algemene wynpag was een van die Kompanjie se vernaamste bronne van inkomste, en daarom kon enigiets wat tot nadeel van dié pag strek, nie geduld word nie. Gevolglik het die Politieke Raad besluit dat niemand wat in hoeveelhede van 'n halfaam en groter handel dryf, daarmee mag voortgaan nie, tensy hy verlof van die Goewerneur verkry het. Hierdie verlof moes by die sekretaris van die Politieke Raad geregistreer word. Wynkopers sou ook verplig wees om vir die verkoop van hulle wyn 'n gebou of kamer te hê wat na die straat front, sodat enige persoon, veral die wynpagter, altoos sou weet watter persone hulle met die verkoop van wyn besig

---

3. C 57 Resolutien, 31 Augustus 1765, p. 445.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hou.[4]

Terselfdertyd is bepaal dat niemand, hetsy wynkoper, wynboer of enige ander persoon, wyn per halfaam of meer aan bytappers of ander persone wat van die algemene wynpagter afhanklik is, of wat met die algemene wynpag in verband staan, mag verkoop nie. Indien 'n persoon enigeen van hierdie bepalings oortree, sou hy as 'n smokkelaar beskou word en met 1 000 Kaapse guldens beboet kan word.[5]

Toe die algemene pag van Kaapse wyn weer opgeveil is, is hierdie bepalings aan almal bekend gemaak.[6] Dieselfde bepalings is ook in 1769 op Valsbaai van toepassing gemaak.

Dit het spoedig geblyk dat die bepalings nie aan hulle doel beantwoord nie en dat bykomende bepalings nodig was om aan die algemene wynpagter voldoende beskerming te verleen. Gevolglik is op 30 Augustus 1766 sekere bepalings toegevoeg aan dié wat op 31 Augustus 1765 neergelê is.

Die tye wanneer 'n wynkoper handel mag dryf, is nou vasgestel. Gedurende die somer kon 'n wynkoper sy kelder soggens om sesuur, en in die winter om sewe-uur, oopmaak en dit oophou tot om twaalfuur in die middag. Van eenuur af kon hy weer sy handel voortsit tot om sewe-uur in die somer en tot om vyfuur in die winter. 'n Wynkoper mag vanaf sluitingstyd tot die volgende môre geen sake doen nie.

As hierdie bepaling oortree word, sou so 'n wynkoper as 'n

---

4. C 57 Resolutien, 31 Augustus 1765, pp. 449 - 450.
5. C 57 Resolutien, 31 Augustus 1765, p. 451.
6. C 684 Origineel Placcaatboek, 3 September 1765, pp. 299 - 300.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

smokkelaar beskou word en met 1 000 guldens beboet word. 'n Wynkoper sou ook nie toegelaat word om voor sy pakhuis se deur of voor sy kelder 'n hek te plaas of om die ingang daarvan met vate of iets soortgelyks te versper nie.

Voortaan sou niemand, hetsy wynkoper of enige ander persoon, toegelaat word om solank skepe in die hawe is, aan hulle wyn vir gebruik aan boord te verskaf nie. Dit sou die uitsluitlike reg van die algemene wynpagter wees, op voorwaarde dat hy goeie wyn, en teen dieselfde prys as vir Kaapse inwoners, aan die skepe beskikbaar stel. Ten einde te verseker dat die skepe 'n goeie kwaliteit wyn kry, moes die pagter toelaat dat sy wyn van tyd tot tyd, wanneer die Politieke Raad dit gerade ag, deur laasgenoemde ondersoek kon word.

Wynkopers sou nog steeds toegelaat word om wyn wat die skepe op hulle vaart nodig het, te verskaf. Sodanige wyn moes eers die dag voordat die skip die hawe verlaat, aan boord gebring word. Indien hierdie bepaling oortree word, sou die wynkoper as 'n smokkelaar beskou word en 'n boete van 1 000 Kaapse guldens opgelê word.

Om te voorkom dat wyn onder valse voorwendsels aan skeepsvolk verskaf word, is bepaal dat 'n matroos 'n briefie wat deur die kaptein van die betrokke skip onderteken is, en waarin verklaar word dat die matroos 'n lid van sy skip se bemanning is, aan die wynkoper moes toon alvorens wyn aan hom verskaf mag word.(7)

---

7. C 58 Resolutien, 30 Augustus 1766, p. 335.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 12 November 1765 het 'n aantal wynboere van die Kaapse, Stellenbosse en Drakensteinse geweste by die Politieke Raad 'n versoekskrif ingedien. Daarin het hulle beweer dat sommige wynboere die gewoonte gehad het om hulle wyn, sodra dit klaar gepars was, na die Kaap toe te bring met die doel om dit daar aan wynkopers te verkoop.(8)

Hierdie optrede kon die betrokke wynboere, die ander wynboere en die Kolonie in die algemeen aansienlike skade berokken omdat hierdie jong wyn nog vir verbruik ongeskik was. Die wynkopers het die wyn aan matrose van verbyvarende skepe verkoop, veral aan skeepsvolk op skepe van vreemde nasies. Omdat hierdie wyn van 'n swak kwaliteit was, sou dit mettertyd daartoe lei dat die Kaapse wyne 'n slegte naam verwerf, wat vir die Kolonie in sy geheel skadelike gevolge sou hê, aldus die versoekskrif.(9)

Na aanleiding hiervan het die Politieke Raad bepaal dat alle wynboere voortaan slegs van die begin van September af tot die einde van Januarie hulle wyn uit die buitedistrikte na die Kaap mag vervoer, en dat van die begin van Februarie af tot die einde van Augustus niemand na die Kaap wyn mag bring nie. Iemand wat hierdie bepaling oortee, se wyn sou gekonfiskeer word, en hy sou voorts met 'n boete van 1 000 Kaapse guldens beboet word.(10) Sodoende sou verhoed word dat jong wyn aan die Kaap verkoop word.

---

8. C 57 Resolutien, 12 November 1765, p. 509.
9. C 57 Resolutien, 12 November 1765, p. 510.
10. C 684 Origineel Placcaatboek, 12 November 1765, p. 307.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Diegene wat wynsoorte gemaak het wat nie algemeen bekend was nie, is van hierdie bepaling kwytgeskeld. Sodanige wyn moes in vate van 'n halfaam of kleiner vervoer word. Dit moes ook regstreeks na die kaai toe gebring en dadelik op die skepe gelaai word. Die straf vir 'n oortreding ten opsigte van hierdie bepaling was 'n boete van 1 000 Kaapse guldens, en die konfiskasie van die wyn.(11)

Later is die wynpagter van Valsbaai ook van die bogenoemde bepaling vrygeskeld. Van 1783 af is hy toegelaat om dwarsdeur die jaar na Valsbaai wyn te vervoer om in sy taphuise daar verbruik te word. Hy was egter nie toegelaat om aan skepe wat in Valsbaai voor anker lê, wyn te verkoop nie.(12)

Die Politieke Raad se bedoeling ten opsigte van hierdie bepaling het duidelik geblyk toe die wynkoper en voormalige burgerraadslid, Christiaan George Maasdorp, die Politieke Raad in 1782 versoek het om in April van daardie jaar 50 tot 60 lêers wyn uit die binneland na die Kaap toe te bring. Sy voorraad wyn was bykans uitverkoop en hy moes dit aanvul. Hy het die Politieke Raad verseker dat die jong wyn slegs vir binnelandse verbruik bedoel was en dat hy niks aan vreemde skepe van ander lande sou verkoop nie.(13)

Die Politieke Raad was nietemin bevrees dat die jong wyn

---

11. C 684 Origineel Placcaatboek, 12 November 1765, p. 308.
12. C 75 Resolutien, 8 April 1783, p. 323.
13. C 74 Resolutien, 23 April 1782, p. 494.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die naam van Kaapse wyn kon benadeel. Gevolglik is 40 lêers wyn teen 40 rds. per lêer uit die Kompanjie se kelders aan hom voorsien.(14)

Sommige wynboere was van mening dat die besluit van 1765 in verband met die vervoer van wyn nie op Valsbaai van toepassing was nie. Gevolglik het hulle aan Kompanjieskepe en aan dié van vreemde nasies wat dáár voor anker gelê het, jong wyn verkoop. Die doel van die 1765-besluit is hierdeur nie net verydel nie, maar boonop het die Kompanjie ook nog die aksynsgeld van 3 rds. per lêer ('n aksynsbelasting wat reeds in 1743 ingestel is)(15) daarop verloor. Hierdie aksynsbelasting moes deur die wagte by die Kasteel ingevorder word wanneer die wynboere met hulle wyn daar aankom. Vir hoeveelhede van 'n halfaam en groter moes 'n bewys uitgereik word. Indien dit nagelaat is, sou die verantwoordelike korporaal gestraf word. Hy sou "op de Justitie plaets alhier door den Skerpregter op de bloote rugge strengelijk gegeesselt en gebrandmerk worden," daarna tien jaar lank in kettings geslaan word en bandietearbeid moes verrig.(16)

Die enigste wyn wat van hierdie aksynsbelasting kwyt geskeld was, was die Constantiawyn omdat dit onder ander verpligtinge

---

14. C 74 Resolutien, 23 April 1782, p. 495.

15. C 35 Resolutien, 22 Februarie 1743, p. 174.

16. C 35 Resolutien, 25 Maart 1743, p. 236.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gestaan het.[17] Op alle ander wyn in die Kolonie geproduseer moes aksynsbelasting betaal word, of dit vir binnelandse verbruik of vir uitvoer bestem was.

Om ontduiking van aksynsbelasting te voorkom, en die verkoop van jong wyn te verhoed, het die Politieke Raad in 1782 bepaal dat geen wyn na Valsbaai vervoer mag word nie behalwe dié wat uit die kelders van wynkopers afkomstig is. Skriftelike toestemming moes van die goewerneur verkry word deur die persoon wat die wyn wou vervoer, en die vervoerbewys moes aan die bevelvoerder van die militêre pos by Valsbaai oorhandig word. Laasgenoemde sou dan aksynsbelasting van 3 rds. per lêer invorder.[18]

Iemand wat hierdie bepaling oortree, se wyn sou gekonfiskeer word, en hy sou ook 'n boete van 1 000 Kaapse guldens moes betaal.

Volgens die bogenoemde bepalings wil dit voorkom asof dieselfde wyn nou dubbel belas is. Eers, as die wynboer sy wyn van sy plaas af na die wynkoper in die Kaap gebring het, is dit met 3 rds. belas,[19] en daarna is dit vir 'n tweede keer belas as die wynkoper die wyn na Valsbaai geneem het om dáár verkoop te word.[20]

---

17. O.P.B. 1/1 British Blue Book 282, 1 May 1827: Reports of the Commissioners of Inquiry, (1) Upon the Administration of the government at the Cape of Good Hope, (II) Upon the Finances at the Cape of Good Hope, p. 31.
18. C 685 Origineel Placcaatboek, 21 Mei 1782, p. 212.
19. C 35 Resolutien, 22 Februarie 1743, p. 174.
20. C 685 Origineel Placcaatboek, 21 Mei 1782, p. 212.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten spyte van die verbod van die Politieke Raad van Mei 1782, het inwoners van Valsbaai en Stellenbosch voortgegaan om hulle wyn in Valsbaai te verkoop sonder dat hulle dit eers na die Kaap geneem het.[21] Dáárom het die Politieke Raad in 1790 sy 1782-besluit gewysig en bepaal dat die verlofbrief wat van die goewerneur verkry is, aan die diensdoende offisier by die militêre pos op Muizenberg getoon moes word en daarna aan die "Resident" van Valsbaai oorhandig moes word. Hierbenewens is neergelê dat geen skeepskaptein of -offisier binne drie dae nadat sy skip in Valsbaai aangekom het, enige amptenaar van die Kompanjie of enige private persoon aan boord mag toelaat nie. Skeepsliede wat die bepaling oortree, sou drie maande se salaris verbeur.[22]

Vanselfsprekend sou hierdie bepaling slegs op Kompanjie-skepe toegepas kon word.

Die bepalings in verband met vatgeld is in 1790 ten opsigte van die sogenaamde wynkopers gewysig. Hulle het gekla dat hulle dikwels moes wag voordat hulle by die wag kon verbygaan omdat daar soms tot 'n honderd waens met wyn was wat deurgelaat moes word. Gevolglik het die Politieke Raad besluit dat daar ten opsigte van die wynkopers ên die algemene wynpagter in die toekoms 'n ander prosedure gevolg moes word.

Hulle moes vooraf 'n volledige lys opstel van die hoeveelheid wyn wat hulle van voorneme was om na die Kaap toe te bring, en dit

---

21. C 87 Resolutien, 4 Mei 1790, p. 722.

22. C 87 Resolutien, 4 Mei 1790, p. 730.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderteken en daarna verseël. Die lys moes aan die doeane-beampte getoon word, deur hom onderteken word en dan aan die patrolliewag oorhandig word.(23)

'n Wynkoper of die algemene wynpagter wat in gebreke bly om aan die einde van die maand of op die eerste dag van die volgende maand die vereiste 3 rds. per lêer te betaal, sou permanent sy voorregte ontsê word.(24)

Dit wil egter voorkom asof hierdie bepalings t.o.v. die aksynsbelasting nie altyd streng toegepas is nie. In 1793 moes die Politieke Raad byvoorbeeld, 2 792:24 rds. afskryf ten opsigte van wyn waarvan die aksynsbelasting op rekening geplaas is en nie vereffen is nie.(25) Ten spyte hiervan het die Kompanjie se inkomste uit hierdie bron teen die einde van sy bewind jaarliks tussen 30 000 en 35 000 guldens (d.i. 10 000 tot ongeveer 11 600 rds.) beloop.(26)

Naas die wynpagte het daar ook teen 1752 'n bierpag aan die Kaap bestaan. Die voorwaardes van die bierpag het bepaal dat enige persoon bier by die brouery kon koop en dit by die groot- of kleinmaat kon verkoop. Bier was van regeringsweë nie aan prysbeheer onderhewig nie. Alle persone wat bier verkoop, moes 'n aksynsbelasting van 6 guldens per aam aan die Politieke Raad betaal. Die bierbrouer moes ook sorg dat sy bier van 'n goeie gehalte is. Indien die bierpagter 'n tekort aan bier tydens sy pag-

---

23. C 88 Resolutien, 28 September 1790, p. 738.

24. C 88 Resolutien, 28 September 1790, p. 756.

25. C 102 Resolutien, 16 April 1793, p. 582.

26. M.H. de Kock: Selected Subjects in the Economic History of South Africa, p. 81.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

termyn ondervind het, sou die Politieke Raad 'n pro rata afslag van die paggeld vir die bierbrouer gee vir die tydperk wat die pagter nie bier kon verkry nie. Die paggeld moes in twee gelyke paaiemente aan die Politieke Raad betaal word terwyl die bierpagter ook nie toegelaat is om sonder die verlof van die Politieke Raad, die bierpag aan iemand anders oor te dra nie.(27)

Die bierpagter wat tussen 1752 en 1795 ook die bierbrouer was, het gewoonlik twee tot drie taphuise gehad waar hy bier aan die publiek by die kleinmaat verkoop het wat tuis verbruik moes word. Kaapse bier het dus in die kleinhandel met wyn meegeding. As die wynpagter daarin sou slaag om die verkoop van bier teen te werk, sou sy omset, en gevolgik ook sy wins, baie vermeerder word. Daar het ook 'n moontlikheid bestaan dat die bierverbruik só kon toeneem dat die wynpagter se wins daardeur aansienlik benadeel kon word.

Nou wil dit voorkom of laasgenoemde moontlikheid teen 1769 werklikheid geword het. In November 1769 het die houer van die algemene wynpag, Pieter Broeders, gekla dat bier 'n geruime tyd lank in meer tapperye as waarop die bierpagter dan geregtig sou wees, verkoop word, en dat selfs tappers in alle tapperye wat deur die wynpagter beheer is, wederregtelik bier verkoop het. Dit het veroorsaak dat die vraag na wyn aansienlik afgeneem het. Volgens Broeders is die bierpagter die afgelope 30 tot 40 jaar nie toegelaat om meer as twee tot drie tapperye aan te hou nie, sodat die huidige bierpagter sy produk gevolglik in heelwat meer tapperye verkoop as

---

27. C 674 Pacht Conditien, 31 Augustus 1769, pp. 1 - 7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waarop hy geregtig sou gewees het. Broeders het daarom die Politieke Raad versoek dat die bierpagter sy produk nie in meer as twee of drie tapperye mag verkoop nie.[28]

Volgens die voorwaardes van die bierpag het die bierpagter die reg gehad om bier by die brouery te koop en dit teen pryse wat hy goeddink by die groot maat of klein maat te verkoop.[29] Daar was geen beperking ten opsigte van die getal plekke waar hy bier mag verkoop nie. Broeders se versoek was dus strydig met die voorwaardes van die bierpag. Gevolglik het die Politieke Raad dit van die hand gewys.[30] Broeders sou dus self maar moes toesien dat daar geen bier in die tapperye wat hy beheer het, verkoop word nie.

Herbergiers en bytappers wat wederregtelik bier verkoop, het egter nog steeds probleme vir die algemene wynpagter opgelewer. In sulke gevalle is die bierpagter deur die algemene wynpagter vir die herbergiers en bytappers se dade verantwoordelik gehou.

In November 1784 het die algemene wynpagter, Johannes Jacobus van den Berg, by die Politieke Raad gekla oor die mededinging wat hy van die bierbrouer ondervind het en gesê dat dit hom tot nadeel strek.[31] Hy het by 'n aantal van die herbergiers en bytappers waar sy wyn by die klein maat verkoop word, ondersoek ingestel in 'n poging om smokkelary te verhoed.

---

28. C 61 Resolutien, 14 November 1769, p. 311.
29. C 61 Resolutien, 14 November 1769, p. 312.
30. C 61 Resolutien, 14 November 1769, p. 312.
31. C 76 Resolutien, 9 November 1784, p. 619.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sommige herbergiers en bytappers het hom gedreig en hom onwelvoeglike taal toegevoeg. Wat méér is, hulle het die wyn wat hulle van hom gekoop het, teruggestuur, en by ander wynkopers wyn gekoop. Van den Berg was van mening dat die herbergiers en die bytappers in hulle optrede deur die bierbrouer beïnvloed was.(32)

Die bierbrouer sou ook, volgens Van den Berg, die gebruik gehad het om aan bytappers en herbergiers die reg te gee om van sy bier by die klein maat te verkoop. Die bierbrouer sou ook aan die bytappers van die brandewynpagter gesê het dat hy laasgenoemde se toestemming verkry het om in sy huis bier te verkoop. Ten spyte van die voorwaardes van die bierpag het Van den Berg gemeen dat die bierpagter nie na willekeur sy bier in tapperye mag verkoop of self tapperye mag oprig nie. Aangesien ander drankpagters soos die brandewynpagter en die pagters van buitelandse wyn en bier spesifieke herberge gehad het om hul produkte te verkoop, het Van den Berg die Politieke Raad versoek dat al die orige herberge, speelhuise, biljarthuise en ander sodanige plekke waar vermaak verskaf word, ten bate van sy wynpag afgebaken moet word.(33)

Die bierbrouer en -pagter, Dirk Gijsbertus van Reenen, het hierop in 'n memorandum, gerig aan die Politieke Raad, op die beskuldigings wat teen hom ingebring is, geantwoord. Volgens hom sou kwaadwilligheid en afguns die beweegredes vir Van den Berg se versoek gewees het.(34) Die bierpag het bepaal dat enige

---

32. C 76 Resolutien, 9 November 1784, p. 620.

33. C 76 Resolutien, 9 November 1784, p. 624.

34. C 76 Resolutien, 7 Desember 1784, p. 668.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inwoner by die brouery bier kon bekom en dat aan enige persoon by die groot- of kleinmaat kon verkoop teen pryse wat die biertapper vasstel. Na mate bier gewilder geraak het, het die verkope vanselfsprekend gestyg, en dit was nooit vir hom nodig om iemand te dwing om by hom bier te koop nie, aldus Van Reenen.(35)

Artikels 10 en 12 van die plakkaat van 14 September 1751 het die algemene wynpagter en die brandewynpagter verbied om enige ander drank te verkoop as die waarvoor hulle pag voorsiening gemaak het.(36) Ten opsigte van die bierpagter het daar egter geen sodanige beperking bestaan nie.

Omdat Van Reenen se standpunt op n algehele ontkenning van Van den Berg se aanklagte neergekom het, het die Politieke Raad besluit om sowel Van den Berg se versoekskrif as Van Reenen se antwoord aan die fiskaal-independent (Serrurier) vir sy aanbeveling te oorhandig.(37)

Die Fiskaal-Independent se verslag het twee aanbevelings bevat.(38)

Die eerste was dat die algemene wynpagter die reg moet behou om soveel tapperye te hê as wat hy nodig ag. Die bierpagter moet, met inagneming van die openbare rus en orde, en met of sonder uithangborde, drie huise kon hê waar hy Kaapse bier mag verkoop, en wel onder dieselfde voorwaardes wat vir enige ander pagter of tapper gestel is.(39)

---

35. C 76 Resolutien, 7 Desember 1784, p. 687.
36. C 683 Origineel Placcaatboek, 14 September 1751, pp. 288 - 290.
37. C 76 Resolutien, 7 Desember 1784, p. 690.
38. C 76 Resolutien, 17 Desember 1784, p. 701.
39. C 76 Resolutien, 17 Desember 1784, p. 702.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tweedens het Serrurier aanbeveel dat die bierpagter toegelaat moet word om by soveel persone as wat hy wou sy bier by die groot maat of klein maat te laat verkoop sonder om daar musiek of ander vermaak te verskaf.[40]

Sowel die algemene wynpagter as die algemene bierpagter was met hierdie aanbevelings tevrede. Van den Berg wou egter graag ook duidelikheid hê oor die posisie van diegene in wie se herberge biljart gespeel word of trek tafels ('n tipe biljarttafel maar langer as die gewone biljarttafel wat vir 'n soort biljartspel gebruik is)[41] is, omdat hy van mening was dat onder die dekmantel van hierdie spele op 'n onwettige wyse wyn en ander drank verkoop is.[42]

Die Politieke Raad het die bogenoemde twee aanbevelings aanvaar. Ten opsigte van die biljarttafels is bepaal dat niemand behalwe diegene wat skriftelike verlof van die fiskaal daartoe ontvang het, voortaan biljarttafels vir dobbeldoeleindes, mag aanhou nie. 'n Oortreder sou met 50 rds. beboet word.

Die Politieke Raad het voorts besluit dat enigiemand wat wyn, bier of ander sterk drank by die klein maat verkoop, en daarby ook nog musiek en ander vorms van vermaak verskaf, bokant die deur van sy taphuis 'n uithangbord moes aanbring waarop dit vermeld word. Indien dit nagelaat word, sou 'n boete van 50 rds. opgelê kan word.

Hierdie besluite het meegebring dat die pagvoorwaardes

---

40. C 76 Resolutien, 17 Desember 1784, p. 703.

41. Van Dale's Nieuw Groot Woordeboek der Nederlandse Taal, p. 1879.

42. C 76 Resolutien, 17 Desember 1784, p. 704.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die algemene bierpagter gewysig moes word. Dáárom het die Politieke Raad in 1785 bepaal dat die pagter van Kaapse bier in drie of vier geboue kroeë mag hê waar bier verkoop mag word en waar ook biljarttafels mag wees. In hierdie kroeë mag geen ander drank behalwe Kaapse bier verkoop word nie. Geen biertapper kon dus in kroeë wyn verkoop nie. Voor die tappery se deur moes 'n kennisgewingbord, wat dit behoorlik as 'n tappery identifiseer, aangebring word.(43)

Dit was dus die Politieke Raad se beleid dat die onderskeie dranke in afsonderlike geboue verkoop moes word. In 1787 het die bierbrouer (D.G. van Reenen) versoek om in die kroeë waar hy bier verkoop, ook wyn wat hy van die algemene wynpagter sou aankoop, te mag verkoop.(44) Dié versoek is deur die Politieke Raad geweier. Daarbenewens het die Politieke Raad besluit dat wanneer 'n persoon die houer is van die bierpag, hy nie die pag van 'n ander soort drank mag besit nie.(45)

Die bogenoemde bepalings het nie daarin geslaag om die verhouding tussen die algemene wynpagter en die algemene bierpagter te verbeter nie. Reeds in Januarie 1785 het die algemene wynpagter, (Van den Berg.) weereens oor die algemene bierpagter (Van Reenen) se optrede gekla. Laasgenoemde het ná die ooreenkoms van 17 Desember 1784 besluit dat in drie taphuise, t.w. dié van Hendrik Beukes, Barend Barendse en Hendrik Bruijns, benewens bier, ook vermaak verskaf sou word.(46) Die bierpagter het egter

---

43. C 78 Resolutien, 5 Augustus 1785, p. 574.

44. C 82 Resolutien, 31 Julie 1787, p. 571.

45. C 79 Resolutien, 17 Mei 1786, p. 755.

46. C 77 Resolutien, 11 Januarie 1785, p. 44.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verder gegaan en in byna al die tapperye waarin die algemene wynpagter se wyn verkoop is, bier beskikbaar gestel. Volgens die ooreenkoms van 17 Desember 1784 was hierdie optrede beslis ongerymd, aldus Van den Berg. Dit was ook so dat byna die helfte van die pagtyd reeds verstreke was, en Van den Berg moes aan die einde van Februarie 1785 die helfte van sy paggeld aan die Politieke Raad betaal, terwyl hy in daardie stadium nog slegs een-derde van die totale bedrag ingekry het. Hy het gevolglik die Politieke Raad versoek om die ooreenkoms van 17 Desember 1784 te herroep en om die verhouding tussen die algemene wynpagter en algemene bierpagter volgens die plakkaat van 1740 te bepaal. Elke besondere pagter het daarvolgens sy toegesegde getal taphuise met vermaak gehad, terwyl al die ander herberge en vermaaklikheidsplekke hulle wyn van die algemene wynpagter moes kry.(47)

Na aanleiding van hierdie versoek het die Politieke Raad bepaal dat geen herbergier wat biljart- en trektafels aanhou waarop daar vir geld gespeel word, op enige wyse aan iemand drank mag skenk, skink of verkoop indien dit nie van die algemene wynpagter gekoop is nie.(48)

Hierdie bepalings het ook nie die probleem opgelos nie. Die algemene wynpagter het op 18 Januarie 1785 gekla dat verskeie persone wat slegs biljart- of trektafels aangehou het, en wat dus nie amptelike vermaaklikheidsplekke of tapperye gehad het nie, ook ander drank as wyn aan die aanwesiges verskaf het.(49) In die lig hiervan het die Politieke Raad besluit dat iemand wat nie 'n herbergier

---

47. C 683 Origineel Placcaatboek, 11 Oktober 1740, pp. 66 - 70.
48. C 77 Resolutien, 18 Januarie 1785, p. 63.
49. C 77 Resolutien, 18 Januarie 1785, p. 62.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is nie, en biljart- of trektafels besit, geen drank mag verkoop nie. Indien 'n persoon biljart- of trektafels aanhou omdat dit vir hom 'n bron van inkomste is, mag hy aan sy klandisie wyn verskaf, mits dit van die algemene wynpagter verkry is.(50)

In Oktober 1790 het die brouer van Kaapse bier, wat ook die bierpag besit het, sy aandeel in die kleinhandel van bier verder uitgebrei. Tot op daardie tydstip was die posisie só dat bierkopers by die brouer bier kon koop en dit dan in flesse en bottels aan die Kaapse inwoners kon verkoop.(51) So 'n handelaar in bier was dus ongeveer in dieselfde posisie as die huidige besitter van 'n drankwinkel, met dié verskil dat hy slegs bier mag verkoop.

Dit het gebeur dat 'n sekere biertapper, Andries Bruins, deur die Fiskaal-Independent gelas is om sy pakhuis te sluit omdat die algemene wynpagter, J.J. van den Berg, beweer het dat hy sy regte as tapper oorskry het. Van den Berg het ook beweer dat daar ook in die pakhuis bier gedrink is.

Na aanleiding van die gebeure met Bruins, het die bierpagter, Dirk Gysbertus van Reenen, die Politieke Raad versoek om aan die biertappers die reg te verleen om, behalwe in bottels, óók in glase aan hulle kliënte bier te mag bedien. Hierdie versoek is toegestaan, wat beteken het dat die kleinhandelsmonopolie in alkoholiese drank in die Tafelvallei nou nie meer net in die hande van die algemene wynpagter sou wees nie, maar dat hy dit in 'n mate met die biertappers moes deel.(52)

---

50. C 685 Origineel Placcaatboek, 18 Januarie 1785, pp. 374 - 375.
51. C 89 Resolutien, 4 Oktober 1790, p. 870.
52. C 89 Resolutien, 4 Oktober 1790, p. 871.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die algemene wynpagter het by die Politieke Raad sterk beswaar gemaak oor die skending van sy monopolie. Sy beswaar is vir ondersoek na die Fiskaal-Independent verwys, maar die saak het tot die einde van die Kompanjiesbewind in 1795 nie weer voor die Politieke Raad gedien nie. Gevolglik kan aanvaar word dat die kleinhandelsmonopolie in alkoholiese drank sedert 1790 nie meer, soos te vore, in die hande van die algemene wynpagter was nie.

In 1791 is die kleinhandelsreg van biertappers nog 'n stappie verder gevoer. Die bierpagter het die Politieke Raad versoek om vermaak te verskaf in plekke waar bier verkoop word.(53) Hierdie versoek is toegestaan. Die biertappers kon nou behoorlike vertrekke inrig waar aan kliënte bier bedien kon word.(54)

Die probleme van die algemene wynpagter om wyn in die kleinhandel van die hand te sit, was nie net tot die algemene publiek beperk nie. Die algemene wynpagter het ook die reg gehad om wyn by die klein maat aan troepe in diens van die Kompanjie wat aan die Kaap gestasioneer was, te voorsien.(55) Die algemene wynpagter, Van den Berg, het byvoorbeeld in 1784 - 1785 aan die Regiment Meuron - 'n regiment van huurtroepe wat deur die Kompanjie in diens geneem is - wyn verskaf deur middel van 'n aantal tapperye wat uitsluitlik vir die soldate bedoel was.(56) Ten spyte van mondelinge en skriftelike versekerings van die kok en die majoor van hierdie regiment, het daar smokkelhandel plaasgevind, en Van

---

53. C 94 Resolutien, 6 Desember 1791, p. 397.

54. C 94 Resolutien, 6 Desember 1791, p. 398.

55. C 77 Resolutien, 11 Januarie 1785, p. 51.

56. C 77 Resolutien, 11 Januarie 1785, p. 52.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

den Berg was gevolglik verplig om die reg om te tap van die betrokke tappers weg te neem. Die troepe het egter van die wynkopers wyn gekry en tot vyf halwe kanne wyn op 'n dag verkoop - wat op 'n aansienlike verlies vir die algemene wynpagter neergekom het. Van den Berg het gevolglik versoek dat alle lede van die Regiment Meuron verbied moes word om met wyn handel te dryf. Die Goewerneur het hierdie versoek toegestaan in 'n poging om smokkelhandel onder die soldate te beeïndig.(57)

Ten spyte hiervan het die smokkelhandel voortgeduur. Offisiere van die betrokke regiment het by sommige wynboere tot soveel as 24 lêers wyn gekoop en dit dan teen twee skellings per bottel aan lede van die regiment verkoop.(58)

Selfs nadat Van den Berg later vir die regiment één dukaat per halfaam minder gevra het, het dit nie die probleem van smokkelhandel opgelos nie; om die waarheid te sê, dit het eerder toegeneem.(59)

Pogings om smokkelary onder die soldate te verhoed, is verder baie bemoeilik vanweë die swak verhouding tussen Van den Berg en die soldate van die Regiment Meuron soos uit twee verdere gebeurtenisse blyk. Dit is verder ook duidelik dat die algemene wynpagter nie altyd van die Kompanjie se amptenare simpatie en steun ontvang het nie.

Die eerste gebeurtenis was op 28 Oktober 1784 toe Van den Berg, soos hy sê met lewensgevaar, vyf halfame wyn afgeneem het wat

---

57. C 77 Resolutien, 11 Januarie 1785, p. 54.

58. C 77 Resolutien, 22 Februarie 1785, p. 162.

59. C 77 Resolutien, 22 Februarie 1785, p. 164.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die wynkoper, Cornelis van der Poel, die kaserne binnegebring het. Hierdie wyn is deur Van den Berg aan die Fiskaal-Independent oorhandig. By 'n latere geleentheid wou Van den Berg die kaserne deursoek vir gesmokkelde wyn toe lede van die regiment met knuppels en stokke te voorskyn kom en dreig om die pagter se kop in te slaan. Hy het toe in die baastimmerman se huis gaan skuiling soek, en tot sy groot ontsteltenis bevind dat die baastimmerman (ene Rademan) toe juis besig was om met wyn te smokkel![60]

Die tweede gebeurtenis staan in verband met nie-blankes, onder andere vrygestelde slawe, wat dikwels by die smokkelhandel betrokke was. Volgens Van den Berg, het hy op 12 Februarie 1785, handelende op inligting van een van die Kaapse inwoners, saam met 'n geregsbode na die huis van 'n vrygestelde slaaf gegaan. Daar het hulle 'n halfaam wyn gevind wat, volgens die vrygestelde slaaf, vir die soldate bestem was. Volgens hom het hy elke tweede dag 'n halfaam wyn vir die soldate geneem. Dit was dus smokkelary op groot skaal.

Hierdie gebeurtenis het die volgende namiddag, volgens Van den Berg, 'n nasleep gehad toe 14 soldate sy pakkuis binnegedring het, op soek na die halfaam wyn. Toe hulle dit nie kon vind nie, het 'n paar soldate na 'n wynkoper, Maasdorp, gegaan en daar 2½ aam wyn weggedra. Nadat Van den Berg oor die optrede van die soldate by die Goewerneur gekla het, het laasgenoemde geantwoord dat Van den Berg in só 'n geval liewer sy pakhuis gesluit moet hou! (sic)

---

60. C 77 Resolutien, 22 Februarie 1785, p. 165.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Fiskaal-Independent het ook gelas dat die halfaam wyn wat by die vrygestelde slaaf gevind is, aan die soldate teruggegee moes word, aldus Van den Berg.[61] Hierdie aantygings teen die Goewerneur en Fiskaal-Independent is egter deur die Politieke Raad verwerp.[62]

Omdat die algemene wynpag vir die Kompanjie 'n belangrike bron van inkomste was, moes dit beskerm word. Vir die algemene wynpagter was die paggeld baie hoog (71 500 guldens) terwyl die instandhouding van die pag ook hoë koste (150 000 guldens) meegebring het. Indien grootskaalse wynsmokkelary onder die soldate en die verlies van die Regiment Meuron se ondersteuning by bogenoemde gevoeg word, kon die algemene wynpagter in die gevaar verkeer om 'n aansienlike verlies te ly.[63] Op die langtermyn sou dit ook 'n groot verlies vir die Kompanjie beteken. Daarom het die Politieke Raad vir die fiskaal-independent (Jacob Serrurier) die keldermeester (Jacobus Johannes le Sueur) en die kolonel van die Regiment Meuron (graaf de Meuron) gevra om vir hierdie probleem 'n oplossing te probeer vind en 'n aanbeveling aan hulle voor te lê.

Nadat hierdie kommissie van ondersoek met Van den Berg en die Meuronse Regiment onderhandel het, het hulle by die Politieke Raad 'n aanbeveling ingedien, wat in sy geheel aanvaar is. Dit het daarop neergekom dat die algemene wynpagter en die kolonel van die Regiment Meuron sekere ondernemings moes gee.

Die algemene wynpagter se onderneming het die volgende

---

61. C 77 Resolutien, 22 Februarie 1785, p. 170.

62. C 77 Resolutien, 22 Februarie 1785, p. 174.

63. C 77 Resolutien, 22 Februarie 1785, p. 173.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behels:

Hy moes onderneem om aan die onderoffisiere wyn te lewer, t.w. een anker per persoon per maand, teen dieselfde prys as aan die gewone lede van die publiek.

Die wyn wat in die regiment se kroeg aan soldate beskikbaar gestel word, sou teen 'n riksdaalder per halfaam goedkoper as by die gewone tappers verkoop word. Dientengevolge is die prys van wyn wat aan die troepe gelewer sou word, op 12 rds. per halfaam vasgestel.

Om alle verwarring uit te skakel, moes elke halfaamvat wat vir verbruik van offisiere en troepe na die kaserne toe gebring word, aan die een kant gemerk word met die woorde "Regiment van Meuron" en aan die kant met die woorde "Generaale Pagter".

Ten slotte moes die algemene pagter onderneem om goeie kwaliteit wyn aan die troepe en onder-offisiere te verskaf, en toestem dat die wyn wat hy lewer, te eniger tyd ondersoek mag word.

Die Regiment Meuron, by monde van die betrokke kolonel, moes hulle by die volgende bepalings neerlê:

Onder-offisiere en gewone troepe sou op geen plek by die klein maat wyn mag verkoop nie behalwe wyn wat hulle van die algemene wynpagter verkry het. Hulle moes ook toesien dat geen wyn wat van 'n ander persoon afkomstig is, hul kaserne binnegebring word, of dat enige persoon met wyn smokkel nie.

Soldate wat verlof het om buite die kaserne te werk en te slaap, en dus in kamers of huise woon, moes ook nie toegelaat word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om wyn te koop nie behalwe van die algemene wynpagter.[64]

Die Politieke Raad het aan die Fiskaal-Independent opdrag gegee om toe te sien dat hierdie bepalings streng nagekom word.

Hierdie bepalings met betrekking tot die verkoop van wyn aan huursoldate het sluikhandel in dié verband aansienlik verminder, maar dit geensins beëindig nie.

In Maart 1788 het die algemene wynpagter, Sebastiaan Valentijn van Reenen, byvoorbeeld gekla dat voordat hy die algemene wynpag besit het, verskeie persone hulle met sluikhandel besig gehou het. Volgens hom sou sekere smokkelaars vooraanstaande mense gewees het, terwyl andere weer persone was wie se taak dit was om te sorg dat die land se wette nagekom word, m.a.w. Kompanjiesamptenare. Nadat Van Reenen die probleem onder die goewerneur, Cornelis Jacob van de Graaff, se aandag gebring het, het hy gehoop dat die onwettige handel tot stilstand sou kom, maar dit was nie die geval nie.

Soldate het byvoorbeeld nog groot vate wyn na plekke wat nie maklik sigbaar was nie, geneem en dit daar by die klein maat aan lede van die regiment en slawe verkoop. Aangesien die troepemag wat die Regiment Meuron vervang het, t.w. die Würtemberg se Regiment, toe net pas by die Kaap aangekom het, was die algemene wynpagter van mening dat maatreëls betyds getref moes word om te verseker dat gebeurtenisse soos wat met die Regiment Meuron ondervind is, vermy sou word. Daárom het hy die Politieke Raad versoek om vir die inligting van die wynkopers, herbergiers,

---

64. C 77 Resolutien, 15 Maart 1785, pp. 249 - 252.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tappers en die Regiment duidelik te omskryf wát die algemene wynpagter se regte en voorregte ten opsigte van die kleinhandel met die betrokke regiment is.(65)

Dit is gedoen en in die vorm van 'n plakkaat bekend gemaak.

Die plakkaat het bepaal dat niemand behalwe die algemene wynpagter die reg sou hê om aan onder-offisiere of troepe wyn te verkoop nie. 'n Oortreder sou as 'n smokkelaar beskou word en met 1 000 Kaapse guldens beboet word.

Daar is voorts gesê dat indien 'n onder-offisier of 'n soldaat hom aan 'n oortreding soos hierbo beskryf is, skuldig maak, hy by die Regiment se bevelvoerder aangekla sou word met die oog op moontlike deportasie, of om, na gelang van omstandighede, op 'n ander wyse gestraf te word.

Om die algemene wynpagter in staat te stel om oortreders beter aan die kaak te stel, het die plakkaat ten slotte bepaal dat op die een kant van die vate waarmee wyn na die kaserne vervoer word, die naam van die betrokke regiment of die onder-offisier na wie die wyn gestuur word, aangebring moes word. Aan die ander kant van die vat moes die woorde "Generale Pagt" duidelik geskryf word. Indien 'n onder-offisier of die opsigter by die kaserne ander vate koop, sou hy strafbaar wees en sou daar ook op die wyn beslag gelê word.(66)

Die wynkopers was nie tevrede met hierdie bepalings nie. Hulle het beweer dat die algemene wynpagter wat Van Reenen opgevolg

---

65. C 83 Resolutien, 4 Maart 1788, p. 327.

66. C 686 Origineel Placcaatboek, 7 Maart 1788, p. 72.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het, nl. J.J. van den Berg, probeer het om hulle te belet om hul wyn te verkoop aan persone aan wie hulle volkome geregtig was om dit te doen. Volgens die wynkopers sou die Politieke Raad se besluit van 4 Maart 1788 daarop neergekom het dat slegs die algemene wynpagter aan buitelandse huurtroepe wat hulle eie kroeg gehad het, van wyn mag voorsien. Die besluit het, volgens hulle, nie 'n verbod geplaas op die verkoop van wyn aan gewone Kompanjiesoldate, d.w.s. troepe wat nie aan gehuurde regimente behoort het nie. As die wynkopers net toegelaat sou word om aan gewone burgers wyn te verskaf, sou hulle nie 'n bestaan kon maak nie. Dit sou ook daartoe lei dat Van den Berg en 'n goeie vriend van hom, Daniel Hugo, wat een van die vernaamste wynkopers was, en van wie Van den Berg al sy wyn gekoop het, uiteindelike die monopolie ten opsigte van die wynhandel sou verkry - wat op die lange duur tot nadeel van die wynboere, en dus ook tot nadeel van die Kolonie, sou strek.

Die wynkopers het op grond hiervan die Politieke Raad versoek om aan hulle die reg te verleen om aan die gewone Kompanjiestroepe wyn te verskaf.(67)

Die fiskaal-independent, Van Lynden, wat die wynkopers se klagtes ondersoek het, was egter van oordeel dat die Politieke Raad se besluit van 4 Maart 1788 betrekking gehad het op al die troepe wat aan die Kaap gestasioneer was, d.w.s. die garnisoen in sy geheel en nie net op buitelandse troepe wat deur die Kompanjie in diens geneem is nie.(68) Die besluit was, volgens hom, dus van toepassing op die Regiment van Würtemberg, ander vreemde regimente en troepe van die Kompanjie self. Tewens, die bepalings van 4 Maart 1788

---

67. C 89 Resolutien, 19 November 1790, p. 1083.

68. C 89 Resolutien, 23 November 1790, p. 1256.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kon volgens hom nie anders vertolk word as die volgende óók in gedagte gehou word nie:

Die doel van die besluit was om die sluikhandel met wyn te beëindig en die algemene wynpagter te beskerm. Indien die wynkopers se vertolking aanvaar sou word, sou die besluit kragteloos wees omdat die Regiment van Würtemberg se kroeg en dié van die Kompanjiestroepe in dieselfde gebou was.(69) Eersgenoemde moes hulle wyn by die algemene wynpagter koop, terwyl laasgenoemde dan hulle wyn by die wynkopers mag koop. Die natuurlike gevolg sou wees dat die twee groepe gesamentlik hulle drank sou geniet, en omdat dit nie prakties moontlik sou wees om vas te stel waar elke groep altyd sy wyn koop nie, sou dit baie moeilik wees om sluikhandel te ontdek.

Dit sou volgens Van Lynden ook onwenslik wees dat Kompanjiestroepe wyn halfaamsgewyse by die wynkopers koop omdat hulle dan nie meer na hulle kroeg sou gaan nie, maar liewer mekaar sou opsoek - wat uiteindelik tot allerlei losbandighede sou lei.

Indien die wynkopers se versoek toegestaan sou word, het daar ook die moontlikheid bestaan dat die soldate wederregtelik wyn by die kleinmaat aan matrose of ander persone sou verkoop wat ook tot die nadeel van die algemene wynpag sou strek.

Die Fiskaal-Independent het ook daarop gewys dat wyn by die wynkopers teen 4 rds. per halfaam gekoop kon word, terwyl dieselfde hoeveelheid wyn by die algemene wynpagter 12 rds. gekos het. As die Regiment van Würtemberg hulle wyn by die algemene wynpagter moes koop, terwyl die ander troepe geregtig sou wees om hulle wyn by wynkopers te koop, sou eersgenoemde heelwat meer moes betaal as

---

69. C 89 Resolutien, 23 November 1790, p. 1259.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die ander troepe. Hulle sou met reg daaroor kan kla, want hulle diensvoorwaardes het o.a. bepaal "dat sij van deselve voorregten, onder welke benamingen die ook mogen sijn, als de andere Troupes van de Compagnie sullen profiteeren."(70)

Omdat sekere onder-offisiere en ander troepe reeds die plakkaat van 7 Maart 1788 oortree het, en dienooreenkomstig gestraf is, sou al hierdie strawwe as ongeldig bestempel kan word indien aan die betrokke besluit 'n nuwe vertolking gegee word.

In die lig hiervan het die Fiskaal-Independent by die Politieke Raad aanbeveel dat die wynkopers se versoek van 19 November 1790 van die hand gewys word.(71)

Hierdie aanbeveling is deur die Politieke Raad aanvaar.(72)

Hiermee was die stryd tussen die algmene wynpagter en die wynkopers nog glad nie afgeloop nie. Soos die algemene wynpagter aanvanklik die wynkopers daarvan beskuldig het dat hulle sy pag ondermyn, het die wynkopers later die algemene wynpagter daarvan beskuldig dat hy probeer het om hulle voorregte te verminder. Hulle klagte was veral gerig teen J.J. van den Berg wat geprobeer het om sy pag ten koste van die algemene wynkopers uit te brei. Hy wou die alleenreg verkry om wyn vir verbruik deur loseerders in losieshuise te lewer, terwyl die eienaars van losieshuise altyd die reg gehad het om hulle wyn te koop waar hulle verkies het.(73)

Van den Berg wou ook probeer verhoed dat die wynkopers wyn

---

70. C 89 Resolutien, 23 November 1790, p. 1262.

71. C 89 Resolutien, 23 November 1790, p. 1263.

72. C 89 Resolutien, 23 November 1790, p. 1264.

73. C 92 Resolutien, 19 Augustus 1791, p. 693.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verkoop aan ambagslui wat in diens van die Kompanjie is, en selfs aan ambagslui wat nie meer in diens is nie, alhoewel 'n plakkaat van 19 Januarie 1740 hierdie reg aan die wynkopers toegeken het.(74)

Hiebenewens wou Van den Berg voorkom dat die wynkopers wyn verskaf aan soldate wat 'n pas het, of op die een of ander wyse buite die Kompanjie se diens is, en miskien reeds 'n geruime tyd lank burgerlike beroepe beoefen het.

Dáárom het die wynkopers die Politieke Raad met twee versoeke genader. Hulle wou die reg verkry om aan die publiek halfaamsgewyse wyn te verkoop sonder om deur die algemene wynpagter hierin verhinder te word. Aangesien die Regiment van Würtemberg in 1790 die Kaap verlaat het, en die redes wat tot die uitvaardiging van die plakkaat van 4 Maart 1788 aanleiding gegee het gevolglik verval het, het hulle ook die versoek dat die betrokke plakkaat herroep moet word.(75)

Dit is opvallend dat die Politieke Raad vóór 1784 selde van drankpagters besware ontvang het. Die talle versoekskrifte en besware het eers begin nadat huurtroepe aan die Kaap gestasioneer is. Dit is ewe opmerklik dat geen klagtes van wynpagters in die buitedistrikte ontvang is nie. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat daar nie gereeld in hierdie groot gebiede troepesametrekkings was nie.

Nadat die Regiment Würtemberg na die Ooste toe vertrek het, het die Politieke Raad in 1791 besluit om alle plakkate, ens. wat

---

74. C 683 Origineel Placcaatboek, 19 Januarie 1740, p. 39.

75. C 92 Resolutien, 19 Augustus 1791, p. 697.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sedert 1784 uitgevaardig is ten opsigte van die algemene pag t.o.v. Kaapse wyn, te herroep, behalwe dié van 21 Desember 1784, 18 Januarie 1785 en 7 Maart 1788. Dit het beteken dat die algemene wynpagter soveel tapperye kon open as wat hy nodig geag het en dat hy ook die alleenreg gehad het om aan die onder-offisiere en troepe wyn te verkoop. Die bierpagter is nie toegelaat om musiek in sý tapperye te verskaf nie terwyl persone wat biljart- of trektafels aanhou, wyn aan hulle klandisie kan verskaf, mits dit van die algemene wynpagter verkry is. Die bepalings van 21 Desember 1784 en 18 Januarie 1785 in verband met losieshuise, vermaaklikheidsplekke en biljarttafels is ook behou.(76)

Die Kompanjie se huursoldate het nie net met wyn sluikhandel gedryf nie. Die brandewynpagter van Valsbaai en Rondebosch, Jan Pieter Eksteen, het ook probleme in verband met smokkelhandel deur soldate van die Regiment Würtemberg ondervind. Die Kompanjie het by Muizenberg 'n militêre pos gehad. Die troepe van die bogenoemde regiment wat daar gestasioneer was, het by wynboere van die omgewing wyn en brandewyn gekoop en dit dan in hulle kroeg tot nadeel van die brandewynpagter verkoop.(77)

Nadat Eksteen daaroor by die Politieke Raad gekla het, het laasgenoemde die troepe gemaan om hulle drank by die brandewynpagter te koop.

Ten spyte van hierdie en die vorige bepalings van die Politieke Raad t.o.v. die kleinhandel in wyn, het die smokkelhandel voortgeduur.

---

76. C 92 Resolutien, 19 Augustus 1791, pp. 700 - 701.

77. C 87 Resolutien, 5 Januarie 1790, p. 36.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat die betrokke besluite geneem is, het dit weliswaar tydelik afgeneem, maar dit is kort daarna hervat, sodat die algemene wynpagter opnuut weer by die Politieke Raad moes kla. Een van die vernaamste redes vir die florering van smokkelhandel was die traagheid waarmee sommige Kompanjiesamptenare, veral geregsdienaars, die besluite van die Politieke Raad toegepas het.(78)

Dit was nie net die algemene wynpagter van 1790, J.J. van den Berg, wat hieroor gekla het nie. Nog 'n algemene wynpagter, Sebastiaan Valentijn van Reenen, het in 1788 by die Politieke Raad oor dieselfde verskynsel gekla.(79) Sy klagte, t.w. dat daar onder die smokkelaars persone was van wie 'n mens nie so iets sou verwag nie, en persone wat vanweë hulle amp moes toesien dat die besluite van die Politieke Raad uitgevoer word, het onder die Here XVII se aandag gekom. Die feit dat die Goewerneur en die Fiskaal blykbaar nie veel in verband met hierdie klag gedoen het nie, was vir die Here XVII ontstellend, want dit was "waarlijk eene saak van veel gewigt, waaromtrent een strict ondersoek ten uitersten noodsakelijk is, soo kunnen wij ons misnoegen en bevreemding niet verbergen, dat deselve met so veel slapheid is behandeld."(80)

Die Here XVII het gevolglik die Politieke Raad versoek om die name van diegene na wie Van Reenen verwys het, aan hulle te verstrek.

Die Politieke Raad het daarop vir Van Reenen, wat op daardie

---

78. C 89 Resolutien, 12 Oktober 1790, p. 909 asook C 89 Resolutien, 23 November 1790, p. 1222.

79. C 83 Resolutien, 4 Maart 1788, p. 321.

80. C 474 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 4 Januarie 1791, p. 655.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tydstip die rang van vaandrig beklee het, ontbied en hom uitgevra. Volgens Van Reenen se getuienis het hy kort nadat hy aan die einde van Augustus 1787 die algemene wynpag oorgeneem het, bewus geraak van die smokkelhandel in wyn. Hy het later ontdek dat die smokkelaars die steun van die burgerraadslid Christiaan George Maasdorp, wat self 'n wynkoper was, geniet. Maasdorp sou wyn halfaamsgewyse aan smokkelaars verkoop het, en dit met sy slawe na die herberge laat dra het, waar dit van die hand gesit is.

Van Reenen het die smokkelhandel by die fiskaal, Gabriël Exter, aanhangig gemaak. Toe Exter niks daaromtrent doen nie, en Maasdorp sy smokkelhandel voortsit, het hy goewerneur Van de Graaff daarvan verwittig. Die Goewerneur het hom versoek om daaroor vir die Politieke Raad 'n memorandum voor te lê, maar hom ook gevra om nie Maasdorp se naam daarin te noem nie vanweë die amp wat hy beklee het en omdat Maasdorp op daardie tydstip insolvent was.

Ten slotte het Van Reenen gesê dat die Goewerneur vir Maasdorp ernstig gewaarsku het om hom voortaan van smokkelhandel te weerhou en die Fiskaal beveel het om met besondere ywer oor die belange van die algemene wynpagter te waak.[81]

Die persone wat dus by hierdie voorval in 'n ongunstige lig verskyn het, was burgerraadslid Maasdorp, die Fiskaal-Independent en selfs die Goewerneur.

Volgens 'n aantal Kaapse burgers het daar ook in die Kolonie sekere onreëlmatighede voorgekom vanweë sekere Kompanjiesamptenare

---

81. C 94 Resolutien, 20 Desember 1791, p. 653.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se optrede wat indirek en direk nadelig vir die binnelandse wynhandel was. Hierdie burgers het aan hul ontevredenheid uitdrukking gegee deur middel van die Burgermemorie, wat die datum 7 Mei 1779 het.(83) Die Burgerpetisie was die resultaat van verset deur 'n aantal Kaapse burgers teen die outokratiese bewind en ekonomiese monopolie van die Kompanjie soos dit volgens hulle oordeel op daardie tydstip aan die Kaap voorgekom het.

Die ondertekenaars van die petisie het gekla dat boere, weens 'n gebrek aan behoorlike afsetgeriewe vir hulle produkte, nie 'n behoorlike bestaan kon maak nie.(84) Die petisionarisse het betoog dat die vernaamste oorsaak van hul slegte ekonomiese toestand die onderdrukking was wat hulle van sommige Kompanjies-amptenare ondervind het, omdat die amptenare onwettig aan privaat-handel deelgeneem het.(85)

In Artikel VII van die klagskrif het die burgers gekla dat die Kompanjiesboekhouer, Jan Frederik Kirsten, 'n groot plaas besit waarop hy o.m. 'n wingerd aangeplant het.(86) Daarbenewens het hy ook privaathandel gedryf. In Artikel VIII is die landdros van Swellendam, Daniel van Ryneveld, daarvan aangekla dat hy verskeie plase besit waarvan een 'n wynplaas was wat met etlike duisende stokke beplant was.(87)

In Artikel II het die koloniste 'n aantal besware teen die keldermeester, Johannes J. le Sueur, aanhangig gemaak. Hulle

---

83. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, die titelbladsy.
84. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 2.
85. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 16.
86. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 17.
87. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 17.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het daarop gewys dat hulle jaarliks 'n opgawe moes maak van die hoeveelheid wyn wat hulle kon lewer. Daarna het die Keldermeester hulle in kennis gestel van die hoeveelheid wyn wat elke wynboer aan die Kompanjie mag lewer. Sommige wynboere is toegelaat om méér wyn as ander te lewer, afhangende daarvan of hulle in die guns van die Keldermeester was of nie, aldus die petisie.(88) Dit sou volgens hulle 'n onregverdige toestand van sake gewees het.

Hierdie aanklag was volgens die Keldermeester ongegrond. Teen die einde van die boekjaar is vasgestel hoeveel wyn daar nog in die Kompanjieskelder was met die doel om te bepaal hoeveel wyn weer ingekoop moes word. Die benodigde hoeveelheid is onder die wynboere verdeel, en al onderskeid wat gemaak is, was dat die meeste wyn gekoop is van plase wat daarvoor bekend was dat hulle die beste kwaliteit wyn geproduseer het. Wanneer 'n ongeluk, soos brand of sterfte onder slawe, 'n wynboer getref het, is hy gehelp deur aan hom die reg te verleen om 'n groter hoeveelheid te lewer, aldus die Keldermeester.(89)

Die petisionarisse het sekere voorstelle aan die Here XVII gemaak met die doel om die bestaande toestand te verbeter. Die Here XVII is versoek om weereens alle amptenare ten strengste te verbied om met Kaapse landbouprodukte soos koring, vee, of wyn, handel te dryf, of selfs grond te besit waarop sulke produkte verbou kan word.(90)

---

88. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 10.

89. C 744 Kaapsche Geschillen 1779 - 1785 III, p. 256.

90. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 28.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar is ook versoek dat Kaapse koloniste jaarliks een of twee skepe mag huur om goedere wat hulle in Nederland bestel het, na die Kaap toe te bring. Hierdie skepe moes dan weer met Kaapse produkte, o.a. wyn, gelaai kan word met die doel om dit ten bate van die koloniste in Europa te verkoop.(91) Die Kompanjie sou op sulke skeepsvragte in- en uitvoerregte kan hef.

Die petisionarisse het voorts versoek dat hulle toegelaat moes word om jaarliks 'n paar skepe met landbouprodukte na Indië te stuur en om daar handelsware, soos hout en rys wat aan die Kaap van die hand gesit kon word, te koop.(92)

Die Here XVII is ook gevra om die wit en rooi wyne wat aan die Kaap geproduseer is, in te koop en dit in Nederland per openbare veiling te verkoop. Die Kompanjie sou 'n minimumprys kon vasstel waarteen hy dit wil verkoop, en indien daar by die veiling 'n hoër prys behaal word, moes die restant aan die wynboere uitbetaal word.(93)

Ten slotte is versoek dat geen plase aan die landdroste van Stellenbosch en Swellendam gegee moet word nie om te verhoed dat hulle met die koloniste meeding.(94)

Goewerneur Joachim van Plettenberg het in sy antwoord op die klagtes en voorstelle van die petisionarisse dit duidelik laat blyk

---

91. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 31.
92. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 31.
93. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 32.
94. C 736 Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 7 Mei 1779, p. 33.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat hy nie ten gunste daarvan was dat die koloniste toegelaat moes word om met die Kompanjiesgebiede in die Ooste handel te dryf nie. Volgens hom sou dit sluikhandel aanmoedig.(95)

Die Goewerneur was egter ook van mening dat die wyse waarop daar op daardie tydstip aan die Kaap handel gedryf is, nie in die beste belang van die Kompanjie was nie. Een aspek wat volgens hom tot groter bloei aan die Kaap kon bydra, was die privaathandel. Hy sou nie wou sien dat dit vir 'n onbepaalde tyd verbied word nie. Dit moes egter op 'n vaste grondslag geplaas word om sowel die Kaapse inwoners as die Kompanjie te bevoordeel.

Volgens hom sal die hele vraagstuk opgelos kan word deurdat die Kompanjie alle handel monopoliseer, d.w.s. sowel die uitvoer van Kaapse produkte wat nie plaaslik bemark kon word nie as die invoer van benodigde goedere uit Europa en die Ooste, of nadat daar aan die behoeftes van die Kompanjie voldoen is, moes privaat handel vir die plaaslike burgery oopgestel word, mét betaling van invoer- en uitvoerregte deur hulle.(96)

Die Here XVII het eers in Desember 1783 oor die Burgerpetisie van 1779 'n besluit geneem.(97) Dit het in hoofsaak daarop neergekom dat Kompanjiesamptenare weereens verbied is om te boer om sodoende te verhoed dat hulle met die koloniste meeding. Die versoek t.o.v. die lewering van wyn en ander produkte deur koloniste aan die

---

95. C 735 Rapport van Goewerneur van Plettenberg over eene Memorie der Burgers 1781 - 1782, 20 Maart 1781, p. 118.

96. C 735 Rapport van Goewerneur van Plettenberg over eene Memorie der Burgers 1781 - 1782, 20 Maart 1781, p. 202.

97. C 469 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 5 Desember 1783, p. 213.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kompanjie, en die versoek dat koloniste toegelaat moet word om met die buiteland privaat handel te dryf, is egter verwerp.[98] Dit was vir die petisionarisse baie teleurstellend.

---

98. C 469 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 5 Desember 1783, pp. 214 - 217.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VI

DIE UITVOER VAN GEWONE KAAPSE WYN

Tot 1699 het die Kaapse wynpagter die belangrikste mark vir Kaapse wyn verskaf. As gevolg van die vinnig stygende produksie was dit aan die begin van die agtiende eeu nie meer voldoende nie. Die Kaapse wynboere het hulle toe na die Kompanjie gewend met die versoek dat hy hulle oortollige wyn vir uitvoerdoeleindes moes koop. Van toe af het die Kompanjie meer wyn van die boere gekoop, 'n gedeelte daarvan aan Nederlandse skepe verkoop en die res uitgevoer.(1)

Die probleem van oorproduksie is hierdeur verlig, maar nie volkome opgelos nie. In 1731 is gevolglik aan die wynboere verlof toegestaan om na enige plek wyn uit te voer.(2) Dit het mettertyd geblyk dat die Kompanjie se Oos-Indiese besittings die beste mark vir die Kaapse wyne was.

Op 11 Oktober 1749 het die Here XVII gekla dat die private uitvoer van wyn 'n te groot omvang aangeneem het.(3) Na 'n ondersoek het dit ook geblyk dat die meeste van die Kaapse wyn wat na Nederland uitgevoer is, in die vorm van geskenke daarheen gestuur is. In 1750 is die private uitvoer van wyn en die stuur of die saamneem van geskenkwyne deur wynboere, skeepsoffisiere of persone

---

1. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 87.
2. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 91.
3. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 92.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat na Nederland terugkeer, gevolglik verbied.[4]

Die Kompanjie het intussen geprobeer om elders 'n mark vir Kaapse wyn te vind. Ná 1743 het die Here XVII die Politieke Raad gelas om elke skip wat tussen die Kaap en Batavia of Ceylon vaar, van soveel wyn te voorsien as wat nodig is.[5] Van toe af is op elke skip wat na Nederland of Batavia gevaar het, vier tot vyf lêers Kaapse wyn gelaai, terwyl op die retoervloot na Nederland gewoonlik 40 lêers ingeskeep is.[6]

Daar is dus doelbewuste pogings aangewend om die Indiese mark vir Kaapse wyn te verower. In 1748 het Kommissaris D. Nolthenius die begeerte uitgespreek dat daar in Nederlands Oos-Indië geen Franse wyn meer gedrink moet word nie.[7]

Die wyn wat na Oos-Indië gestuur is, was dikwels van 'n swak gehalte - ten minste teen die tyd dat dit daar aangekom het.[8] Alhoewel daaroor dikwels gekla is, is niks gedoen om die klagtes uit die weg te ruim nie. Gevolglik het die Raad van

---

4. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 92.
5. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 89.
6. J.I.J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu 1652 - 1752, p. 89.
7. V.C. 36 Rapporten der Commissarissen, Twaalf Stukken, 1657 - 1764, 10 Februarie 1748, p. 765.
8. C 456 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 20 Oktober 1758, p. 750.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Indië van 1755 af minder wyn as te vore ingevoer. Gedurende die tydperk 1751 - 1755 is daar byvoorbeeld jaarliks gemiddeld 558 lêers wyn na Oos-Indië uitgevoer. In 1755 het die Raad van Indië egter 300 lêers bestel.(9) Gedurende die dekade ná 1755 was die uitvoer daarheen selfs nóg kleiner; daar is toe jaarliks gemiddeld slegs 262 lêers wyn uitgevoer.(10)

Die uitvoermark het dus algaande gekwyn. In 1756 en 1757 het slegs 12 skepe van vreemde nasies by die Kaap aangedoen.(11) Alhoewel drie van hulle van Mauritius af gekom het om voorrade te kry vir die Franse vloot wat daar gestasioneer was, het die aanbod die vraag heeltemal oorskry. Dit het veroorsaak dat 'n hele aantal wynboere insolvent geraak het, en toestande was kritiek toe 'n vloot van Franse oorlogskepe in Desember 1758 van Mauritius opdaag om voorrade in te skeep.(12)

Brittanje en Frankryk was op daardie tydstip gewikkel in die sogenaamde Sewejarige Oorlog (1756 - 1763). Dit het vir die Kaapse landbouers goeie handelsmoontlikhede geskep, maar die Here XVII was versigtig om nie een van die twee oorlogvoerende

---

9. C 454 Inkomende Briewe: Raad van Indië - Politieke Raad, 15 Oktober 1755, p. 942.

10. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 105.

11. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 106.

12. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 106.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

state te bevoordeel nie. Dáárom het hy op 15 Oktober 1760 die Politieke Raad versoek om geen voorrade, behalwe in noodgevalle, aan Franse of Engelse skepe te verskaf nie.(13) Trouens, die Here XVII het die Politieke Raad beveel dat, wanneer 'n groot vloot in Tafelbaai aankom, hulle moes probeer verhoed dat al die skepe die hawe binnevaar. Terselfdertyd moes maatreëls getref word om, indien daar 'n onverwagse voorval plaasvind, dit doeltreffend af te weer.(14)

Die Here XVII was ook bevrees dat handel met vreemde state tot nadeel van die Kompanjie sou strek, want as die landbouers eers vir hulle produkte hoër pryse ontvang het, sou hulle dieselfde pryse van die Kompanjie verwag. Daar was immers toe alreeds versoeke om hoër pryse vir Constantiawyn, botter en ander produkte.(15)

Ten spyte van hierdie opdragte van die Here XVII het produkte se pryse verdubbel, en selfs verdriedubbel, en kon daar van al die surplusprodukte, insluitend wyn, ontslae geraak word.(16)

Vanweë mededinging uit hierdie oord was dit soms nie vir

---

13. C 457 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 15 Oktober 1760, p. 788.

14. C 457 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 30 September 1760, p. 776.

15. C 458 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 11 November 1762, p. 507.

16. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 106.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Politieke Raad moontlik om genoeg voorrade vir die Kompanjie-skepe in die hande te kry nie. Daarom is op 10 Augustus 1762 besluit dat alle wynboere die Politieke Raad binne agt dae in kennis moet stel oor hoeveel wyn hulle aan die Kompanjie sou kon lewer.(17)

Op 31 Augustus 1762 het die sekunde, Pieter van Rheede van Oudtshoorn, die Politieke Raad meegedeel dat die oorgrote meerderheid wynboere slegs een-derde of 'n kwart van die wyn wat hulle volgens die jongste opgaaf het, aan die Kompanjie sou wou lewer.(18) Omdat dit heeltemal onvoldoende sou wees vir die Kompanjie se skepe en die Kompanjie se ander behoeftes, is besluit dat niemand meer aan vreemde skepe wyn mag verkoop nie. Oortreders sou met 1 000 guldens beboet word en hulle wyn sou gekonfiskeer word. Die enigste persoon wat toegelaat sou word om wyn te koop, was die algemene wynpagter. Terselfdertyd is besluit dat die pag ten opsigte van die wynhandel met vreemdes nie meer, soos vroeër aangekondig is, op 31 Augustus 1762 opgeveil sou word nie.(19)

Hierdie besluit is op 28 September 1762 herroep omdat daar toe reeds genoeg wyn vir die Kompanjie aangekoop was.(20) Die pag ten opsigte van die wynhandel met vreemdes is ook weer ingestel. Die verpagting daarvan het op 12 Oktober 1762 plaasgevind.

---

17. C 54 Resolutien, 10 Augustus 1762, p. 216.
18. C 54 Resolutien, 31 Augustus 1762, p. 221.
19. C 54 Resolutien, 31 Augustus 1762, p. 232.
20. C 54 Resolutien, 28 September 1762, p. 274.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is vir 5 100 guldens aan Jan Smook toegeken.[21]

Hierdie tydperk van welvaart het voortgeduur tot Maart 1763 toe die nuus die Kaap bereik het dat daar tussen Engeland en Frankryk vrede gesluit is.

Alhoewel die Here XVII op 21 April 1742 besluit het dat elke skip wat na Nederland terugvaar, vyf lêers wyn aan boord moet neem om ten bate van die Kompanjie verkoop te word, het die Politieke Raad mettertyd méér as vyf lêers met elke vaartuig verskeep. In 1764 het die Here XVII die Politieke Raad versoek om hom aan die besluit van 21 April 1742 te hou omdat daar nie so 'n groot vraag vir Kaapse wyn in Nederland was nie.[22]

Die Kompanjie het dus slegs 'n beperkte mark vir Kaapse wynboere gebied, sodat laasgenoemde hoofsaaklik op die plaaslike mark aangewese was. Nadat die Sewejarige Oorlog verby was, is die wynboere en die wynhandelaars nie toegelaat om op groot skaal met vreemde state handel te dryf nie. Die Here XVII het die Politieke Raad op 21 Oktober 1765 opnuut beveel om die verkoop van goedere aan vreemde nasies tot 'n minimum te beperk.[23]

Eers in 1771 het die mark verbeter toe die Here XVII aan die Politieke Raad opdrag gegee het om met alle Kompanjieskepe wat na Nederland terugkeer, Kaapse landbouprodukte te verskeep. Klein

---

21. C 54 Resolutien, 12 Oktober 1762, p. 289.

22. C 459 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 25 Oktober 1764, p. 672.

23. C 460 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 21 Oktober 1765, p. 151.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoeveelhede rog, gars, wol, wyn, brandewyn, velle en vet moes as 'n proefbesending gestuur word, terwyl die res van die lading uit koring moes bestaan. Die produkte moes van 'n goeie kwaliteit wees, en teen die billikste pryse aangekoop word, want produkte wat te vore na Nederland gestuur is, se gehalte was soms onbevredigend, en boonop was dit teen besonder hoë pryse aangekoop.(24)

Die Kamer van Amsterdam het op 6 November 1771 geskryf dat die skip Schoonzigt na die Kaap gestuur is om landbouprodukte in te skeep, terwyl die Kamer van Zeeland ook binnekort 'n skip vir dieselfde doel sou uitstuur.(25)

'n Franse vloot was in Tafelbaai besig om groot hoeveelhede meel, wyn en vleis vir die Franse garnisoen op Mauritius in te skeep toe bogenoemde opdragte die Kaap bereik.(26) Gevolglik het die Politieke Raad, wat bevrees was dat hy nie genoeg voorrade sou kry om in die vraag van die Kamers te voorsien nie, die verkoop van koring, rog, gars en meel aan vreemde nasies se skepe verbied.(27)

Wyn sou net deur die Kompanjieskelders verskaf kan word.(28)

---

24. C 463 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 18 Oktober 1771, pp. 184 - 185.

25. C 463 Inkomende Briewe: Kamer van Amsterdam - Politieke Raad, 6 November 1771, p. 169.

26. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 161.

27. C 684 Origineel Placcaatboek, 11 April 1772, pp. 421 - 422.

28. C 64 Resolutien, 11 April 1772, p. 232.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Schoonzigt was 'n groot skip wat o.a. 'n aantal troepe na die Kaap toe gebring het om die plaaslike garnisoen te versterk.[29] Omdat daar aan die Kaap nie voldoende voorrade was nie, het die Politieke Raad besluit om die skip na Batavia te laat vaar en in sy plek die Zon, wat ongeveer 300 ton vrag kon dra, na Nederland te stuur. Die vrag het hoofsaaklik uit graan bestaan, maar het ook 30 lêers wit steenwyn en twee lêers rooi wyn ingesluit.[30] Die Politieke Raad het die wit steenwyn teen 96:88 rds. per lêer en die rooi wyn teen 192:176 rds. per lêer aangekoop.[31]

Hieruit blyk dit dat die Politieke Raad hierdie wyn teen betreklike hoë pryse gekoop het. Die rede daarvoor was dat die wynoes van 1771 swak was en dat die skepe van vreemde nasies die wynboere goeie pryse vir hulle produkte aangebied het. Daarom het die Politieke Raad by die Here XVII aanbeveel dat skepe wat Kaapse produkte na Nederland moes neem, liefs in Desember van die Kaap af moes vertrek. Dit was die tyd wanneer die wyn- en graanboere hulle produkte na die Kaap toe gebring het, en met soveel landbouers wat hulle produkte wou verkoop, sou dit bes moontlik goedkoper vir die Kompanjie verkry kan word.[32]

Die landbouprodukte wat met die Zon na Nederland gestuur is, is spoedig verkoop en die winste het die Here XVII baie tevrede gestel. Die totale aankoopprys van die 30 lêers wit steen-

---

29. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 161.

30. C 64 Resolutien, 15 Mei 1772, p. 307.

31. C 557 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 20 Junie 1772, p. 758.

32. C 64 Resolutien, 15 Mei 1772, p. 311.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyn was byvoorbeeld 2 886:40 guldens en dié van die twee lêers rooi wyn 384:522 guldens. Uit die beskikbare gegewens kan ongelukkig nie vasgestel word wat die Kompanjie se onkoste ten opsigte van hantering, vervoer, risiko, ens. was nie. Die wit wyn is vir altesame 4 250 guldens verkoop en die rooi wyn vir 1 175 guldens.(33) Die Kompanjie het dus 'n wins van 1 363:60 guldens (d.w.s. 48%) op die wit wyn en 790 guldens (d.i. 20%) op die rooi wyn gemaak. Die Here XVII het gevolglik besluit om voort te gaan met die invoer van Kaapse produkte, veral indien dit, soos die Politieke Raad gedink het, nóg goedkoper van die landbouers ingekoop kon word.(34)

Op 20 Oktober 1772 het die Bartha Petronella uit Texel vertrek om Kaapse landbouprodukte na Nederland te vervoer. Die Kamer van Amsterdam het versoek dat o.a. 20 lêers wit steenwyn en 20 lêers rooi wyn saamgestuur moes word.(35) Die wit steenwyn is teen 30 rds. per lêer gekoop, maar die rooi wyn - 'n meer delikate wyn - is teen 80 rds. per lêer aangekoop.(36) Op daardie tydstip het die wynboere reeds hulle rooi wyn wat bekwaam was, verkoop, en dié wat nog in hulle besit was, was nie geskik vir bemarking nie. Sodra dit gereed was, sou die benodigde hoeveelheid aangekoop en na Nederland gestuur word.(37)

---

33. C 463 Inkomende Briewe: Kamer van Amsterdam - Politieke Raad, 26 Oktober 1772, p. 846.

34. C 463 Inkomende Briewe: Kamer van Amsterdam - Politieke Raad, 26 Oktober 1772, p. 847.

35. C 463 Inkomende Briewe: Kamer van Amsterdam - Politieke Raad, 26 Oktober 1772, p. 848.

36. C 65 Resolutien, 29 Junie 1773, p. 276.

37. C 65 Resolutien, 5 Julie 1773, p. 285.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die tussentyd sou 'n proefbesending van twee lêers Kaapse Pontakwyn met die Bartha Petronella verskeep word om vas te stel of die soort wyn ook goeie winste oplewer.(38)

Benewens die Pontakwyn is die volgende wynprodukte met die Bartha Petronella na Nederland gestuur: 20 lêers wit steenwyn (teen 59 guldens per lêer) en 6 lêers brandewyn (teen 88 guldens per lêer). Die prys wat hier gemeld word, is dié wat die Politieke Raad moes betaal.(39)

Die handel in Kaapse produkte was só voordelig dat die Here XVII dit in 1772 oorweeg het om 'n tweede skip vir hierdie doel af te sonder.(40) Volgens hulle mening sou twee skepe ruim 15 000 mud koring en die beskikbare hoeveelheid wyn kon vervoer. In 1773 is 'n tweede skip toe in gebruik geneem, maar in dieselfde jaar het een gesink, sodat daar weer slegs een vaartuig beskikbaar was.(41)

Ten spyte daarvan was die gemiddelde jaarlikse hoeveelheid Kaapse wyn, uitgesonderd Constantiawyn, wat vanaf 1772 tot 1780 na Nederland uitgevoer is, 93 lêers, en dié na die Kompanjie se Oosterse besittings, 296 lêers.(42) Die Kompanjie se oorsese besittings was dus in dié tydperk die grootste mark vir Kaapse wyn.

Van 1772 af het 'n aansienlike getal vreemde skepe Tafelbaai

---

38. C 65 Resolutien, 29 Junie 1773, p. 276.

39. C 558 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 6 Julie 1773, p. 827.

40. C 463 Inkomende Briewe: Kamer van Amsterdam - Politieke Raad, 28 Desember 1772, p. 920.

41. C 463 Inkomende Briewe: Raad van Indië - Politieke Raad, 26 Oktober 1773, p. 1211.

42. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 165.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besoek. Jaarliks het gemiddeld 52 Nederlandse skepe en 65 vreemde skepe by die Kaap aangedoen.(43) Hierdie toename in die getal vreemde skepe is gehandhaaf totdat die Amerikaanse Vryheidsoorlog in 1775 uitgebreek het. Die Here XVII het nou hierdie toename verwelkom omdat die vreemdelinge na die Kaap toe baie kontantgeld gebring het. Dit het onder meer daartoe gelei dat die bedrag t.o.v. die pag vir die lewering van wyn en arak aan vreemde skepe in 1776 tot 9 500 guldens gestyg het.(44)

Die Amerikaanse Vryheidsoorlog (1775 - 1783) het 'n belangrike rol gespeel ten opsigte van die uitvoer van Kaapse wyn aangesien die aanvraag daarvoor aansienlik toegeneem het. Vanweë hierdie oorlog het meer skepe as gewoonlik die Kaap besoek. Afgesien van 'n aanvanklike toename in Engelse skepe totdat Nederland op 20 Desember 1780 die wapen teen Engeland opgeneem het, het Franse, Deense en Sweedse skepe, asook skepe van ander nasies, in groter getalle by die Kaap aangedoen.(45)

Die volgende syfers(46) toon aan hoeveel skepe die Kaap tussen 1781 en 1784 besoek het en aan watter lande hulle behoort het:

---

43. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 166.

44. C 761 Memorie boekje der verpagtingen van 's lands inkomsten 1744 - 1778, p. 67.

45. C 73 Resolutien, 28 Junie 1781, p. 391.

46. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 215.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SKEEPSBESOEKE AAN DIE KAAP, 1781 - 1784

	Tafelbaai				Simonsbaai			
	1781	1782	1783	1784	1781	1782	1783	1784
Nederland	29	13	14	38	2	2	7	10
Engeland	2	-	18	18	-	-	-	5
Frankryk	19	18	42	40	16	38	8	5
Denemarke	10	18	20	14	5	5	7	5
Swede	3	3	8	8	1	1	2	3
Oostenryk	1	8	27	12	-	-	2	1
Portugal	1	2	3	2	-	-	-	-
Italië	1	-	1	-	-	-	-	-
Pruise	-	1	8	4	-	-	4	1
Hamburg	-	-	1	-	-	-	-	-
Rusland	-	-	2	1	-	-	-	-
Spanje	-	-	-	1	-	-	-	-
Amerika	-	-	-	1	-	-	-	-
Totaal	66	63	152	139	24	46	30	30

Die totaal vir Tafelbaai in hierdie tydperk was 420 skepe en dié vir Simonsbaai het op 130 te staan gekom.

Vanweë die toenemende vraag was daar 'n styging in die pryse van landbouprodukte. Dit het meegebing dat sommige inwoners vir hulle produkte buitensporige pryse gevra het. Dit was tot nadeel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die Kompanjie wat óók die hoër pryse moes betaal.[47]

Die Politieke Raad het gevolglik besluit om 'n komitee, bestaande uit Adriaan van Schoor, Jacobus J. le Sueur en die toenmalige én oud-Burgerraadslede aan te stel om pryse vir alle eetware en landbouprodukte vas te stel. Hulle verslag is op 10 Julie 1781 deur die Politieke Raad bespreek en aangeneem. Daar is bepaal dat die hoogste pryse vir wyne soos volg sou wees: Vir gewone Kaapse wyn sou vreemdelinge nie meer as 45 rds. per lêer mag betaal nie, en Kaapse burgers nie meer as 5 rds. per halfaam (d.i. 40 rds. per lêer) nie. Vir brandewyn sou vreemdelinge nie meer as 65 rds. per lêer mag betaal nie.[48]

Diegene wat hierdie besluit probeer ontduik, sou swaar beboet word. Hul produkte sou gekonfiskeer word en die koper, én verkoper sou 'n boete van 1 000 Kaapse guldens betaal.[49]

Die wynoes van 1782 was 'n mislukking. Om die wynboere tegemoet te kom, het die Politieke Raad in Augustus 1782 besluit om die binnelandse verkoopprys van 5 rds. op wyn af te skaf en terselfdertyd 10 rds. per lêer méér te betaal vir wyn wat vir die Kompanjie aangekoop word.[50]

Om aan die behoeftes van die Kompanjie en dié van sy skepe te voldoen, is die verkoop van wyn aan vreemde skepe streng verbied. Terselfdertyd is besluit om die pag ten opsigte van wyn, brandewyn en arak aan vreemde skepe nie op te veil nie.[51] Van hierdie

---

47. C 73 Resolutien, 28 Junie 1781, p. 392.
48. C 73 Resolutien, 10 Julie 1781, pp. 418 - 419.
49. C 685 Origineel Placcaatboek, 10 Julie 1781, p. 130.
50. C 74 Resolutien, 27 Augustus 1782, pp. 747 - 748.
51. C 685 Origineel Placcaatboek, 27 Augustus 1782, p. 255.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

datum af het alle wettige handel in wyn en brandewyn met vreemde skepe dus tydelik tot stilstand gekom tot Julie 1784, toe die Politieke Raad besluit het om bogenoemde pag weer te verkoop.[52]

Die Kompanjie het die hoër prys vir wyn tot in Mei 1784 betaal. Die 1783-wynoes was 'n sukses. Aangesien daar nou wyn beskikbaar was, is op 18 Mei 1784 besluit om weer dieselfde pryse te betaal as vóór die tydelike prysverhoging, t.w. 27 rds. per lêer wyn en 50 rds. per lêer brandewyn.[53]

Die Amerikaanse Vryheidsoorlog is in September 1783 beëindig met die Vrede van Versailles, maar daar is eers op 20 Mei 1784 tussen Brittanje en Nederland vrede gesluit. Die beëindiging van die oorlog, het meegebring dat daar nou minder skepe by die Kaap aangedoen het. Die bloeiende mark wat gedurende die Sewejarige Oorlog en daarna vir Kaapse landbouers bestaan het, het gevolglik gekwyn.

In die tydperk vóór die uitbreek van die Amerikaanse Vryheidsoorlog was wynuitvoer die monopolie van die Kompanjie. Die gemiddelde jaarlikse wynproduksie het teen 1776 op 3 244 lêers te staan gekom. Hiervan het die Kompanjie slegs 945 lêers nodig gehad om in Europa en sy Oosterse besittings te verkoop.[54] Daar het dus gemiddeld jaarliks 2 299 lêers wyn oorgebly wat aan die Kaapse inwoners en aan vreemde skepe wat by die Kaap aandoen, verkoop moes word.

In 1776 het 'n aantal wynboere die Politieke Raad verlof gevra om na Nederland wyn te mag uitvoer.[55] Die Politieke Raad het

---

52. C 76 Resolutien, 20 Julie 1784, p. 511.

53. C 76 Resolutien, 18 Mei 1784, p. 282.

54. C 71 Resolutien, 16 Februarie 1779, p. 107.

55. C 68 Resolutien, 13 Februarie 1776, p. 94.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daarteen geen besware gehad nie en vir die Here XVII toestemming gevra dat, indien daar op skepe wat Kaapse landbouprodukte na Nederland vervoer, oortollige ruimte is, wynboere toegelaat moet word om daarmee hulle wyn na Nederland te stuur. Die Politieke Raad het ook verneem wat die vraggeld sou wees wat deur sulke persone betaal sou moet word.(56)

Na 'n vertraging van twee jaar het die Here XVII in 1778 navraag gedoen in verband met dié versoek. Om te kan bepaal of 'n sodanige vergunning tot nadeel van die Kompanjie sou strek, al dan nie, wou hulle oor die gemiddelde jaarlikse grootte van die wynoes en die druifsoorte waarvan die wyn gemaak is, ingelig word.

Hulle wou ook weet hoeveel wyn jaarliks, nadat die hoeveelhede wat die Kaapse owerhede self en die Kompanjie in die Ooste nodig gehad het, afgetrek is, na Nederland toe gestuur sou kan word.(57)

Blykens 'n ondersoek van die sekunde, Pieter Hacker, het die wynboere hulle wyn hoofsaaklik van Groendruiwe gemaak, terwyl wyn van Pontakdruiwe, rooi Muskadelwyn, wit Muskadelwyn, wyn van wit Steendruiwe en Kaapse Madeirawyn ook gemaak is. Dit was egter nie moontlik om vas te stel hoeveel daar van elke soort wyn gemaak is nie. Daarbenewens was die meeste wingerdboere op daardie tydstip besig om hulle Pontakstokke, waarvan die druiwe min sap bevat het, en hul Steendruiwe uit te kap en dit met Groendruiwe te vervang.

Dit was ook nie moontlik om te bepaal hoeveel wyn die wyn-

---

56. C 561 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 1 Maart 1776, p. 244.

57. C 466 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 3 April 1778, p. 345.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boere self jaarliks sou kan uitvoer nie omdat die oes van jaar tot jaar gewissel het. Die wynboere het dikwels hulle wyn teen goeie pryse aan vreemde skepe verkoop, in welke geval dit nie vir hulle lonend sou wees om wyn uit te voer nie.(58)

In 1780 het die Here XVII toe verlof gegee dat alle Kompanjiesamptenare en -offisiere wat na Nederland terugkeer, wyn mag saambring met die doel om dit dáár te verkoop. Daar moes egter aan sekere voorwaardes voldoen word, te wete:

Die wyn moes, sodra dit in Nederland aankom, in die Kompanjieskelder opgeberg word.

Op die dag waarop die Kompanjie sy algemene wynverkoping het, sou hierdie wyn ook verkoop word.

Die Kompanjie het ten slotte die reg voorbehou om vir homself 'n sekere persentasie van die wins, t.w. soveel as wat hy redelik en billik mag ag, toe te eien.(59)

Daar was egter toe nog geen sprake van private wynuitvoer deur wynboere nie.

In 1784 het veertien inwoners van die Kaap, Drakenstein en Stellenbosch, van wie die Kaapse oud-burgerraadslede Johannes M. Cruijwagen en Hendrik O. Eksteen en 'n oud-heemraad van Stellenbosch, Hendrik Cloete, die bekenste was, hul besorgdheid uitgespreek oor die ekonomiese agteruitgang aan die Kaap. Hulle het oor die swak handelsmoontlikhede en die lae pryse, gekla. Die Politieke Raad

---

58. C 71 Resolutien, 16 Februarie 1779, p. 109.

59. C 467 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 14 April 1780, p. 240.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is versoek om weë en middele te bedink om vir die landbouers 'n bestendige mark te skep en aan boere die reg te verleen om self hul produkte oorsee te verkoop. Na hul mening sou die wynboer veral hierdeur gehelp word.(60)

Dié versoek was veel omvattender as dié van die wynboere in 1776 in dié sin dat daar in 1776 versoek is dat hulle hul wyn in Nederland mag verkoop, terwyl daar in 1784 van "oorsee" gepraat is.

Dié versoek het die Politieke Raad verbaas omdat die landbouers volgens hulle ná die Amerikaanse Vryheidsoorlog net sulke goeie pryse, indien nie beter as te vore nie, ontvang het.(61)

Die versoek is nietemin na die Here XVII verwys.

Die Kompanjie kon een van twee moontlikhede kies. Hulle kon besluit het om alle handel met Europa en die Ooste, d.w.s. die uitvoer van Kaapse landbouprodukte en die invoer van benodigdhede, te monopoliseer. Die ander moontlikheid was om die in- en uitvoerhandel onder sekere bepalings vir die koloniste oop te stel. Geeneen van hierdie moontlikhede was egter vir die Kompanjie aanvaarbaar nie. Gevolglik het die Here XVII besluit om 'n middeweg te volg. Op 10 Mei 1785 is besluit dat die Kompanjie alle wyn, graan en ander landbouprodukte wat oorbly nadat daar in die behoeftes van die Kompanjie en vreemde skepe voorsien is, van die boere wat dit wou verkoop, sou aankoop. Vir hierdie doel moes die Politieke Raad uit lede van die Raad van Justisie 'n komitee aanstel. Dit

---

60. C 76 Resolutien, 17 Februarie 1784, p. 93.

61. C 569 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 15 Maart 1784, p. 180.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moes uit ses lede bestaan, nl. drie burgers en drie Kompanjiesamptenare.

Die komitee se taak sou wees om jaarliks by die Politieke Raad 'n aanbeveling te maak t.o.v. die pryse waarteen die Kompanjie die oortollige wyn, graan, ens. sou inkoop.

Die Here XVII het ook gesê dat die grondliggende beginsel in dié verband moes wees dat die landbouers éérs ander markte vir hulle produkte moes soek voordat hulle dit vir die Kompanjie te koop aanbied. (62)

Toe die Politieke Raad in April 1786 van die bogenoemde besluit in kennis gestel is, is die keldermeester, Jacobus J. le Sueur, en die dispensier, Tobias C. Romenkamp, versoek om ondersoek in te stel oor hóé die nodige bergruimte verkry kon word.(63) Hulle het ook volmag gekry om na goeddunke kiste of houers oop te maak om te verseker dat daar nie smokkelhandel plaasvind nie. Oortreders se produkte sou gekonfiskeer word en onder behoeftige inwoners aan die Kaap uitgedeel word. Daarbenewens sou elke oortreder 'n boete van 1 000 guldens moet betaal.(64)

Die komitee is spoedig saamgestel. Drie lede, t.w. Gerrit Hendrik Cruijwagen, Solomon van Echten en Jan Marthinus Horak, was Kompanjiesamptenare, en die orige drie, t.w. Jan Smuts, Andries van Sittert en Christiaan George Maasdorp, was burgers.(65)

Daar was op hierdie tydstip twee Kompanjieskepe - die

---

62. C 470 Inkomende Briewe: Kamer van Zeeland - Politieke Raad, 28 Julie 1785, p. 148.

63. C 79 Resolutien, 19 April 1786, p. 524.

64. C 79 Resolutien, 12 Mei 1786, p. 719.

65. G.M. Theal: History of South Africa, IV, pp. 234 - 235.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Negotie en die Twee Gesusten - aan die Kaap om produkte vir Nederland in te skeep. Die Politieke Raad het dit gerade geag om nie die oortollige wyn in te koop nie omdat dit meestal jong wyn was wat slegs 'n klein wins sou oplewer. Bowendien was daar nie genoeg vate waarin wyn verskeep kon word beskikbaar nie.(66)

Op 17 Januarie 1787 het die Politieke Raad, na aanleiding van die verslag van Le Sueur en Romenkamp, breedvoerig aandag gegee aan die Here XVII se opdrag van 28 Julie 1785.(67)

Volgens Le Sueur en Romenkamp was daar drie probleme wat opgelos moes word voordat daar aan die Here XVII se besluit uitvoering gegee sou kan word.(68)

Eerstens was daar 'n groot tekort aan vate. Om die tekort aan vate te verminder is die Politieke Raad toegelaat om op oortollige watervate in die Kompanjieskepe beslag te lê en as wynvate te gebruik. Sedert die Amerikaanse Vryheidsoorlog moes die Kompanjie op groot skaal van gehuurde skepe gebruik maak. Gevolglik kon leë vate nie meer van hierdie skepe afgehaal word nie. Om vir die tekort te vergoed, is die Here XVII versoek om 300 nuwe vate na die Kaap te stuur, maar aan hierdie versoek is slegs gedeeltelik voldoen. Die Kamer van Amsterdam het toe aanbeveel dat "uitgesonden pijpenduijgen" (vatduie van eikehout waarmee vate gemaak is(69)) gebruik moes word om vate van te maak. Vier ekstra kuipers is in diens geneem, maar daar moes nog steeds byna 300 vate wat nie

---

66. C 79 Resolutien, 19 April 1786, p. 528.
67. C 81 Resolutien, 17 Januarie 1787, p. 5.
68. C 318 Memorien en Rapporten, 11 Oktober 1786, pp. 449 - 456.
69. Woordenboek der Nederlandsche Taal, Twaalfde Deel, Eerste stuk, kolom 1733.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskik was nie, gebruik word.

Tweedens was daar, volgens Le Sueur en Romenkamp, 'n tekort aan voldoende bergruimte. Dit wat daar was, was net genoeg vir die gewone aankope, en daar sou nou soveel wyn opgeberg moes word dat dit in die geval van 'n misoes nie vir die Politieke Raad nodig sou wees om die pryse te verhoog om genoeg wyn te verkry nie.

Derdens was daar die probleem dat sommige wynboere hulle wyn slordig behandel het, met die gevolg dat dit van 'n swak gehalte was.(70)

Om bogenoemde drie probleme te oorkom, het Le Sueur en Romenkamp die volgende aanbevelings gemaak:

Daar moes méér as die gewone getal leë vate van die Kompanjieskepe afgehaal word. Daar moes ook vir behoorlike toesig oor die arbeiders by die Kompanjieskelder gesorg word. Vir dié doel moes 'n toesighouer aangestel word met die rang van boekhouer.(71) Die getal slawe wat by die Kompanjieskelder werk, moes ook van ses tot ag vermeerder word.

'n Verdere poging is in 1792 aangewend om die tekort aan vaatwerk te verminder. Kommissarisse Nederburgh en Frijkenius het in Oktober 1792 bepaal dat wanneer Kompanjieskepe by die Kaap aandoen, die kapteins 'n skriftelike opgawe van die getal vate wat hulle aan boord het, by die ekwipasiemeester moes indien.(72) Indien daar op die skepe vate is wat nie op die opgawe vermeld word

---

70. C 81 Resolutien, 17 Januarie 1787, p. 10.

71. C 81 Resolutien, 17 Januarie 1787, p. 12.

72. C 99 Resolutien, 10 Oktober 1792, p. 115.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, mag die keldermeester dit ten bate van die Kompanjie konfiskeer.

Die probleem in verband met opberging kon verlig word as op die terrein waar die spinnery vantevore was, 'n gebou van drie verdiepings opgerig word. Die boonste twee verdiepings kon as 'n bergplek vir graan dien, terwyl wyn op die grondvloer gestoor kon word. Die gebou het ook die bykomstige voordeel gehad dat dit in geval van 'n vyandelike aanval, baie meer beskut sou wees as die Kompanjiespakhuise wat almal aan die strand gestaan het.(73)

Die Politieke Raad het hom in sy besluit ten opsigte van die bogenoemde aanbevelings laat lei deur die feit dat die vorige jaar se wynoes betreklik klein was. Daarom is besluit om, na gelang van die beskikbare skeepsruimte, en mits die wyn reeds in 'n mate verouder het, gereeld na Nederland wyn te versend. Om die tekort aan bergplek te oorbrug, sou voorlopig van private persone pakhuise gehuur word. Met betrekking tot die gebrek aan vaatwerk is besluit dat die keldermeester soveel vate as wat beskikbaar is en nie vir drinkwater nodig is nie, van verbyvarende Kompanjieskepe mag afhaal.(74)

Terselfdertyd is alle wynboere gewaarsku om te sorg dat hulle wyn van 'n goeie gehalte is. As wyn ontvang word wat nie van die vereiste kwaliteit is nie, sou die wynboer daarvoor 'n laer as die vasgestelde prys ontvang, terwyl wyne wat vir versending ongeskik is, afgekeur sou word.(75)

Ernst Fredrik Schrader is op 31 Augustus 1787 as toesighouer

---

73. C 81 Resolutien, 17 Januarie 1787, p. 13.

74. C 81 Resolutien, 17 Januarie 1787, p. 43.

75. C 686 Origineel Placcaatboek, 17 Januarie 1787, p. 12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangestel om oor die werk in die Kompanjieskelder toesig te hou.[76]

Die komitee wat wynpryse moes vasstel, was van die begin af weens verskeie redes 'n mislukking. Die Kompanjiesamptenare en die burgers kon nie saamwerk nie. Enige voorstel wat deur die een groep gemaak is, is deur die ander teengestaan.[77] Ander faktore het ook meegewerk dat die komitee nie behoorlike geleentheid gehad het om te funksioneer nie. Die 1785-oes was vanweë 'n langdurige droogte 'n mislukking. Toe die Negotie in 1788 by die Kaap aankom om produkte na Nederland in te skeep, kon geen wyn vanweë 'n tekort aan vaatwerk versend word nie. Omdat daar ook nie graan beskikbaar was nie, is die Negotie met ballas na die Ooste toe gestuur.[78]

Die Here XVII was hieroor só teleurgesteld dat hulle hierna nie weer doelbewus pogings aangewend het om die oortollige Kaapse wyn in Nederland te verkoop nie. Die belangrikste redes daarvoor was die wisselvallige aanbod en die klein wins wat meestal deur die Kompanjie gemaak is.[79]

Van 1786 af het die binnelandse aanbod die vraag na wyn weereens oorskry. Om die swak handelsmoontlikhede aan die Kaap te oorkom, is daar in 1787 weer 'n poging aangewend om privaat wyn uit te voer. In daardie jaar het die wynkoper, Jacobus J. van den Berg, die Politieke Raad versoek om 'n Kompanjiesvaartuig, die Goede Verwagting, wat op daardie tydstip in Tafelbaai was, aan hom te verhuur, en aan hom verlof te gee om daarmee 'n lading wyn na

---

76. C 82 Resolutien, 31 Augustus 1787, p. 655.
77. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 235.
78. C 83 Resolutien, 10 Junie 1788, p. 666.
79. C 84 Resolutien, 14 Oktober 1788, p. 441.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nederland te stuur.[80]

Die Politieke Raad was bereid om, onderhewig aan sekere voorwaardes, aan dié versoek te voldoen om sodoende die probleem van oorproduksie te verminder. Hul vernaamste voorwaardes was die volgende:

Die Goede Verwagting sou nie aan Van den Berg verhuur word nie, maar hy kon soveel wyn na Nederland stuur as wat daar vrag-ruimte op die skip beskikbaar was.

Nadat die wyn in vate getap is, moes dit deur kommissarisse ondersoek word om vas te stel of dit van 'n goeie gehalte is. Die kommissarisse sou die wyn mag afkeur. Nadat hulle die wyn ondersoek het, moes hulle 'n verslag inlewer oor die kwaliteit van die wyn, en die nommers of merke van die vate aangee.

Geen Constantiawyn mag saamgestuur word nie.

'n Behoorlike opgawe van die ingeskeepte wyn moes opgestel word en deur die kaptein van die Goede Verwagting onderteken word.

Die wyn sou op Van den Berg se koste in Tafelbaai op die skip gelaai word en in Nederland afgelaai word.

Die wyn sou in Nederland in die Kompanjie se pakhuise opgeberg word totdat dit verkoop word. 'n Gedeelte van die wins moes aan die Kompanjie betaal word - hoéveel is egter nie bepaal nie.[81]

---

80. C 82 Resolutien, 25 September 1787, p. 710.

81. C 82 Resolutien, 25 September 1787, pp. 718 - 724.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 14 Mei 1788 het die wynkoper, Pieter Lourens Cloete, die voorbeeld van Van den Berg gevolg en versoek om tussen 25 en 30 lêers wyn na Nederland te mag stuur.(82) Sy versoek is op dieselfde voorwaardes as dié van Van den Berg toegestaan. Die Here XVII was ook heeltemal tevrede met hierdie reëling van die Politieke Raad omdat dit vir hom 'n bron van inkomste was.(83)

Hierdie stelsel van wynuitvoer het ook die Kaapse inwoners bevoordeel. Tot op daardie tydstip het vreemde skepe immers die monopolie uitgeoefen ten opsigte van die koop van Kaapse wyn en die verkoop daarvan buite Nederland en die Kompanjie se oorsese besittings.

'n Belangrike verwikkeling het in April 1789 plaasgevind toe die Here XVII besluit het dat die Kaapse koloniste na Nederland wyn mag uitvoer. Alle wyn wat privaat uitgevoer is, moes egter met Kompanjieskepe na Nederland vervoer word. 'n Aantal Kompanjieskepe wat sonder vrag in Batavia was, sou na Nederland terugvaar, en die Here XVII het toe aan die Politieke Raad verlof gegee om soveel wyn en koring as wat daar plek voor was, op die skepe te laai.(84)

Aanvanklik was die private uitvoer gering. Die wynboere was onseker of daar op die skepe genoeg ruimte sou wees, en die vraggelde was ook nog nie vasgestel nie.(85)

---

82. C 83 Resolutien, 14 Mei 1788, p. 553.

83. C 472 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 31 Desember 1788, p. 1101.

84. C 472 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 29 April 1789, p. 977.

85. C 87 Resolutien, 12 Januarie 1790, p. 49.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Politieke Raad het in September 1790 besluit dat die vraggeld 20 guldens per lêer sou wees op wyn wat na Nederland gestuur word.[86] Die Here XVII het op 29 Maart 1792 die tarief gewysig en op die volgende vraggeld besluit:

Vir 'n lêer:	32 guldens
Vir 'n halwe lêer:	16 guldens
Vir 'n aam:	8 guldens
Vir 'n halwe aam:	4 guldens.[87]

Hierbenewens het die Here XVII bepaal dat as die wyn in Nederland aankom, dit in Kompanjiespakhuise opgeberg moes word, terwyl die Kamer wat die wyn na Nederland gebring het, die reg sou hê om dit te verkoop.

Daar is ongelukkig geen syfers beskikbaar om vas te stel hoeveel wyn volgens hierdie voorwaardes uitgevoer is of teen watter pryse die wyn in Nederland verkoop is nie. Dit is egter te betwyfel of private uitvoer onder hierdie bepalings veel wins kon oplewer. Behalwe die boer se produksiekoste en die vraggeld, moes 3 rds. aan vatgeld sowel as alle kostes en kommissiegeld wat in Nederland geëis word, ook betaal word.

Die mark waarop die wynboere dus nog steeds in hoofsaak aangewys was, was die Kompanjie en vreemde skepe. Vir sy eie gebruik het die Kompanjie van 1790 af jaarliks ongeveer 760 lêers wyn aangekoop.[88] Hiervan was die helfte vir verbruik aan die

---

86. C 686 Origineel Placcaatboek, 10 September 1790, p. 205.

87. C 727 Placcaaten raackende de Walvisfangst en Particuliere Vaart 1792, 29 Maart 1791, p. 133.

88. G.M. Theal: History of South Africa, IV, p. 235.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaap bedoel en die res vir Kompanjieskepe en die Ooste.

Om 'n groter mark te skep, het die Raad van Batavia in 1792 die Politieke Raad versoek om die wit Franse wyne op alle skepe wat na die Ooste toe vaar, met Kaapse wyne te vervang.(89)

Omdat daar na die vredesluiting tussen Engeland en Nederland in Mei 1784 minder skepe by Tafelbaai aangedoen het, was daar 'n afname in die vraag na Kaapse wyn.(90) Die oorlog het die Kompanjie, wat reeds baie verswak en diep in die skuld was, finansieël nog verder geknak. Gedurende die tydperk 1770 - 1779 het gemiddeld 52 tot 53 Kompanjieskepe per jaar by die Kaap aangedoen. In 1781 het dit tot 29 gedaal, en in 1782 tot 14, waarvan twee oorlogsfregatte van die Nederlandse Republiek was wat gestuur is om die Kompanjie se besittings te beskerm.(91) Van 1782 af het, wat Nederlandse skepe betref, nie slegs Kompanjieskepe by die Kaap aangedoen nie, maar ook skepe van die Nederlandse Republiek, private skepe en skepe wat deur die Kompanjie gehuur is. Van die 20 Nederlandse skepe wat in 1783 die Kaap besoek het, was 11 Kompanjieskepe, 6 Nederlandse oorlogskepe en 3 private skepe.(92)

Die getal vreemde skepe wat by die Kaap aangedoen het, het

---

89. C 97 Resolutien, 17 April 1792, p. 205.

90. C 90 Resolutien, 11 Januarie 1791, p. 36.

91. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hul denkbeelde, p. 335.

92. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hul denkbeelde, p. 335.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook baie gewissel. In 1783 het 151 vreemde skepe by die Kaap aangedoen, 106 vreemde skepe in 1788 en 75 vreemde skepe in 1793. Die volgende getalle[93] vreemde skepe het tussen 1783 en 1793 in Tafelbaai anker gewerp:

Vreemde skepe in Tafelbaai, 1783 - 1793

Jaar		Getal
1783	:	151
1784	:	122
1785	:	117
1786	:	74
1787	:	90
1788	:	106
1789	:	113
1790	:	101
1791	:	119
1792	:	94
1793	:	75

Die wisselvalligheid van besoeke deur vreemde skepe het daartoe bygedra dat die mark vir die Kaapse landbouprodukte onbestendig was.

Hierteenoor was die gemiddelde jaarlikse wynproduksie gedurende die laaste vyf jaar van die Kompanjiesbewind ongeveer 6 000 lêers. In 1793 is 3 195 lêers, in 1794 weer 5 174 lêers, en in 1795 is 5 510 lêers wyn deur boere na die Kaap gebring.[94]

---

93. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde, p. 335.

94. V.C. 104 Eene Generale Beschryving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop en de Vier Districten waaruit dezelve is zamengesteld, I, p. 27.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanweë die beperkte aanvraag kon die wynboere nie al hulle wyn verkoop nie, sodat hulle soms uit mismoedigheid die vate oopgeslaan het en die wyn op die grond laat uitloop het.(95) Die algemene wynpagter, Johannes van den Berg, het ook in hierdie verband in 'n versoekskrif na "de met wijnen opgepropte maguazijnen" verwys.(96)

Met die aankoms van die twee kommissarisse-generaal, Nederburgh en Frijkenius, in Junie 1792, is opnuut pogings aangewend om die buitelandse wynhandel aan te moedig.

In November 1792 het die Kommissarisse 'n uitvoerbelasting van 5% op wyn gehef, maar om die uitvoer meer betalend te maak, het hulle besluit om van Januarie 1793 af vir 'n tydperk van vier jaar alle wyn wat met Kompanjieskepe of deur private persone uitgevoer word, van alle vorms van uitvoerbelasting vry te stel.(97)

Die Kommissarisse het op 13 Julie 1792 die Politieke Raad om voorstelle gevra vir bepalings waarvolgens Kaapse koloniste toegelaat sou word om Kaapse produkte, d.w.s. ook Kaapse wyn, uit te voer.(98) Dit was bekend as die vrye vaart en so-iets sou volgens hulle groter welvaart aan die Kaap kan veroorsaak. Die skepe wat aan hierdie handel deelneem, moes so ver as moontlik deur koloniste beman word, maar terselfdertyd moes daar teen onwettige handel ge-

---

95. G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten III (E. Bergh: Memorie over de Kaap de Goeie Hoop) p. 50.

96. C 89 Resolutien, 12 Oktober 1790, p. 904.

97. C 101 Resolutien, 26 Januarie 1793, p. 586.

98. J.S. le Roux: Die Sending van die Kommissarisse-Generaal Nederburgh en Frijkenius en toestande in die Volksplanting aan die Kaap tydens die verval van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, p. 104.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waak word. Daar moes ook toegesien word dat die vrye vaart tot voordeel van die Kompanjie strek ten einde die onkoste van die Kompanjie aan die Kaap te bestry, aldus die Kommissarisse.(99)

Die Burgerrade het deur middel van 'n memorie sekere voorstelle aan die Kommissarisse voorgelê. Hulle het versoek dat Kaapse burgers toegelaat moes word om in Indië en langs die kuste van Afrika handel te dryf. Hulle moes ook toegelaat word om skepe wat hulle nodig mag hê, van enige land te koop. Indien sulke skepe in Nederland herstelwerk moes ondergaan, moes die eienaars daarvan toegelaat word om vir hul eie rekening of vir die Kompanjie na Nederland vrag te vervoer. Produkte wat op hierdie wyse gestuur word, moes deur 'n verteenwoordiger van die eienaar ontvang word. Die eienaars van private skepe moes ook toegelaat word om persone wat uit die Kompanjie se diens tree, in diens te neem. Ten slotte is aanbeveel dat vreemde skepe aangemoedig moes word om by die Kaap aan te doen. Sodoende sou ruilhandel bevorder word.(100)

Die Kommissarisse het die versoek t.o.v. 'n vrye vaart langs die ooskus van Afrika en na Indië toegestaan. Hulle was egter sterk gekant teen die voorstel dat die handel met vreemde skepe aangemoedig moes word omdat dit heel moontlik die Kompanjie sou benadeel. Daarom het die Kommissarisse die versoek geweier en die Politieke Raad versoek om toe te sien dat die bepalings i.v.m. die handel met vreemde skepe streng toegepas word en dat daar deeglik na die Kompanjie se belange omgesien word.

Die volgende was die belangrikste bepalings met betrekking

---

99. J.S. le Roux: Die Sending van die Kommissarisse-Generaal Nederburgh en Frijkenius, p. 104.

100. J.S. le Roux: Die Sending van die Kommissarisse-Generaal Nederburgh en Frijkenius, p. 104.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot die vrye vaart: Alle inwoners aan die Kaap kon vaar en handeldryf met die gebiede langs die weskus van Afrika tot by die 30° S. Br. en die eiland St. Helena, asook met gebiede ten ooste van die Kaap tot by 30° S. Br. - d.w.s. binne die hele gebied soos wat dit in die oktrooi van die V.O.C. neergelê is. Die volgende gebiede was nie oopgestel vir die vrye vaart nie: die seë ten ooste van Java, die see-engte van Malakka en Malakka self. Daar is ook bepaal dat skepe vir die vaart in Tafelbaai uitgerus moes word en dat hulle regstreeks van die Ooste na die Kaap moes vaar om hulle vrag te ontskeep.(101)

Die laasgenoemde bepaling was veral daarop gemik om sluikhandel, wat die Kompanjie sou benadeel, te verhoed. Gewone vragvaart is hierdeur onmoontlik gemaak, want skepe is nie toegelaat om by tussenhawens aan te doen nie. Hierbenewens is die belangrikste handelsgebiede ten ooste van Sumatra uitgesluit wat meegebring het dat handel deur Kaapse koloniste in die winsgewendste produkte van sommige van die spesery-eilande nie moontlik was nie. Die koloniste sou dus slegs aan die gedeelte van die handel ten opsigte waarvan daar weinig kans op winste was, mag deelneem.(102) Hierdie geleentheid vir vryhandel het gevolglik in die praktyk maar nog steeds hoofsaaklik op monopolisme deur die Kompanjie neergekom. Die vryevaart kon ook nie baie voordeel vir die Kaapse wynboere inhou nie. Die verskaffing van wyn aan Kompanjiesinstansies in die Kompanjiesgebiede is deur die Kompanjie gemonopoliseer terwyl daar maar 'n geringe mark

---

101. C 690 Brieven van Commissarissen-Generaal Nederburgh en Frijkenius, II, 1792 - 1793: Plakkaat oor Vrye Vaart, 21 November 1792, pp. 28 - 29.

102. J.S. le Roux: Die Sending van Kommissarisse-Generaal Nederburgh en Frijkenius, p. 116.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir wyn onder die plaaslike inwoners van die betrokke gebiede moes gewees het.

Teen die einde van die Kompanjiestydperk was die wynuitvoer na Nederland nog steeds bemoeilik deur 'n gebrek aan voldoende skeepsruimte en onaantreklike winsmoontlikhede.(103) Vir die Kompanjie se gebruik in Nederland en Oos-Indië is daar in 1794 slegs 491¼ lêers gewone Kaapse wyn en 60 ame Constantiawyn uitgevoer.(104)

Die volgende syfers(105) toon die totale hoeveelhede wyn

---

103. C 698 Brieven en Papieren van A.J. Sluysken aan de Comitteerders, I, 12 April 1795, p. 525.

104. C 573 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 16 April 1795, p. 165.

105. C 539 - C 573 Uitgaande Briewe (1754 - 1795): Politieke Raad - Here XVII. Sien C 539, 1 Februarie 1754, p. 106 (vir 1753), C 540, 1 April 1755, p.492 (vir 1754), C 541, 9 Februarie 1756, pp. 62 - 63 (vir 1755), C 542, 25 Februarie 1757, p. 121 (vir 1756), C 543, 25 Februarie 1758, p. 104 (vir 1757), C 544, 25 Februarie 1759, p. 144 (vir 1758), C 545, 15 Februarie 1760, p. 132 (vir 1759), C 546, 25 Februarie 1761, p. 52 (vir 1760), C 547, 13 Januarie 1763, pp. 92 - 93 (vir 1761), C 548, 1 Maart 1763, p. 207 (vir 1762), C 549, 25 Desember 1764, p. 86 (vir 1763), C 550, 1 Maart 1765, p. 302 (vir 1764), C 551, 1 Maart 1766, p. 184 (vir 1765), C 552, 5 Februarie 1767, p. 216 (vir 1766), C 553, 2 Januarie 1768, pp. 15 - 16 (vir 1767), C 554, 1 Maart 1769, p. 305 (vir 1768), C 555, 1 Maart 1770, p. 198 (vir 1769), C 556, 1 Maart 1771, p. 194 (vir 1770), C 557, 1 Maart 1772, p. 283 (vir 1771), C 558, 1 Maart 1773, p. 180 (vir 1772), C 559, 1 Maart 1774, p. 148 (vir 1773), C 560, 1 Maart 1775, p. 219 (vir 1774), C 561, 1 Maart 1776, p. 217 (vir 1775), C 566, 8 Januarie 1781, pp. 5 - 7 (vir 1780), C 566, 25 Junie 1782, pp. 1038 - 1039 (vir 1781), C 568, 17 April 1783, p. 337 (vir 1782), C 569, 22 April 1784, p. 395 (vir 1783), C 570, 12 Mei 1785, p. 646 (vir 1784), C 571, 1 Mei 1786, p. 718 (vir 1785), C 573, 16 April 1795, p. 165 (vir 1794).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Constantiawyn uitgesluit) wat vanaf 1753 tot 1794 vanaf die Kaap uitgevoer is.

Hoeveelheid wyn uitgevoer, 1753 - 1794

Jaar	Hoeveelheid (Lêers)	
1753	254	(Na Batavia)
1754	369	(Na Batavia)
1755	780	(Na Nederland, Batavia, Ceylon en Bengale)
1756	182	(Na Batavia)
1757	395	(Na Batavia)
1758	277	(Na Batavia)
1759	229	(Na Batavia)
1760	234	(Na Batavia)
1761	308¼	(Na Nederland, Batavia, Ceylon en Bengale)
1762	230½	(Na Batavia)
1763	416	(Na Nederland, Batavia, Ceylon en Bengale)
1764	314	(Na Batavia)
1765	272	(Na Oos-Indië)
1766	387	(Na Oos-Indië)
1767	397	(Na Nederland, Batavia, Ceylon en Bengale)
1768	242	(Na Oos-Indië)
1769	282	(Na Oos-Indië)
1770	292	(Na Oos-Indië)
1771	292	(Na Oos-Indië)
1772	374	(Na Nederland en Oos-Indië)
1773	465	(Na Nederland en Oos-Indië)
1774	397	(Na Nederland en Oos-Indië)
1775	375	(Na Nederland en Oos-Indië)
1780	331	(Na Nederland, Batavia, Ceylon, Bengale en Kanton)
1781	261	(Na Nederland, Batavia en Ceylon)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Hoeveelheid (Lêers)
1782	12 (Na Ceylon)
1783	262 (Na Batavia en Ceylon)
1784	205 (Na Nederland en Oos-Indië)
1785	331 (Na Nederland en Oos-Indië)
1794	491¼ (Na Nederland en Oos-Indië)

Uit die tabel hierbo blyk dit dat die hoeveelheid wyn wat jaarliks uitgevoer is, baie gewissel het. Dit is, terloops, nie moontlik om die hoeveelheid Constantiawyn wat gedurende hierdie tydperk uitgevoer is, vas te stel nie.

Ongelukkig kon daar nie t.o.v. die uitvoere na die afsonderlike gebiede vir al die jare besonderhede nagespoor word nie, maar uit die gegewens wat beskikbaar is, blyk dit dat Kaapse wyn, behalwe na Nederland, ook na die Oos-Indiese gebiede van die Kompanjie uitgevoer is. Trouens, die Oos-Indiese gebiede was die belangrikste uitvoermark vir Kaapse wyn, soos uit die volgende gegewens blyk.(106)

---

106. C 541 - C 569 Uitgaande Briewe (1756 - 1784): Politieke Raad - Here XVII. Sien C 541, 9 Februarie 1756, pp. 62 - 63 (vir 1755), C 547, 13 Januarie 1763, pp. 92 - 93 (vir 1761), C 549, 25 Desember 1764, p. 86 (vir 1763), C 553, 2 Januarie 1768, pp. 15 - 16 (vir 1767), C 566, 8 Januarie 1781, pp. 5 - 7 (vir 1780), C 566, 25 Junie 1782, pp. 1038 - 1039 (vir 1781), C 569, 22 April 1784, p. 395 (vir 1783).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KAAPSE WYNUITVOER NA VERSKILLENDE GEBIEDE (lêers)

Jaar	Batavia	Ceylon	Bengale	Kanton	Totaal na Oos-Indiese gebiede	Neder-land	Totale Uitvoer
1755	632	44	4	-	680	100	780
1761	187¼	25	6	-	218¼	90	308¼
1763	247	20	12	-	279	137	416
1767	300	20	12	-	332	65	397
1780	200	15	25	1	241	90	331
1781	167	10	-	-	177	84	261
1783	200	62	-	-	262	-	262

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VII

DIE BEMARKING VAN CONSTANTIAWYNE

Die bekenste wyne aan die Kaap gedurende die agtiende eeu was ongetwyfeld die Constantiawynsoorte. In 1685 het die hoë kommissaris, Hendrik Adriaan van Rheede, die plaas Constantia in volle eiendom aan Simon van der Stel toegeken.(1) Die plaas is mettertyd in drie stukke, Groot-Constantia, Klein-Constantia en Bergvliet onderverdeel.

In 1753 was Carl George Wieser die eienaar van Groot-Constantia.(2) Jacobus van der Spuy het dit in 1759 by Wieser oorgeneem(3) en dit tot 1778 behou toe hy die plaas aan Jan Serrurier verkoop het.(4) In dieselfde jaar het Serrurier Groot-Constantia aan Hendrik Cloete verkoop wat nog die eienaar was toe die Kaap in 1795 deur Brittanje verower is.(5)

---

1. A.J. Boëseken: Simon van der Stel en sy Kinders, p. 206.
2. Akteskantoor: Transporten en Schepenen - Kennissen, Januarie - Desember 1734: Transportaktenommer 2190, 9 Augustus 1734, p. 91.
3. Akteskantoor: Transporten en Schepenen-Kennissen, Januarie - Desember 1759: Transportaktenommer 3417, 8 Junie 1759, p. 85.
4. Akteskantoor: Transporten en Schepenen-Kennissen, Januarie - Junie 1778: Transportaktenommer 5033, 15 Januarie 1778, p. 12.
5. Akteskantoor: Transporten en Schepenen-Kennissen, Julie - Desember 1778: Transportaktenommer 5141, 15 Desember 1778, p. 139.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klein-Constantia was in 1753 die eiendom van Lambertus Myburgh. Hy het tot 1776 die eienaar gebly toe dit die eiendom van Johannes Nicolaas Colyn geword het, in wie se besit die plaas nog was toe die Kompanjiesbewind in 1795 beëindig is.(6)

Vanaf 1726 het die Here XVII verwag dat 'n paar ame Constantiawyn jaarliks aan hulle gestuur moes word en teen 1753 het hierdie wynsoorte al 'n goeie naam in Nederland gehad.

Ná 1752 is daar ten opsigte van die Constantiawyn twee probleme ondervind. Enersyds kon daar nie genoeg wyn gemaak word om in die buitelandse vraag te voorsien nie. Andersyds het daar in verband met die gehalte van die wyn sekere probleme opgeduik.

VRAAG, AANBOD EN PRYSE:

Op 24 Desember 1753 het die goewerneur, Ryk Tulbagh, die Politieke Raad meegedeel dat die twee leweransiers van Constantiawyn, t.w. Carel George Wieser en Lambert Myburgh, slegs 33 ame wit wyn en 33 ame rooi wyn aan die Kompanjie kon lewer. Daar sou dus nie voorsien kon word in die vraag van die Kamers van Amsterdam, Zeeland, Delft en Rotterdam, wat altesame 86 ame rooi wyn en 48 ame wit wyn beloop het nie.(7)

Die rede vir hierdie tekort was die swak oes van daardie jaar, wat weer die gevolg was van die koue weer en baie reën tydens die sny en pars van die druiwe.(8) Om te verseker dat die

---

6. Akteskantoor: Transporten en Schepenen-Kennissen, Januarie - Mei 1776: Transportaktenommer 4818, 29 Mei 1776, p. 121.

7. C 45 Resolutien, 24 Desember 1753, p. 301.

8. C 539 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Kamer van Amsterdam, 1 Februarie 1754, p. 161.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bogenoemde twee leweransiers nie hulle wyn aan buitestaanders verkoop nie, is aan die Fiskaal-Independent opdrag gegee om 'n plakkaat uit te vaardig waarin dit verbied is om per skip Constantiawyn na Europa te vervoer of om dit aan skeepsvolk op skepe van vreemde nasies te verhandel.(9)

Teen die einde van Maart 1754 is net 20 ame rooi en wit Constantiawyn aan die Kamer van Amsterdam gestuur.(10) Daarna het dit dikwels voorgekom dat die leweransiers nie voldoende hoeveelhede wyn aan die Kamers kon voorsien nie. In 1757 het die Kamer van Hoorn slegs twee ame rooi en ses ame wit Constantiawyn ontvang. Die volgende jaar het dié Kamer die hoop uitgespreek dat die nuwe oes suksesvol sal wees en dat daar aan hulle vraag voldoen sal word.(11)

In 1759 was die posisie egter nóg swakker as in 1757 toe die Kamer van Delft altesame slegs één aam Constantiawyn ontvang het.(12)

Sedert Maart 1733 was dit die gebruik dat die verskillende Kamers afsonderlik soveel Constantiawyn bestel as wat na hul mening

---

9. C 45 Resolutien, 24 Desember 1753, p. 303.

10. C 539 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Kamer van Amsterdam, 18 Maart 1754, p. 370.

11. C 456 Inkomende Briewe: Kamer van Hoorn - Politieke Raad, 30 September 1758, p. 679.

12. C 457 Inkomende Briewe: Kamer van Delft - Politieke Raad, 3 Oktober 1759, p. 152.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot voordeel van die Kompanjie verkoop kon word.[13] In 1764 het die Here XVII ten opsigte hiervan 'n verandering aangebring omdat hulle gereken het dat dit wensliker sou wees dat hulle namens al die Kamers wyn bestel. Met die bestelling sou gewag word totdat die Oosterse gebiede se bestelling ontvang is. Die wyn wat gelewer word, sou dan soos volg tussen die Kamers verdeel word: Die helfte sou aan die Kamer van Amsterdam toegesê word, 'n kwart aan die Kamer van Zeeland, en die orige kwart vir die eerste jaar aan die Kamers van Delft en Rotterdam en vir die volgende jaar aan die Kamers van Hoorn en Enckhuizen. Die Kamers van Delft en Rotterdam gesamentlik, en dié van Hoorn en Enckhuizen gesamentlik, sou dus slegs al om die ander jaar deel hê aan die verkoop van Constantiawyn.

Die 64 ame Constantiawyn wat op 18 Oktober 1764 bestel is, sou derhalwe as volg verdeel word: Die Kamer van Amsterdam sou 32 ame ontvang, die Kamer van Zeeland 16 ame, die Kamer van Delft ag ame en die Kamer van Rotterdam ag ame.[14]

In 1777 meld die keldermeester, J.J. le Sueur, dat min wyn daardie jaar deur die twee leweransiers verskaf sou word. Vanweë die swak oes sou Jacobus van der Spuy, die eienaar van Groot-Constantia, slegs drie lêers rooi wyn en drie lêers wit wyn kon lewer, terwyl Johannes Nicolaas Colyn, die eienaar van

---

13. C 459 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 25 Oktober 1764, p. 671.

14. C 459 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 25 Oktober 1764, pp. 671 - 672.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klein-Constantia, geen wyn aan die Kompanjie kon verkoop nie.[15]

Die Kompanjie se prys vir Constantiawyn het tot 1760 onveranderd gebly. Op daardie tydstip het Groot-Constantia aan die oudheemraad Jacobus van der Spuy behoort, wat die grond vir 4 500 guldens gekoop het. Op 9 Desember 1760 het hy versoek dat die prys van sy wyn verhoog word omdat hy 5% tot 6% rente moes betaal op die geld wat hy geleen het om die grond te kan koop, en hy bowendien baie koste moes aangaan ten opsigte van vaatwerk en slawe.[16] Hy sou bereid wees om twee-derdes van sy oes aan die Kompanjie te lewer, maar dan moes die prys van die rooi wyn tot 150 rds. per lêer en dié van wit wyn tot 75 rds. per lêer verhoog word. Hy het dié versoek as redelik beskou omdat hy aan die Kaap vir 'n halfaam rooi wyn 25 - 30 rds. (d.i. ongeveer 200 rds. per lêer) kon kry. Vir sy wit wyn kon hy 95 rds. en méér per lêer kry as hy dit aan private persone verkoop.[17]

Die Politieke Raad het hierdie versoek toegestaan.[18]

Kort hierna het die eienaar van Klein-Constantia, Lambert Myburgh, óók 'n versoekbrief ingedien waarin hy om dieselfde verhoging as Van der Spuy gevra het. Hy het daarop gewys dat hy 'n

---

15. C 69 Resolutien, 7 Oktober 1777, p. 323.
16. C 52 Resolutien, 9 Desember 1760, p. 493.
17. C 52 Resolutien, 9 Desember 1760, pp. 489 - 490.
18. C 52 Resolutien, 9 Desember 1760, p. 496.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aantal jare lank misoeste gehad het en vir sy wyn 'n heelwat hoër prys kon ontvang indien hy dit plaaslik en privaat verkoop. Hy het ook aangevoer dat indien daar 'n groot verskil tussen die pryse van sý wyn en dié van Van der Spuy is, sý wyn deur voorgenome kopers as van 'n swakker kwaliteit beskou sou word.(19)

Die Politieke Raad het nie sy weg oopgesien om hierdie versoek by die Here XVII aan te beveel nie. Hulle het as rede daarvoor aangevoer dat die Here XVII in 1736 met Myburgh se voorganger, Johannes Colyn, 'n ooreenkoms gesluit het oor die prys van sý wyn, terwyl daar in Van der Spuy se geval nie so 'n ooreenkoms bestaan het nie. Myburgh se versoek is na die Here XVII opgestuur om húlle standpunt te verneem.(20)

Die Here XVII het nie dadelik op die twee leweransiers se versoeke gereageer nie. Twee Kamers, t.w. dié van Delft en Amsterdam, het inmiddels tot 'n verhoging van die prys van Constantiawyn toegestem, maar terselfdertyd daarop gewys dat die Here XVII se toestemming daartoe éérs verkry moes word.(21)

Ten gevolge van hierdie vertraging het Lambert Myburgh nóg 'n versoekskrif ingedien waarin die eerste aansoek herhaal is, met die toevoeging dat indien dit toegestaan word, hy sy hele oes

---

19. C 52 Resolutien, 23 Desember 1760, p. 516.

20. C 52 Resolutien, 23 Desember 1760, p. 522.

21. C 458 Inkomende Briewe: Kamer van Delft - Politieke Raad, 23 September 1761, p. 52 en C 458 Inkomende Briewe: Kamer van Rotterdam - Politieke Raad, 24 September 1761, pp. 29 - 30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die Kompanjie sou lewer. Onderhewig aan die Here XVII se beslissing, het die Politieke Raad besluit om voortaan aan Myburgh dieselfde pryse te betaal as wat op 9 Desember 1760 aan Jacobus van der Spuy toegestaan is.[22]

Die Here XVII het om verskeie redes nie met 'n prysverhoging akkoord gegaan nie. Volgens hulle was die versoeke 'n gevolg van die feit dat daar van die kant van vreemde skepe 'n toenemende vraag vir Constantiawyn was. Die styging van die paggeld om aan vreemde skepe wyn te voorsien, sou volgens hulle, daarvoor as bewys gedien het.[23] (In 1757 was die paggeld 500 guldens, in 1758 was dit 775 guldens, in 1760 het dit op 6 000 guldens te staan gekom en in 1761 was dit 6 300 guldens - dus 'n styging van 5 800 guldens binne vier jaar.)

Hierdie styging is natuurlik deur die Here XVII verwelkom omdat die paggeld aan die Kompanjie betaal is. Hulle wou egter nie die prysverhoging vir wyn wat aan die Kompanjie gelewer word, goedkeur nie omdat, indien die plaaslike vraag, en gevolglik ook die prys, sou daal nadat die Kompanjie 'n prysverhoging toegestaan het, die Kompanjie daardeur gevoelige verliese sou ly.

Die Here XVII het ook gesê dat die Politieke Raad nie Jacobus van der Spuy se versoek moes toegestaan het nie, maar, net soos in die geval van Lambert Myburgh se versoek, moes hulle dit vir oorweging na die Here XVII gestuur het. Hulle moes geweet het dat indien aan die een leweransier 'n prysverhoging toege-

---

22. C 54 Resolutien, 25 Februarie 1762, p. 100.

23. C 458 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 11 November 1762, p. 508.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staan word, die ander met 'n soortgelyke versoek sou kom.[24]

Gevolglik het die Here XVII die gevraagde prysverhoging afgekeur. In plaas daarvan het hulle in 1763 besluit om Constantiawyn nog steeds teen die vasgestelde prys, nl. 100 rds. vir rooi wyn en 50 rds. vir wit wyn, te koop, maar hulle het aangebied om 10% van die wins wat deur hulle op die wyn gemaak word, uit te betaal aan die leweransiers.[25]

Lambert Myburgh het in sy antwoord hierop gesê dat hy meer moeite as die ander wynboere gedoen het ten opsigte van die pars van druiwe en toesig oor die maak van wyn. Die hoeveelheid wat deur hom gepars is, was minder as dié van die gemiddelde wynboer omdat die druiwe aan die stokke gebly het totdat dit feitlik rosyntjies was en dus minder sap gelewer het. Hy sou egter bereid wees om die aanbod van die Here XVII by wyse van 'n proefneming vir 'n tydperk van twee jaar te aanvaar. Daarna sou hy dan die posisie heroorweeg.[26]

Die ander leweransier, Jacobus van der Spuy, het ook nie die Here XVII se reëling verwelkom nie. Hy het verskeie redes genoem waarom hy nie met die voorstel akkoord kon gaan nie. Hy het onder meer daarop gewys dat hy, sedert hy besitter van Groot-Constantia geword het, daar baie uitgawes aangegaan het en min inkomste gehad het. Hy het die plaas op 'n openbare veiling vir 45 000 guldens gekoop en daarop hereregte ten bedrae van 1 125 guldens betaal. Gedurende die tyd wat hy Groot-Constantia besit

---

24. C 458 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 11 November 1762, p. 510.

25. C 55 Resolutien, 26 April 1763, p. 125.

26. C 55 Resolutien, 26 April 1763, p. 127.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het, het hy nog geen voordelige oes gehad nie en telkens, soos byvoorbeeld in 1763, toe dit gedurende die parstyd baie gereën het, misoeste gehad. Omdat die plaas geen ander inkomste opgelewer het nie, moes sy hele onderneming uit die wynoes gefinansier word.

Van der Spuy het ook daarop gewys dat die wyn wat deur die Kamer van Rotterdam aangevra is, verouder moes wees. Gevolglik moes dit twee jaar lank opgeberg word. Van der Spuy het in 1762 - 1763 twee lêers rooi wyn en twee lêers wit wyn opgeberg en het bevind dat dit in die tydperk met 'n halfaam per lêer verminder het. Vir hierdie skade het hy ook geen vergoeding ontvang nie.

Hy was ook teleurgesteld dat die Here XVII laat blyk het dat ten gevolge van die aangebode hoër prys daar 'n verbetering ten opsigte van die gehalte van die wyn verwag is. Hy het voorts gesê dat indien 'n skip met sy wyn aan boord vergaan, hy die ekstra 10% sou verloor. Dit alles moes volgens hom gesien word teen die agtergrond dat hy aan die Kaap vir 'n lêer rooi wyn 250 rds. en 'n lêer wit wyn 180 rds. of nóg meer kon kry met baie minder moeite, onkoste en risiko.[27]

Ten spyte van al dié besware sou hy gewillig wees om vir twee of drie jaar lank die helfte in plaas van twee-derdes van sy wyn volgens die Here XVII se skema aan hulle te verkoop. Daarna moes die saak in heroorweging geneem word. Hy het ook versoek dat die verskillende leweransiers se wyn oorsee afsonderlik ver-

---

27. C 55 Resolutien, 26 April 1763, p. 135.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koop moes word, sodat elkeen die wins op sý besondere wyn sou ontvang.[28]

Hierdie versoek is toegestaan en die Kamers is dienooreenkomstig in kennis gestel.[29]

Op 23 November 1785 het die Here XVII gekla dat die hoeveelheid Constantiawyn wat aan hulle gestuur is, hoegenaamd nie in die vraag van die Kamers voorsien het nie.[30] Die Here XVII het beweer dat ander wynhandelaars, bv. dié van Swede en Denemarke, van die Constantiawyn koop en dit dan in Europa bemark - tot nadeel van die Kompanjie.[31] Die Politieke Raad het dit egter ontken.

Na aanleiding van n voorstel deur die Politieke Raad aan die Here XVII dat met die eienaars van Constantia jaarliks ooreengekom moes word oor die prys wat hulle vir hul wyn sou ontvang, het die Here XVII in 1788 aangebied dat die besluit van 1763 gehandhaaf word maar dat dié deel van die wins wat die eienaars van Groot-Constantia en Klein-Constantia ontvang nadat die Kompanjie die wyn herverkoop het, met 15% na 25% verhoog word mits daar geen private uitvoer van Constantiawyn plaasvind nie.[32]

In die brief waarin hierdie aanbod gemaak is, het die Here XVII weer gekla oor die klein hoeveelheid Constantiawyn wat deur hulle ontvang is.

---

28. C 55 Resolutien, 26 April 1763, p. 139.

29. C 459 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 25 Oktober 1764, p. 670.

30. C 470 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 23 November 1785, p. 251.

31. C 187 Bijlagen, 25 April 1786, p. 484.

32. C 472 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 8 Januarie 1788, p. 242.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alreeds op 11 Maart 1784 het Hendrik Cloete, wat toe die eienaar van Groot-Constantia was, aan die kommissaris, Hendrik Breton, verduidelik waarom hy nog nie tot op daardie tydstip méér wyn kon produseer nie. Die plaasopstal was bouvallig en die wingerd was in 'n verwaarloosde toestand. Gevolglik moes hy éérs aan die herstel van die woonhuis en die aanplant van 'n nuwe wingerd aandag gee. Hy moes ook 'n nuwe kelder en ander noodsaaklike geboue oprig. Die vorige paar jaar se oeste was baie laer as wat verwag is. Om enigsins 'n bestaan te kan maak, moes hy toegelaat word om in maer jare van sy wyn aan private persone te verkoop, want hulle was gewillig om heelwat hoër pryse as die Here XVII te betaal.(33)

Die bogenoemde aanbod van die Here XVII was vir die eienaars van Groot-Constantia en Klein-Constantia onaanneemlik. In lang memorandums het hulle verduidelik wáárom dit die geval was. Hendrik Cloete het verklaar dat hy van geen "verpligting" bewus was waarvolgens hy aan die Kompanjie wyn moes lewer nie.(34) Indien daar so 'n verpligting bestaan het, dan moes dit volgens hom in die transportaktes van Constantia vermeld gewees het - wat nie die geval was nie. Geeneen van Constantia se vorige eienaars het ook so 'n bepaling teenoor hom vermeld nie.

Die leweransiers was veral ontevrede met die wyse waarop hulle vir hul wyn vergoed is. Hendrik Cloete het daarop gewys dat indien die winste nagegaan word van die Constantiawyn wat hy

---

33. C 316 Memoriën en Rapporten, 11 Maart 1784, pp. 171 - 184.

34. C 472 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 8 Januarie 1788, p. 241.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in 1780 en 1785 aan die Kamers van Rotterdam, Delft, Hoorn en Enckhuizen gelewer het (inligting oor die winste van die belangrikste Kamers soos Amsterdam en Middelburg was nog nie ontvang nie), dan het sy 10%-aandeel op 11:6:23 rds. per halfaam te staan gekom.(35) Hierdie lae wins het hom nie veel gehelp nie en wel om die volgende redes: Dit het heelwat arbeid en ander kostes vereis om die vate en die wyn vir versending gereed te kry. Die papiergeld waarmee hy betaal is, kon vervals of deur brand vernietig word. Arbeid was duur. In 1789 het hy, benewens sy slawe, 20 Hottentotte in diens gehad, waarvan 'n paar 'n taamlike hoë vergoeding ontvang het. Sedert 15 Desember 1778, toe hy die eienaar van Groot-Constantia geword het, is 25 van sy slawe dood en moes hy ander slawe teen 'n aansienlike bedrag koop.(36)

Die Here XVII, aan die ander kant, het gekla dat die wyn dikwels Nederland in 'n siek toestand bereik het en daarom lae pryse behaal het.

Cloete het dit "aan een slordige en onkundige soo niet ontrouwe behandeling in 't Vaderland" toegeskryf.(37) In 1787 het die keldermeester, J. le Sueur, persoonlik op Constantia toesig gehou oor die behandeling van die wyn wat vir Nederland bestem was. Hy het dit geproe en goed bevind. Later was hy ook teenwoordig toe die wyn ingeskeep is. Die wyn was dus in 'n goeie toestand toe dit Tafelbaai verlaat het, vandaar die bogenoemde

---

35. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 543.

36. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 565.

37. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 571.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afleiding, aldus Cloete.

Ten gevolge van dit alles het Cloete versoek om die reg te verkry om 'n sekere hoeveelheid wyn aan private persone te verkoop. Hy was bereid om in 1789 volgens die ou stelsel 15 lêers rooi wyn en 15 lêers wit wyn aan die Kompanjie te lewer. Die res wou hy op die voordeligste wyse van die hand sit. Daarna sou hy jaarliks twee-derdes van sy oes aan die Kompanjie lewer teen 200 guldens "Hollands Courant" (d.w.s. 83⅓ rds.) per lêer, terwyl hy ook bereid was om af te sien van die toevoeging van sy 10%-aandeel in die wins, wat dan maar daar gelaat kon word. Hy was gewillig om uitbetaling deur middel van papiergeld te ontvang mits die note hulle sigwaarde behou. Ten slotte het hy versoek dat die uitbetaling in Nederland moet plaasvind om hom in staat te stel om artikels wat nie aan die Kaap verkrygbaar was nie, dáár te kan aankoop.(38)

Johannes Nicolaas Colyn, die eienaar van Klein-Constantia, was ook nie tevrede met die nuwe reëling van 1788 in verband met Constantiawyn nie omdat selfs dít hom nie eers genoegsaam vir sy produksiekoste sou vergoed nie. Sy kapitale uitgawe ten opsigte van uitrusting soos vate en wynperse het 2 600 rds. beloop, sy uitgawe ten opsigte van sy 52 slawe was 18 200 rds. en dié ten opsigte van osse en perde 3 200 rds., wat op 'n totaal van 24 000 rds. te staan gekom het. Sy plaas se waarde is op 60 000 rds. bereken. Sy totale kapitale belegging was dus 84 000 rds. Sy jaarlikse onkoste in verband met sy plaas en werksmense het 3 939:24 rds. bedra. Indien hierby jaarliks gevoeg word 5 040 rds.

---

38. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 583.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as rente teen 6% op kapitale belegging, dan het sy jaarlikse gewone uitgawes op 8 979:24 rds. te staan gekom.[39]

Indien hy 35 lêers wit wyn en rooi wyn aan die Kompanjie moes lewer, d.w.s. die hele opbrengs van 'n goeie oes, dan het hy daarvoor 2 625 rds. ontvang. Met die wyn wat hy in 1785 aan die Kompanjie gelewer het, was sy 10%-aandeel in die wins volgens die ooreenkoms van 26 April 1763 34:19 rds. Indien sy aandeel in die wins, soos in 1788 voorgestel, 25% was, dan sou hy 86 rds. ontvang het. Volgens die nuwe bedeling sou hy altesame nie meer as 5 752:12 rds. per jaar vir die wyn wat hy aan die Kompanjie lewer, ontvang nie.[40] Dit sou 'n jaarlikse verlies van 3 227:12 rds. beteken. Gevolglik het Colyn dieselfde aanbod as Cloete gemaak, t.w. om in die toekoms twee-derdes van sy oes aan die Kompanjie te lewer en die res self van die hand te sit soos hy dit goed dink. Die prys waarteen hy aan die Kompanjie wyn sou lewer, sou dieselfde wees as dié van Cloete.[41]

Hierdie voorstelle is deur die Politieke Raad aan die Here XVII vir oorweging voorgelê.[42]

Intussen het die Kompanjie van 1780 tot 1784 in gebreke gebly om Cloete en Colyn se volle aandeel in die winste aan hulle

---

39. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 600.
40. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 605.
41. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 613.
42. C 86 Resolutien, 27 November 1789, p. 617.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uit te betaal, met die gevolg dat hulle in 1785 die Politieke Raad versoek het om by die Here XVII daaroor navraag te doen.[43] Twee jaar later het die Here XVII nog nie hierop gereageer nie, en die Politieke Raad het toe besluit om 'n volledige staat op te stel van hulle aandeel in die winste wat die verskillende Kamers aan Cloete en Colyn verskuldig was. Daarbenewens is weer eens by die Here XVII ernstig daarop aangedring dat Cloete en Colyn uitbetaal moes word.[44]

Die staat waarna hierbo verwys is, is deur die sekunde, Johannes Isaak Rhenius, opgestel. Hy het vasgestel hoeveel wyn Cloete en Colyn aan die Kompanjie gelewer het vir versending na Nederland en watter verslae oor die winste op die verkoop van hul wyn na die Kaap gestuur is.[45] (Dit was noodsaaklik om hierdie verslae te hê, anders kon die 10%-aandeel wat die lewe-ransiers van November 1762 af moes ontvang, nie vasgestel word nie). Daar is nagegaan hoeveel wyn Cloete en Colyn tussen 1779 en 1786 aan die Kompanjie gelewer het, met watter skepe dit versend is, en aan watter Kamers dit gestuur is.

Dit was egter onmoontlik om alles presies vas te stel. Sekere winsstate van die Kamer van Amsterdam waarop die hoeveelhede wyn wat van die Kaap ontvang is en die wins waarteen dit in Nederland verkoop is, aangedui is, het nie ooreengekom met die state wat aanvanklik van die Kaap versend is en waarop die hoeveel-

---

43. C 77 Resolutien, 8 Februarie 1785, p. 129.

44. C 80 Resolutien, 12 Desember 1786, p. 1253.

45. C 81 Resolutien, 25 April 1787, pp. 359 - 362.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hede wyn wat gestuur is, aangedui is nie. Méér nog, die meeste winsstate van die Kamer van Amsterdam en al die winsstate van die Kamers van Middelburg, Delft, Hoorn en Enckhuizen het ontbreek.(46) Op grond van hierdie karige gegewens sou Cloete en Colyn se aandeel in die wins nie bereken kan word nie.

Onder hierdie omstandighede het Rhenius aanbeveel dat 'n afskrif van sy verslag aan die Here XVII gestuur word en dat die ontbrekende winsstate aangevra word. Die Kamer van Amsterdam moes ook versoek word om op sy winsstaat die merke wat op die vate van die twee leweransiers aangebring is ten einde hulle wyne te onderskei, aan te dui, asook die name van die skepe waarmee die wyn na Nederland vervoer is.(47) Dit was die enigste manier waarop die leweransiers se onderskeie aandele in die winste vasgestel kon word.

Hierdie aanbevelings is deur die Politieke Raad aanvaar en na die Here XVII deurgestuur.

Op grond van Rhenius se verslag het die Politieke Raad op 18 Mei 1787 besluit om namens die Kompanjie 'n voorskot van 2 000 rds. aan Hendrik Cloete te betaal vir die wyn wat hy gelewer het op voorwaarde dat, wanneer sy aandeel in die wins vasgestel en die voorskot te groot is, die saldo terugbetaal word.(48)

Op 22 Julie 1788 het Colyn die Politieke Raad versoek om aan hom óók 'n voorskot van 2 000 rds. toe te ken as vergoeding vir

---

46. C 81 Resolutien, 25 April 1787, p. 361.

47. C 81 Resolutien, 25 April 1787, p. 364.

48. C 81 Resolutien, 18 Mei 1787, p. 429.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

agterstallige uitbetalings.[49] Die versoek is goedgekeur, op dieselfde voorwaarde as wat vir Cloete gestel is.

In 1790 was daar weer eens moeilikheid met die lewering van Constantiawyn. Volgens daardie jaar se opgawes het dit geblyk dat Colyn 80 ame wyn en Cloete 32 ame kon lewer. Die Politieke Raad was verbaas oor dié klein hoeveelheid wyn wat Cloete kon lewer omdat hy twee jaar tevore onderneem het om twee-derdes van sy wynoes aan die Kompanjie te verkoop.[50]

Cloete het hom verweer deur te sê dat sy oes daardie jaar besonder klein was, en weer eens daarop gewys dat, ten spyte van sy versoeke van 8 Februarie 1785 en 18 Mei 1787, hy nog nie sy 10%-aandeel van die winste sedert 1780 ontvang het nie. Gevolglik het die handel wat hy met die Kompanjie gedryf het, vir hom 'n groot verlies veroorsaak. Hy sou gevolglik nou net ag lêers (dit is 32 ame) teen die gewone prys kon lewer, maar dit sou van sy beste wyn wees.[51]

In 1793 het die twee kommissarisse, Nederburgh en Frijkenius, 'n nuwe ooreenkoms met die eienaars van die twee Constantias ten opsigte van die lewering van hulle wyn aangegaan wat tot 1795 van krag gebly het.

Aanleidend tot hierdie ooreenkoms was 'n versoekskrif wat Cloete, eienaar van Groot-Constantia, aan die twee Kommissarisse gerig het. Cloete, wat 'n nugter sakeman en blykbaar 'n briefskrywer van formaat was, het sy saak aan die Kommissarisse breedvoerig voor-

---

49. C 84 Resolutien, 22 Julie 1788, p. 91.

50. C 87 Resolutien, 12 Januarie 1790, p. 110.

51. C 87 Resolutien, 16 Februarie 1790, p. 227.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gelê. Hy het daarop gewys dat hy vir 363 ame Constantiawyn wat aan die Kompanjie gelewer is, nog nie sy aandeel in die winste soos in 1764 vasgestel, ontvang het nie. Weliswaar is daar in 1787 'n voorskot van 2 000 rds. aan hom uitbetaal, maar die werklike bedrag wat die Kompanjie aan hom verskuldig was, was ruim 10 000 tot 12 000 Kaapse guldens méér.[52] Volgens 'n verslag, opgestel deur Nederburgh en Frijkenius, blyk dit dat Cloete vanaf September 1780 tot einde Augustus 1792 die volgende hoeveelhede wyn aan die Kompanjie gelewer het waarvoor hy nog nie sy aandeel in die winste ontvang het nie:

1780 - 1781:	12 ame rooi wyn
	20 ame wit wyn
1782:	Geen wyn
1783 - 1784:	9 ame rooi wyn
	9 ame wit wyn
1784 - 1785:	9 ame rooi wyn
	9 ame wit wyn
1785 - 1786:	6 ame rooi wyn
	6 ame wit wyn
1786 - 1787:	15 ame rooi wyn
	15 ame wit wyn
1787 - 1788:	15 ame rooi wyn
	15 ame wit wyn
1788 - 1789:	22 ame rooi wyn
	23 ame wit wyn
1789 - 1790:	6 ame rooi wyn
	8 ame wit wyn
1790 - 1791:	20 ame rooi wyn
	20 ame wit wyn

52. C 696 Bijlagen Verslag van Nederburgh en Frijkenius, Deel II, Afskrif 315, p. 249.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1791 - 1792:	20 ame rooi wyn
	20 ame wit wyn
Totaal:	145 ame wit wyn en
	134 ame rooi wyn.[53]

Verder het Cloete volgens sy eie getuienis tussen 1780 en 1792 'n totale verlies van 42 966:3:4 rds. gely deur aan die Kompanjie, en nie op die ope mark nie, wyn te verkoop. Hy het gevolglik versoek dat die vrye vaart, d.w.s. die reg aan private persone om met eie skepe te vaar en handel te dryf, wat op 21 November 1792 aan die Kaapse koloniste toegestaan is, óók op Constantiawyn van toepassing gemaak moet word.[54]

Nederburgh en Frijkenius het uitvoerig op hierdie versoekskrif ingegaan, veral op die verhouding tussen die eienaars van Groot-Constantia, Klein-Constantia, die Politieke Raad en die Here XVII. Daarna is die volgende ooreenkoms met Cloete aangegaan:

Die eienaar van Groot-Constantia sou jaarliks 15 ame rooi wyn en 15 ame wit wyn aan die Kompanjie lewer. Vir elke aam sou 150 Kaapse guldens (d.i. 50 rds.) betaal word, maar dan sou die leweransier geen aandeel hê in die moontlike winste wat daarop behaal word nie.

Voordat die wyn verskeep word, mag 'n spesiale komitee van die Politieke Raad al die beskikbare Constantiawyn ondersoek met die doel om die beste en geurigste wyn vir die Kompanjie te kan

---

53. C 696 Bijlagen Verslag van Nederburgh en Frijkenius, Deel II, 15 Julie 1793, pp. 261 - 262.

54. C 696 Bijlagen Verslag van Nederburgh en Frijkenius, Deel II, Afskrif 315, p. 249.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitsoek. Die komiteelede moes seker maak dat die vate waarin die wyn versend word, behoorlik voorberei is. Hulle moes ook teenwoordig wees wanneer die vate gevul en toegemaak word. Die vervoer van die wyn na die hawe moes onder die toesig van 'n betroubare persoon geskied.

Die eienaar van Groot-Constantia sou nie verplig wees om die vate wat aan die Kompanjie behoort het, voor te berei alvorens dit met wyn gevul word nie.

Indien hierdie voorwaardes stiptelik nagekom word, sou die Kompanjie sy aanspraak ten opsigte van die alleenreg in die handel van Constantiawyn laat vaar, en sou die produsent die res van sy wyn aan private persone mag verkoop, of self mag uitvoer.(55)

Hierdie ooreenkoms het op 1 Januarie 1794 van krag geword. Intussen het die Kommissarisse 'n aanbod van Cloete om in 1793 volgens die bepalings van die ou kontrak 40 ame rooi wyn en wit wyn aan die Kompanjie te lewer, aanvaar.(56)

Kort nadat hierdie ooreenkoms met Hendrik Cloete aangegaan is, het Johannes Nicolaas Colyn, die eienaar van Klein-Constantia, versoek dat 'n soortgelyke ooreenkoms tussen hom en die Kompanjie gesluit word. Omdat sy wyn op verkopings heelwat laer pryse as dié van Cloete behaal het, was die Kommissarisse nie bereid om aan te beveel dat hy dieselfde prys as Cloete ontvang nie.(57)

---

55. C 695 Verslag van Nederburgh en Frijkenius, Deel II, 24 Julie 1793, pp. 296-298. Sien ook: ACC 457 Cloete Papers: Section A,II, no. 74.

56. C 695 Verslag van Nederburgh en Frijkenius, Deel II, 24 Julie 1793, p. 297.

57. C 695 Verslag van Nederburgh en Frijkenius, Deel II, 24 Julie 1793, p. 300.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hieroor was hy ontevrede. Hy het hom na die Politieke Raad gewend met die aanbod om jaarliks 15 ame rooi wyn en 15 ame wit wyn aan die Kompanjie te lewer teen 50 rds. per aam. Ten slotte was hy gewillig om die Kompanjie te vergoed indien sy wyn in Nederland 'n laer prys as dié van Cloete behaal.

Aangesien die Politieke Raad van oordeel was dat 'n kompetisie tussen die twee leweransiers tot 'n verbetering in die kwaliteit van Constantiawyn sou lei - wat vir die Kompanjie voordelig sou wees - is Colyn se voorstelle aanvaar nadat die Kommissarisse geraadpleeg is.[58]

Dit het met verloop van tyd gebruik geword dat die Kaapse goewerneur en die sekunde Constantiawyn aan die Here XVII geskenk het.[59] In 1781 het dié gebruik egter skielik geëindig. Die redes hiervoor was as volg: Goewerneur Van Plettenberg het geoordeel dat Constantiawyn te duur was. Die Goewerneur en die Sekunde se inkomste was ook heelwat laer as die van hulle voorgangers, terwyl die meeste noodsaaklike lewensmiddele heelwat duurder as voorheen was. Besoekende seelui en ander belangrike persone kon, vanweë die verskerpte besparingsbeleid, nie meer op rekening van die Kompanjie onthaal word nie; die Goewerneur moes dit nou uit sy eie sak doen.[60]

Nadat 'n hele paar jaar verloop het, het die Kamer van Rotterdam in 1790 navraag gedoen oor die rede wáárom die gebruik gestaak is. Goewerneur Van de Graaff het geantwoord dat dit weens die hoë

---

58. C 103 Resolutien, 21 September 1793, p. 613.

59. C 470 Inkomende Briewe: Kamer van Rotterdam - Politieke Raad, 4 September 1786, p. 840.

60. C 81 Resolutien, 28 Maart 1787, p. 251.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lewenskoste plaasgevind het en gesê dat hy, net soos goewerneur Van Plettenberg, dit nie moontlik gevind het om meer vir die Here XVII Constantiawyn te skenk nie.[61]

DIE GEHALTE VAN DIE WYN:

Van tyd tot tyd was daar gedurende die laaste helfte van die agtiende eeu klagtes van die kant van die Here XVII oor die gehalte van Constantiawyn. Die Here XVII het byvoorbeeld gekla dat die wyn wat in 1752 gestuur is, nog gegis het en 'n houtagtige karakter gehad het toe dit ontvang is.[62]

Die toenmalige sekunde, Swellengrebel, het die klagtes ondersoek, en volgens die leweransiers van Constantiawyn moes die gisting daaraan toegeskryf word dat die wyn binne 'n jaar nadat die druiwe gepars is, na Nederland gestuur moes word.[63] Verder moes daar in aanmerking geneem word dat Van Imhoff in 1743 opdrag gegee het dat wyn slegs in die ruime van skepe vervoer moes word, en nie tussendeks nie, omdat alle beskikbare ruimte daar weens gesondheidsredes aan die bemanningslede beskikbaar gestel is.[64] Die feit dat dit in die skeepsruim baie warm word, sou volgens Swellengrebel die gistingsproses aangehelp het.

Carl George Wieser, die destydse eienaar van Groot-Constantia, en Lambertus Myburgh, die destydse eienaar van Klein-Constantia, het verklaar dat indien die wyn twee jaar lank aan die Kaap gehou word voordat dit uitgevoer word, dit nie onderweg sou bederf nie.

---

61. C 89 Resolutien, 19 November 1790, p. 1160.
62. C 45 Resolutien, 2 Oktober 1753, p. 230.
63. C 45 Resolutien, 2 Oktober 1753, p. 230.
64. Report of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff on the Cape, p. 56.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle het die Sekunde verseker dat die wyn net van druiwe wat op Constantia groei, gemaak word, en nie met ander wyn gemeng word nie.(65)

Die houtagtige smaak van die wyn het Wieser en Myburgh toegeskrywe aan die feit dat die vate waarin die wyn vervoer is, weens 'n tekort aan dopbier nie behoorlik geloog kon word nie. Wyn is gewoonlik in aamvate na Nederland verskeep. Dit het 'n probleem vir Wieser en Myburgh geskep omdat hulle wyn in lêervate gehou is.

As die wyn 'n jaar later, en ook in lêervate, na Nederland versend word, sou dié probleme verdwyn, het die twee leweransiers gereken.(66)

Die Politieke Raad het gevolglik die Here XVII en die onderskeie Kamers versoek om toe te stem dat die verskeping van Constantiawyn voortaan in lêervate mag plaasvind.(67)

Die Here XVII het toegegee dat die wyn wat van die Kaap af gestuur is, soms te jonk was. Dit kon bydra tot gisting, veral as die wyn uit verskillende soorte druiwe gepars is, of uit verskillende wyne saamgestel is. In Nederland is egter waargeneem dat alle wyne, indien dit te lank op die moer gelaat word, hulle fyn boeket en aangename smaak verloor.(68) Indien die Kaapse

---

65. C 539 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Kamer van Amsterdam, 18 Maart 1754, p. 372.

66. C 45 Resolutien, 2 Oktober 1753, p. 232.

67. C 45 Resolutien, 2 Oktober 1753, p. 234.

68. C 454 Inkomende Briewe: Kamer van Middelburg - Politieke Raad, 11 Julie 1754, p. 524.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyn, wat in 'n warmer klimaat as dié van Nederland gemaak word, 'n jaar langer aan die Kaap gehou word, sou dit "brandig" word, m.a.w. 'n hoë vlugtige suur ontwikkel.(69) Die Here XVII was gevolglik van oordeel dat die Constantiawyn nie 'n jaar langer aan die Kaap moes bly nie, maar dadelik na Nederland gestuur moes word, terwyl daar ook gewaak moes word dat die druiwe of wyn nie gemeng word nie. Indien goeie gehalte wyn Nederland bereik, sou die Kompanjie se winste verdubbel word en die waarde van Kaapse wyn sou toeneem, wat uiteindelik tot die voorspoed van die hele Kolonie sou bydra.(70)

Om gisting te voorkom, het die Here XVII verder aanbeveel dat daar gebruik gemaak word van sogenaamde "kruijtlugt" waarmee waarskynlik kalium-bisulfiet ($K_2 S_2 O_5$), ook as Meta bekend, bedoel is. Met die skip Crabbendijk is ses pond "kruijtlugt" gestuur om by die rooi wyn gebruik te word.(71)

Die probleme wat die leweransiers ten opsigte van die tekort aan dopbier ondervind het, is deur die Here XVII verwerp.

Hulle het gesê dat net soveel dopbier nodig is om 'n lêervat uit te loog as wat nodig is vir vier aamvate. Om die tekort aan dopbier te verlig, kon nuwe vate wat nie 'n wynkarakter het nie, dit verkry deur die dunste soort wynmoer, nie dikker nie as troebel wyn, daarvoor te gebruik. Dik wynmoer moes beslis nie gebruik word nie, want dit gee aan die vate 'n slegte smaak, en dié slegte smaak word

---

69. C 454 Inkomende Briewe: Kamer van Middelburg - Politieke Raad, 11 Julie 1754, p. 524.

70. C 454 Inkomende Briewe: Kamer van Middelburg - Politieke Raad 11 Julie 1754, p. 524.

71. C 454 Inkomende Briewe: Kamer van Middelburg - Politieke Raad, 11 Julie 1754, p. 527.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op die wyn oorgedra wanneer dit in die vate oorgetap word.[72]

Die leweransiers se versoek om hul wyn van die Kaap af in lêervate te versend, is eweneens geweier. Die rede hiervoor, wat deur die Here XVII aangevoer is, is dat sulke groot vate tydens die laai of aflaai kon bars, en dan sou vier ame wyn in plaas van één verlore wees. Aam-eenhede sou ook makliker in Nederland opgeberg, verkoop en versend kan word.[73]

Aangesien die Kompanjie die versoeke van die twee leweransiers geweier het, het die Politieke Raad hulle meegedeel dat wyn voortaan slegs in aamvate na Nederland gestuur mag word. Die wyn mag nie 'n ekstra jaar langer aan die Kaap gehou word nie. Aan die Here XVII se advies t.o.v. metodes om aan nuwe vate 'n wynkarakter te gee, moes ook gehoor gegee word.[74]

Die Here XVII het die agterdog gekoester dat die beste wyn by die Kaap agtergehou word en dat net wyn van 'n swak gehalte aan hulle gestuur word.[75]

Om dié agterdog te verwyder, het die Politieke Raad vir die Here XVII 'n uiteensetting gegee oor hóé Constantiawyn gehanteer word. Daaruit het dit geblyk dat die wyn slegs op Constantia gemaak word. Dit is op Constantia gehou totdat die skepe waarmee

---

72. C 454 Inkomende Briewe: Kamer van Middelburg - Politieke Raad, 11 Julie 1754, p. 525.

73. C 454 Inkomende Briewe: Kamer van Middelburg - Politieke Raad, 11 Julie 1754, p. 526.

74. C 46 Resolutien, 19 Desember 1754, p. 475.

75. C 46 Resolutien, 19 Desember 1754, p. 476.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit na Nederland vervoer word, op die punt staan om te vertrek. Die wynvate is dan na die Kompanjie se kelder oorgebring om behoorlik gemerk en gebrand te word. Daarna is dit dadelik op die skip gelaai.(76)

Om te verseker dat net goeie en gesonde wyn Tafelbaai verlaat, is in 1754 besluit dat Constantiawyn voortaan net gekoop sou word nadat vasgestel is dat dit van 'n goeie kwaliteit is.(77) Die volgende jaar is byvoorbeeld besluit om vir daardie jaar geen wyn aan die Kamers in Nederland te stuur nie omdat die wyn "seer schraal en slegt bevonden" is.(78)

Nieteenstaande al hierdie pogings van die Politieke Raad om te sorg dat Constantiawyn Nederland in 'n goeie toestand bereik, het die Here XVII steeds gekla oor die gehalte van die wyn. Gevolglik is van tyd tot tyd aan die keldermeester opdrag gegee om te sorg dat net van die allerbeste wyn gekoop en ingeskeep word.(79)

Die gehalte van Constantiawyn het blykbaar in die tydperk 1754 - 1760 nie veel verbeter nie, veral as die Here XVII se klagtes as maatstaf geneem word. Die Kamer van Delft het in 1760 Kaapse wyn wat deur gewone wynboere gemaak is, en deur vreemdelinge na Nederland gebring is, geproe en die gehalte daarvan as besonder goed beskryf. As die Kompanjie sulke wyn ontvang, dan sou die Kamer tevrede wees, want in Nederland was daar 'n goeie mark vir wyn.(80)

---

76. C 46 Resolutien, 19 Desember 1754, p. 479.
77. C 46 Resolutien, 19 Desember 1754, p. 479.
78. C 47 Resolutien, 7 Januarie 1755, p. 75.
79. C 47 Resolutien, 30 September 1755, p. 403.
80. C 457 Inkomende Briewe: Die Kamer van Delft - Politieke Raad, 1 Oktober 1760, p. 1082.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1761 het die Here XVII verklaar dat hy daarvan oortuig was dat die Politieke Raad hom nie veel aan hul brief van 11 Julie 1754 i.v.m. die "kruijtlugt" en die uitloog van die wynvate, gesteur het nie. Daarvoor was die gehalte van die Constantiawyn wat in die tydperk 1754 - 1760 ontvang is, te swak.[81]

Soos begrype is het hierdie opmerking by die Kaapse owerhede groot onsteltenis veroorsaak. Dit het, volgens hulle, selfs geïnsinueer dat die amptenare onwettig handel dryf met wyn. Gevolglik het die Politieke Raad besluit dat hy voortaan nie meer op enige wyse Constantiawyn sou hanteer nie. Die vate moes deur die leweransiers self gemerk, gebrand en verseël word. Daarna sou dit, sonder inmenging van Kompanjiesamptenare, na die pakhuis gebring word, waar dit sou bly totdat dit deur die leweransiers self per boot na die skepe toe geneem word.

Die leweransiers sou ook verplig word om voor lede van die Raad van Justisie 'n beëdigde verklaring af te lê waarin bevestig word dat die verskeepte Constantiawyn op die bogenoemde wyse van hulle plase af gebring is, deur hulself in die pakhuis gehanteer is, en daarna sonder die inmenging van die Kompanjiesamptenare na die skepe toe vervoer is. Hulle moes ook bevestig dat die wyn gemaak is van wingerdstokke wat op Constantia groei, en dat dit nie met ander wyn gemeng is nie.[82]

'n Afskrif van hierdie beëdigde verklaring moes vir kennisname aan die Kamers van die Kompanjie gestuur word.

---

81. C 457 Inkomende Briewe: Die Kamer van Zeeland - Politieke Raad, 25 Junie 1761, p. 1272.

82. C 54 Resolutien, 19 Januarie 1762, p. 32.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Selfs hierdie maatreëls het nie verhoed dat die wyn wat na Nederland gestuur is, siek geword het nie. In 1780 het die Kamer van Amsterdam gekla dat wyn wat in daardie jaar aan hulle gestuur is, onverkoopbaar was vanweë swak gehalte.(83)

Vir die leweransiers was dit onbegryplik waarom 'n bepaalde wynsoort van dieselfde produsent teen verskillende pryse verkoop is. Op navraag het geblyk dat sodra die wyn in Nederland aankom, die vate oopgemaak word. Die vate waarvan die inhoud siek is, is dan weer gevul en so gelaat tot die dag waarop dit verkoop word.(84) Die gevolg hiervan was dat sekere vate baie van ander kon verskil het ten opsigte van kwaliteit en geur, want die meeste goeie wyne moet teen lug beskerm word, anders word hulle siek of verloor ten minste geur en boeket. Om te verhoed dat die wyn in Nederland siek word, het die leweransiers versoek dat die vate onoopgemaak bly tot die dag waarop hulle verkoop word.(85)

Hendrik Cloete, die toenmalige eienaar van Groot-Constantia, het ook versoek dat die aamvate waarin die Constantiawyn na Nederland vervoer word, in toegespykerde houtkiste verskeep moet word, en dat hulle daarin moet bly tot die dag waarop die wyn verkoop word. Die rede hiervoor was, volgens hom, dat die vate op die skepe teen insekte beskerm moes word, en dat daar ook verhoed moes word dat die vaatwerk beskadig kon word.(86)

Die Here XVII was nie bereid om die vate in kiste te laat

---

83. C 568 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Kamer van Amsterdam, 22 Julie 1783, p. 444.

84. C 77 Resolutien, 8 Februarie 1785, p. 126.

85. C 570 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 9 April 1785, p. 344.

86. C 570 Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 9 April 1785, p. 345.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verpak nie. Dit is volgens hulle vroeër wél gedoen, en toe is bevind dat die kiste met allerhande insekte besmet geraak het. Om te verseker dat die wyn wat in Nederland aankom van 'n goeie kwaliteit is, is die Politieke Raad in 1786 versoek om toe te sien dat vir elke vat wat versend word, óók twee of drie proefbottels met wyn wat uit dié besondere vat getap is, saamgestuur word. Die bottels moes verseël word en van 'n besondere merk voorsien word om te kan vasstel watter bottel by watter vat hoort.(87)

Die Politieke Raad was nie entoesiasties oor die gedagte van proefbottels nie. Die ondervinding het immers geleer dat die Constantiawyn, selfs al is dit gebottel, siek geword het.(88) Dit was een van die redes waarom afgesien is van die ou gebruik om Constantiawyn in bottels na Nederland te versend, aldus die Politieke Raad.

Die keldermeester, Jacobus Johannes le Sueur, is nietemin na die eienaars van Constantia toe gestuur om hulle van die Here XVII se besluite in kennis te stel. Albei leweransiers was bereid om proefbottels met wyn te vul uit die vate wat versend word. Om alle bedenkinge wat in dié verband mag opduik, uit die weg te ruim, het hulle die Politieke Raad versoek dat iemand benoem word in wie se teenwoordigheid die aamvate en proefbottels volgemaak sou word. Hy moes dan 'n verklaring opstel waarin ge-

---

87. C 187 Bijlagen, 25 April 1786, p. 485.

88. C 80 Resolutien, 1 November 1786, p. 1078.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sertifiseer word dat die wyn van 'n goeie kwaliteit is. Cloete en Colyn het weer eens verklaar dat hulle net van hulle allerbeste wyn aan die Kompanjie lewer.(89)

Die Politieke Raad het daarop Le Sueur benoem om teenwoordig te wees wanneer die proefbottels en aamvate volgemaak word.(90)

Op 22 Februarie 1787 het die Keldermeester sy eerste verklaring in dié verband uitgereik. Hy het gesê dat die wyn van 'n goeie kwaliteit was, en die vate sowel as die proefbottels onder sy toesig behoorlik gevul en verseël is.(91)

Wat betref die leweransiers se versoek om die vate tot op die verkoopdatum toe te hou, het die Here XVII geoordeel dat dit nie gedoen kon word nie. Volgens die Kamer van Zeeland sou dit vir die wyn nadelig wees as die vate na 'n lang reis onoopgemaak bly. Die Nederlandse klimaat verskil ook van dié van die Kaap, en as gevolg daarvan moes die vate oopgemaak word.(92) Die tegniese redes vir hierdie stap is nie duidelik nie. Vermoedelik moes die wyn eers akklimatiseer alvorens dit verkoop kon word!

Ten spyte van al hierdie voorsorgmaatreëls het die Here XVII se klagtes in verband met die gehalte van Constantiawyn nooit tydens die Kompanjiestydperk verdwyn nie.

---

89. C 80 Resolutien, 12 Desember 1786, p. 1252.

90. C 80 Resolutien, 12 Desember 1786, p. 1252.

91. C 319 Memorien en Rapporten, 22 Februarie 1787, p. 155.

92. C 470 Inkomende Briewe: Here XVII - Politieke Raad, 28 Desember 1786, p. 1017.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNELYS

1. LITERATUUR:

Beyers, C.: Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde, tweede, hersiene, vermeerderde en geïllustreerde uitgawe. Pretoria, 1967.

Boëseken, A.J.: Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap. Kaapstad, 1945. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1944).

Boëseken, A.J.: Simon van der Stel en sy Kinders. Kaapstad, ens., 1964.

Botha, C.G.: Social Life in the Cape Colony in the 18th Century. Cape Town and Johannesburg, 1926.

Botha, C.G.: The Public Archives of South Africa, 1652 - 1910. Cape Town, 1928.

Collison, (Henry) Ltd.: The Development of the Cape Wine Industry. Cape Town, n.d.

De Kock, M.H.: Selected Subjects in the Economic History of South Africa. Cape Town and Johannesburg, 1924.

De Kock, M.H.: The Economic Development of South Africa. London, 1936.

Geyer, A.L.: Das wirtschaftliche System der niederländischen ostindischen Kompanie am Kap der guten Hoffnung 1785 - 1795. München und Berlin, 1923.

Gie, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika, 2 dele. Stellenbosch, 1924 en 1928.

Godee-Molsbergen, E.C.: Geschiedenis van Zuid-Afrika. Londen, 1910.

Krause, G.J.: Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1955).

Lauts, G.: Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, 1652 - 1806. Amsterdam, 1854.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Le Roux, J.S.: Die sending van die Kommissarisse-Generaal Nederburgh en Frijkenius en toestande in die volksplanting aan die Kaap tydens die verval van die Nederlandse-Oos-Indiese-Kompanjie. (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1932).

Louw, P.K.: Landbou en Veeteelt in die Kaapkolonie. 1795 - 1806 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1949).

Muller, C.F.J. (red.): Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria en Kaapstad, 1968.

Roux, P.E.: Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie (1652 - 1759). Plek en datum onvermeld.

Swart, H.L.G.: Die Ontwikkeling van Handel aan die Kaap tussen die jare 1795 - 1806 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Kaapstad, datum onseker, waarskynlik 1949).

Theal, G.M.: History of South Africa, IV, third edition. London, 1922. (Reproduced facsimile from the "Star" edition by C. Struik, Cape Town, 1964).

Van der Walt, A.J.H., J.A. Wiid en A.L. Geyer, (reds): Geskiedenis van Suid-Afrika, 2 bande. Kaapstad, ens., 1955.

Van Rensburg, J.I.J.: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu, 1652 - 1752. Elsiesrivier, 1954. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1954 DEEL II).

Viljoen, P.J.: Barrow en die Kaapse Koloniste (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1937).

2. LETTERKUNDIGE BRONNE:

Banks, J.: Journal of the right honourable Sir Joseph Banks. London, 1896.

Barrow, J.: An Account of Travels into the Interior of Southern Africa in the year 1797 and 1798, 2 vols. London, 1801 and 1804.

Barrow, J.: A Voyage to Cochinchina in the years 1792 and 1793. London, 1806.

Burchell, W.J.: Travels in the Interior of Southern Africa, 2 vols. London, 1822 and 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Bougainville, L.: A Voyage round the World. London, 1772.

De Jong, C.: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierlande en Noorwegen in de jaaren 1791 tot 1797, 3 dele. Haarlem, 1802.

Forster, G.: A Voyage round the World, vol. I. London, 1777.

Grant, J.: The narrative of a voyage of discovery performed in His Majesty's vessel The Lady Nelson. London, 1803.

Hawkesworth J.: An Account of the Voyage undertaken by the order of his present Majesty for making Discoveries in the Southern Hemisphere, vol. I. London, 1773.

Hop, H.: Nieuwste en Beknopte Beschrijwing van de Kaap der Goede-Hope, Amsterdam, 1778.

Kindersley, N.E.: Letters from the island Teneriffe, Brazil, The Cape of Good Hope and the East Indies. London, 1777.

Le Vaillant, F.: New Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope, in the years 1783, 1784 and 1785 (translated from the French of Monsieur Le Vaillant), 3 vols. London, 1790.

Le Vaillant, F.: Travels from the Cape of Good Hope into the interior parts of Africa (translated from the French of Monsieur Vaillant), 2 vols. London, 1790.

Mentzel, O.F.: A Geographical and Topographical Description of the Cape of Good Hope, vols. II and III. Cape Town, 1925 and 1944. (Van Riebeeck Society, No's. 6 and 25).

Percival, R.: An Account of the Cape of Good Hope. London, 1804.

Sparrman, A.: Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de landen aan den Zuidpool en rondom de Waereld, vol. I. Amsterdam, 1787.

Stavorinus, J.S.: Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macasser, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren 1774 tot 1778, 2 vols. Leyden, 1797 and 1798.

Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia, performed in the years 1770 and 1779, vol. I. London, no date.

3. ARGIVALE BRONNE:

(a) Gedrukte Bronne: Gepubliseerd

De Chavonnes: The Reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff, on the Cape. Cape Town, 1918. (Van Riebeeck Society, No. 1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Mist, J.A.: The Memorandum of Commissioner J.A. de Mist. Cape Town, 1920. (Van Riebeeck Society, No. 3).

Theal, G.M.: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, vol. III. Kaapstad, 1911.

Van den Graaff, Cornelis J.: Memorien van den goewerneur Van de Graaff over de Gebeurtenisse aan de Kaap de Goede Hoop in 1780 - 1806, meegedeel door H.C. Vos Leibrandt en mnr. J.E. Heere. Utrecht, datum onvermeld.

Van Riebeeck, J.: Journal of Jan van Riebeeck, vol. III, 1659 - 1662 (Edited by H.B. Thom). Cape Town and Amsterdam, 1958.

O.P.B. 1/1 British Blue Book 282, 1st May 1827: Reports of the Commissioners of Inquiry, (1) Upon the Administration of the government at the Cape of Good Hope, (2) Upon the Finances at the Cape of Good Hope.

(b) Ongepubliseerd:

(i) Argiefbewaarplek, Kaapstad.

Politieke Raad. (C)

C 26 - C 108 Resolutien, 1731 - 1795

C 154 - C 222 Bijlagen tot de Resolutien, 1753 - 1795

C 252 - C 289 Requesten en Nominatien, 1753 - 1791

C 291 - C 325 Memorien en Rapporten, 1710 - 1791

C 441 - C 477 Inkomende Brieven, 1727 - 1795

C 478 - C 479 Inkomende Brieven, 1793

C 518 - C 573 Uitgaande Brieven, 1728 - 1786, 1794 - 1795

C 623 - C 649 Dagregister 1753 - 1794

C 672 - C 677 Pacht - Conditien, 1740 - 1794

C 683 - C 687 Origineel Placcaatboek, IV - VIII, 1735 - 1795

C 689 Brieven van Commissarissen-Generaal Nederburgh en Frijkenius, I, Aan Raad van Politie, 1792

C 690 Brieven van Commissarissen-Generaal Nederburgh en Frijkenius, II, 1792 - 1793

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C 695 Verslag van Nederburgh en Frijkenius, II, 1792 - 1793

C 696 Verslag van Nederburgh en Frijkenius, II (Bijlagen), 1792 - 1793

C 698 Brieven en Papieren van A.J. Sluysken aan de Gecommitteerdens, I

C 710 Instructien hier gelaten door Generaal van Imhoff met Bijlagen, 1743

C 727 Placcaaten raackende de Walvisfangst en particuliere Vaart, 1792

C 735 Rapport van Goeverneur van Plettenberg over Burger Memorie, 1781 - 1782

C 736 Memorie Gedaan aan Vergadering van XVII door Kaapsche Vrijburgers, 1782

C 737 Nadere Memorie van Kaapsche Vrijburgers, 1782

C 742 - C 745 Kaapsche Geschillen, I - IV, 1779 - 1785

C 761 Memorie boekje der verpagtingen van's lands inkomsten, 1744 - 1778

Verbatim Copiën

V C 36 Rapporten der Commissarissen, Twaalf Stukken, 1657 - 1764

V C 58 Theal, G.M.: Documents copied by dr. G.M. Theal. London, 1895

V C 104 Eene Generaale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop en de Vier Districten waaruit dezelve is zamentgesteld, I. Outeur onbekend, datum waarskynlik 1790 - 1800

Varia

J 166 - J 194 Opgaafrollen 1753 - 1795

A C C 457 Cloete Papers

First British Occupation (B.O.)

B.O. 47 Letters and Annexures, 1795 - 1802

Stellenbosch Argief (St.).

St. 16/126 Summaria der Opgaven, 1741 - 1809

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(ii) Argief van die Sinode van die N.G. Kerk, Kaapstad.

G 1 13/1 Kaapstad Huwelik, 1713 - 1756

G 2 7/1 Stellenbosch Huwelik, 1700 - 1788

(iii) Akteskantoor - Kaapstad.

Transporten en Schepenen-Kennissen, Januarie - Desember 1716

Transporten en Schepenen-Kennissen, Januarie - Desember 1734

Transporten en Schepenen-Kennissen, Januarie - Desember 1759

Transporten en Schepenen-Kennissen, Januarie - Mei 1776

Transporten en Schepenen-Kennissen, Januarie - Junie 1778

Transporten en Schepenen-Kennissen, Julie - Desember 1778

(iv) Algemeene Rijksarchief, Den Haag, Nederland.

(Skrywer het nie self die Algemeene Rijksargief in Den Haag besoek nie en die inligting uit ondergenoemde bronne is opgediep en afgeskryf deur prof. D.J. Kotzé, professor in die Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch).

K.A. 4298 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1787, vol. II

K.A. 4304 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1788

K.A. 4310 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1789, vol. III

K.A. 4317 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1790, vol. III

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

K.A. 4329 Brieven en Papieren van de Caab overgekomen 1792, vol. II

O.I. Committe Oost-Indische Bezittingen en de Kaap, 1796 - 1813, vols. 134 - 136